

**DIE BENUTTING VAN
DIERGEFASILITEERDE SPELTERAPIE
MET DIE LEERDER MET OUTISME.**

Elsie Sophia Rinquest

**voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad**

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE - RIGTING)**

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: Dr C.H.M. Bloem

Junie 2005

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

Inleidende Oriëntering

1.1	Inleiding	10
1.2	Motivering vir die keuse van die onderwerp	11
1.3	Probleemformulering	13
1.4	Doel en doelwitte	13
1.5	Navorsingsvraag vir die studie	14
1.6	Navorsingsbenadering	15
1.7	Soort navorsing	17
1.8	Navorsingsontwerp	17
1.9	Navorsingsprosedure en werkwyse	18
1.10	Die voorondersoek	19
1.11	Omskrywing van universum, steekproef en steekproefprosedure	21
1.11.1	Universum	22
1.11.2	Die steekproef en steekproeftrekking	22
1.12	Etiese aspekte	24
1.13	Definisies van hoofkonsepte	28
1.14	Leemtes en probleme wat tydens die studie ervaar is	30
1.15	Indeling van die navorsingverslag	31
1.16	Samevatting	32

HOOFSTUK 2

Outisme

2.1	Inleiding	34
2.2	Kliniese beeld van outisme	34
2.2.1	Oorsaaklike faktore	37
2.2.2	Karakterieenskappe van outisme	38
2.2.2.1	Erge vertraging in taalontwikkeling en kommunikasie	38
2.2.2.2	Vreemde sensoriese reaksies	39
2.2.2.3	Ongewone intellektuele funksionering	40
2.2.2.4	Merkbare beperkinge in aktiwiteite en belangstellings met ongewone gedrag en sosialisering	40
2.2.2.5	Aspekte van normale ontwikkeling teenoor vroeë ontwikkeling in leerders met outisme	41
2.2.3	Prognose	46
2.2.4	Hulpverleningstrategie	46
2.2.4.1	Hulpverlenings tegnieke beskikbaar	48
i)	TEACCH (Treatment and Education of Autistic and related communications handicapped children)	49
ii)	Applied behaviour analysis (ABA)	49

iii)	Die "AZ" metode	50
iv)	Uitkomsgebaseerde onderwys	51
v)	Dieët intervensie	51
vi)	Makaton	52
vii)	"Auditory Integration Training" (AIT)	52
viii)	"Theory of mind"	53
ix)	Gedragsintervensie	53
x)	Sensoriese integrasie en outisme	54
xi)	Werksvoorbereiding en outisme	55
xii)	Breinoefeninge ("Brain Gym")	55
xiii)	Musiek	56
xiv)	Euritmiek	57
xv)	Liggaamlike opvoeding	58
xvi)	Uitstappies	58
xvii)	PECS: The Picture Exchange Communication System	59
2.3	Samevatting	59

HOOFSTUK 3

Die gestaltbenadering in die verstaan van die kind met outisme

3.1	Inleiding	61
3.2	Begripsoms krywing van die toepaslike konsepte in die gestaltbenadering	63
3.2.1	Bewustheid	63
3.2.1.1	Sensoriese bewustheid	64
3.2.2	Kontak en kontakgrens	66
3.2.3	Holisme	67
3.3	Doelstellings van gestaltterapie binne die konteks van outisme	68
3.3.1	Versterking van bewuswording	70
3.3.2	Weerstand teen bewusmaking en kontak	71
3.3.2.1	Introjeksie	72
3.3.2.2	Projeksie	73
3.3.2.3	Samevloeiing	73
3.3.2.4	Desensifisering	74
3.4	Sensoriese kontakmaking	74
3.5	Sones van bewustheid	76
3.5.1	Die innerlike sone	77
3.5.2	Die uiterlike sone	77
3.5.3	Die middel sone	78
3.6	Samevattend	79

HOOFSTUK 4

Diergefasiliteerde terapie

4.1	Inleiding	80
4.2	Die waarde van mens-dier verhoudings	82

4.2.1	Diere as agente vir sosialisering	82
4.2.2	Diere as hulpmiddel binne psigoterapie	82
4.2.3	Diere, ontspanning en sosiale ondersteuning	83
4.3	Die benutting van diergefasiliteerde terapie	84
4.4	Die benutting van diere as terapeutiese agente	85
4.5	Diere tuis in diens van kinders wat ongeskik is	86
4.5.1	Etniese oorwegings vir diens-diere	87
4.6	Perdry programme en terapeutiese perdry	87
4.7	Interaksie tussen gesondheid en welsyn	87
4.8	Die uitwerking van interaksie met diere	88
4.9	Psigososiale voordele van diere	89
4.9.1	Benutting van diere tydens eensaamheid en depressie	90
4.9.2	Die benutting van diere ten einde 'n voorbeeld te stel	90
4.9.3	Die benutting van diere ten einde te kalmeer	90
4.10	Riglyne met die benutting van diergefasiliteerde terapie in 'n outisme-konteks	91
4.10.1	Die verskaffing van diergefasiliteerde aktiwiteite of diergefasiliteerde terapie	91
4.10.2	Keuring van diere	91
4.10.2.1	Honde	92
4.10.2.2	Katte	93
4.10.2.3	Perde	94
4.10.2.4	Voëls, klein soogdiere en visse	95
4.11	Standaarde vir seleksie van diere in die outisme konteks	96
4.11.1	Standaarde	96
4.11.1.1	Betroubaarheid	96
4.11.1.2	Voorspelbaarheid	97
4.11.1.3	Hanteerbaarheid	97
4.11.1.4	Geskiktheid	97
4.12	Gevolgtrekking	98

HOOFSTUK 5

Navorsingsresultate: Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings

5.1	Inleiding	100
5.2	Insameling, ontleding en interpretering van kwalitatiewe data vir die studie	101
5.2.1	Strategie vir data-insameling vir gevallestudies	101
5.2.2	Empiriese resultate	103
5.3	Beskrywing van gevallestudie 1: Wessel	103
5.3.1	Biografiese Gegewens	103
5.3.1.1	Agtergrondgeskiedenis	103
5.3.1.2	Diergefasiliteerde speltherapeutiese sessies	104
5.3.1.3	Evaluering van die benuttingswaarde met betrekking die kind se innerlike proses	106
5.4	Beskrywing van gevallestudie 2: Malindi	106
5.4.1	Biografiese gegewens	106
5.4.1.1	Agtergrondgeskiedenis	107

5.4.1.2 Diergefasiliteerde spelterapeutiese sessies	107
5.4.1.3 Evaluering van die benuttingswaarde met betrekking tot die kind se innerlike proses	108
5.5 Beskrywing van gevallestudie 3: Elana	108
5.5.1 Biografiese gegewens	108
5.5.1.1 Agtergrondgeskiedenis	108
5.5.1.2 Diergefasiliteerde spelterapeutiese sessies	109
5.5.1.3 Evaluering van die benuttingswaarde met betrekking tot die kind se innerlike proses	110
5.6 Beskrywing van Gevallestudie 4: Marius	110
5.6.1 Biografiese Gegewens	110
5.6.1.1 Agtergrondgeskiedenis	110
5.6.1.2 Diergefasiliteerde spelterapeutiese sessies	111
5.6.1.3 Evaluering van die benuttingswaarde met betrekking tot die kind se innerlike proses	112
5.7 Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings	112
5.7.1 Evaluering van die navorsingsmetodiek wat gevolg is	112
5.7.2 Algemene gevolgtrekkings	113
5.7.3 Evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van bepaalde aspekte in Hoofstuk 1	113
5.7.4 Belangrike aspekte wat vanuit die navorsing na vore gekom het	115
5.7.5 Beperkings en leemtes wat gedurende die studie ondervind is	116
5.8 Aanbevelings	117
5.9 Slotopmerkings	118
6. Bibliografie	119

FIGURE

Figuur 2.1 “Pervasive Development Disorder Spectrum”	35
Figuur 3:1 Die bewustheidskringloop	69
Figuur 5.1 Die proses van data-insameling deur middel van gevallestudies	102

TABELLE

2.1 Ontwikkeling van Taal en kommunikasie	42
2.2 Komponente wat dui op Ontwikkeling van die verbeelding	43
2.3 Komponente wat dui op Sosiale Interaksie	44

DANKBETUIGINGS

Ek wil graag my dank betuig aan die personeel van die Spel terapie-sentrum in Wellington en in besonder aan dr. Retha Bloem wie se hulp en positiewe houding alles so glad laat verloop het.

Dankie aan my familie, my man Kenny vir sy gewillige hulp en die ondersteuning van my dogters Madré en Elzahn.

Dankie aan die leerders van Vera Skool met wie ek die waarnemings kon doen, asook my klashulp, Veneta, vir haar getroue bystand.

Dankie aan dr. Piet Louw vir die taalversorging op so 'n kort kennisgewing.

OPSOMMING

Die doel met dié ondersoek is om deur diergefasiliteerde terapie aan die kinders met outisme 'n alternatiewe manier te bied waardeur kommunikasie en sosialisering kan plaasvind.

Omdat kinders met outisme nie deur middel van die gewone onderwys tot die bereiking van volwaardige volwassenheid gelei kan word nie, is afsonderlike voorsiening van uiters gespesialiseerde opvoeding en onderwys noodsaaklik.

In enige bespreking van outisme is dit belangrik om die volle komplikasies van dié verskynsel te begryp, juis omdat die vermoë om intieme verhoudings met die medemens aan te knoop, wat so 'n wesenskenmerk van die mens is, heeltemal by die kinders met outisme ontbreek. Die opvoeder mag hom egter nie blind staar op definisies en klassifikasies en sodoende die besondere noodsituasie van elke individuele kind met outisme uit die oog verloor nie.

Outisme verhinder 'n kind nie slegs om spontaan tot die wêreld om hom toe te tree nie, maar strem ook sy volwassewording. Vir die betrokke wat dié gestremdheid ervaar, bring outisme 'n gebrek aan kommunikasie mee en dit veroorsaak 'n versteurde dialoog met die wêreld soos geopenbaar deur die kind met outisme se eienaardige en ongewone gedrag. Omdat talle probleme wat die kind met outisme in sy wordingsjare ondervind aan sy onstabiele affektiewe lewe, onvermoë om medemenslike verhoudinge aan te knoop, sy taal-, spraak- en kommunikasiegebreke en sy gebrekkige sensoriese ingesteldheid toegeskryf kan word, is daar in hierdie ondersoek gepoog om deur die gebruikmaking van diere hierdie leemte te probeer vul.

ABSTRACT

The aim with this research is to present children with autism an alternative method through animal assisted therapy to communicate and socialize.

Since children with autism cannot be guided to mastery of full maturity by means of the ordinary education system, separate provision of highly specialized formative and formal education is essential.

Autism prevents a child from reaching out to the world and other people. Autism implies a lack of communication with others and entails a disturbed dialogue with the world. This is revealed by the strange and odd behaviour of the child with autism. The aim of this research is to use animal assisted therapy to bridge the gap between numerous problems experienced by the child with autism ascribed to his inadequate affective life, inability to form relationships with others, his language, speech and communication problems and poor sensory integration.

Key Terms

Animal Assisted Therapy; Play Therapy; Autism; Learner with Autism; Awareness; Contact; Holism; Introjection; Projection; Confluence.

VERKLARING

“ Ek verklaar hiermee dat die navorsing oor Die benutting van diergefasiliteerde speltherapie met die leerder met outisme my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.”

Hoofstuk 1

INLEIDENDE ORIËNTERING

1.1 Inleiding

Kanner het in 1943 'n kliniese beskrywing van die leerder met outisme gegee deur te sê dat hierdie kind oor "outistiese steurnisse wat hulle verhoed om effektiewe kontak te maak" beskik. Outisme is 'n lewenslange ontwikkelingsgebrek wat gedurende die eerste 3 jaar na geboorte weens 'n organiese of neurologiese steuring wat die brein se funksie beïnvloed, voorkom.

Outisme word as een van die raaiselagtigste, oorbluffendste en ernstigste gestremdhede wat by die kind kan voorkom, beskou. Waar dit in die verlede by uitstek die psigiater en psigiatriese verpleegpersoneel was wat hulle met die waarneming, diagnose, behandeling en inligtingsversorging van hierdie kind bemoei het, het dit veral gedurende die afgelope vier dekades ook die arbeidsterrein geword van persone gemoeid met die kind op alle vlakke van funksionering. Dit sluit onder meer spesiale onderwys, maatskaplike werk, sielkunde, arbeidsterapie en ook die geloofsdimensie in.

Die wanopvatting, uit die verlede, dat die kind met outisme sogenaamd onbereikbaar, onopvoedbaar en ononderrigbaar is en daarom permanent in 'n inrigting geplaas moet word, is vandag net geskiedenis. Hierdie persepsie het deur die betrokkenheid van al die verskillende rolspelers wel verander.

Tans is dit 'n bykans wêreldwye verskynsel dat daar, benewens die versorgingsaspek, ook vir die kind met outisme op alle vlakke van sy funksionering voorsorg getref word. So word daar byvoorbeeld in Suid Afrika gepoog om die opvoedings- en onderwysbehoefte van leerders met outisme uit te lig en riglyne te bied vir die daarstelling van doeltreffende onderwys op rasionale grondslag. Langs hierdie weg kan daarna gestreef word om hierdie kind se sluimerende

moontlikhede toereikend te verwesenlik. Jordan (1999:5) ondersteun hierdie stelling as hy noem: *“All we can say for certain is that autism is a life-long condition but that there may, of course, be considerable improvement over time, especially with appropriate education”*.

Ten einde 'n inleidende agtergrond as teoretiese vertrekpunt vir hierdie navorsingsverslag te bied word die mees prominente karaktereenskappe van outisme kortliks soos volg uiteengesit:

- Erge vertraging in taal-ontwikkeling en kommunikasie,
- Vreemde sensoriese reaksies,
- Ongewone intellektuele funksionering, en
- Merkbare beperkinge in aktiwiteite en belangstellings met ongewone gedrag (beperk, stereotiep, herhalend)
- Sosialisering en beperking met betrekking tot sosiale interaksie.

Elk van hierdie karaktereenskappe sal deur die loop van die navorsingsverslag meer duidelik bespreek word.

Aangesien hierdie karaktereenskappe sowel die kind met outisme as die kern gesin van die kind tot so 'n mate kortwiek dat normale funksionering onmoontlik mag raak, is dit nodig dat volgehoue oplossings en alternatiewe gesoek moet word. Deur middel van hierdie navorsingsverslag sal die navorser poog om 'n sinvolle oplossing vir sommige aspekte van hierdie problematiek daar te stel.

Die navorser fokus op die benutting van diergefasiliteerde terapie as dinamiese alternatief vir die kind met outisme deur dit te verken, te ondersoek en te beskryf. Die uitgangspunt is dus dat outisme behandel kan word, maar nie geneesbaar is nie. Die navorser se doel met hierdie navorsing is om deur diergefasiliteerde speltherapie, die leerder met outisme te bemagtig en so sy lewenskwaliteit te verhoog.

1.2 Motivering vir die keuse van die onderwerp

Delport (2002:49) bepleit 'n paradigroverskuiwing waar van praktiese probleemoplossende navorsing na sosiaalwetenskaplik gefundeerde navorsing beweeg moet word, ten einde 'n bydrae te lewer in die uitbouing van die teoretiese kennisbasis binne hulpverlening aan die kind.

Aangesien die navorser daaglik in skoolverband met leerders met outisme in kontak is en daar voortdurend op soek is na nuwe en ander metodes om hul lewenskwaliteit te verbeter, het die keuse geval op diergefasiliteerde spel terapie as behandelingsmetode. Die navorser se persoonlike belangstelling en liefde vir diere was deurslaggewend in haar keuse vir navorsing.

Die filosoof en skrywer, Milian Kundera in van Heerden (2002) maak die volgende stelling:

"True human goodness, in all its purity and freedom, can come to the fore only when its recipient has no power. Mankind's true moral test, its fundamental test (which lies deeply buried from view), consists of its attitude towards those who are at its mercy: animals. And in this respect mankind has suffered a fundamental debacle, a debacle so fundamental that all others stem from it".

Volgens van Heerden (2002) word gestremdes dikwels weerhou van gereelde interaksie met ander mense. Die teenwoordigheid van byvoorbeeld 'n hond by 'n gestremde persoon moedig spontane kontak deur ander mense aan. Sy noem: *"Hierdie natuurlike kontak verbreek die gevoel van isolasie waarin die gestremde hom so dikwels bevind en bied ook geleentheid vir die nie-gestremde om te ervaar dat gestremdes, ten spyte van hul fisieke (en ander) beperkings, 'n sinvolle lewe kan lei. Die feit dat geselskapdiere geen vooroordele ten opsigte van gestremdheid het nie en die gestremde volkome aanvaar, bied waarskynlik die grootste sielkundige voordeel in hierdie verband".*

Hieruit kan die benuttingswaarde van diere deeglik gesien word. Camp (1997:1) noem: *"Five service dog owners were observed and interviewed on multiple occasions using an ethnographic approach. The results were "...closer than family; increased social contact, personal skill development, having fun, responsibility, adjustment, challenges, independence, someone to watch over me".*

Bogenoemde stellings dien dus as motivering vir die navorser om binne die omgewing waarin sy werk (Vera-skool vir outisme) diegefasiliteerde terapie aan te wend waardeur ander leerders met outisme ook kan baat vind. Hierdie navorsingsveld is onderbenut en die moontlikhede in klasverband is nog onbekend. Die navorsingsproses sal dus gevolglik 'n bydrae lewer tot beter begrip van outisme en die verhoogde lewenskwaliteit van die leerder met outisme. Dit is egter belangrik om met die oog op navorsing 'n verantwoordbare probleem te formuleer wat die rigting van die navorsing sal bepaal.

1.3 Probleemformulering

Die benutting van diegefasiliteerde speltherapie met die leerder met outisme binne klasverband is 'n onbekende veld binne hulpverlening aan hierdie kinders. Die probleem vir hierdie studie kan dus soos volg geformuleer word.

Daar bestaan tans weinig opgetekende navorsing oor die benuttingswaarde van diegefasiliteerde speltherapie met die leerder met outisme. Die feit dat hierdie veld dus weinig verken is, mag impliseer dat die gebruik daarvan onderbenut word.

Hierdie bestaande tekortkoming binne die literatuur noop die navorser om 'n duidelik gestruktureerde doel en doelwitte te formuleer waarbinne die probleem sinvol aangespreek kan word.

Vanuit bogenoemde probleemformulering is dit dus duidelik dat daar 'n behoefte aan navorsing in hierdie verband is en dit is dan ook die fokus van hierdie studie.

1.4 Doel en doelwitte

Vanuit navorsingsliteratuur kan die onderskeid tussen doel en doelwit duidelik uiteengesit word. In Fouchè (2002:107) word verwys na die Webster's Third International Dictionary waar doel verwys na "*the end toward which effort or ambition is directed: aim, purposes*". Hieruit word die afleiding

gemaak dat 'n einddoel nodig is. In Fouchè (2002:107) word die doel, doelstelling of oogmerk as die "droom" versinnebeeld terwyl die doelwit die stappe impliseer wat gedoen moet word om hierdie droom te laat materialiseer. Ten einde by 'n resultaat uit te kom, moet 'n doel met doelwitte geformuleer word.

Die doel vir die studie kan soos volg geformuleer word:

Om die benutting van diergefasiliteerde terapie met die leerder met outisme wetenskaplik te beskryf ten einde die benuttingswaarde daarvan te ontsluit.

Om hierdie oorhoofse doel te bereik kan die volgende prakties implementeerbare doelwitte gestel word:

- Om die aard, omvang en invloed van outisme op normale kinderontwikkeling te ondersoek en te beskryf;
- Om 'n beskrywing van die kliniese beeld van die kind met outisme te gee ten einde die toepaslikheid daarvan binne die studie te motiveer;
- Om die reeds bestaande literatuur van diergefasiliteerde terapie te bestudeer en sinvolle korrelasie binne die konteks van outisme te trek;
- Om die metodiek van die gestaltbenadering te beskryf ten einde die toepaslikheid daarvan binne die studie te motiveer;
- Om die benuttingswaarde van diergefasiliteerde speltherapie deur middel van gevallestudies te beskryf;
- Om tot sinvolle aanbevelings en gevolgtrekkings te kom ten einde die kennisbasis van die beroepspad te verbreed en 'n hulpmiddel vir ander beraders, terapeute en opvoedkundiges binne spesiale onderwys te kan bied.

1.5 Navorsingsvraag vir die studie

Binne die voorgenome studie het die navorser van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak. Die kwalitatiewe komponent leen hom tot die formulering van 'n navorsingsvraag.

Binne kwalitatiewe navorsing fokus die navorsingsvraag op die fenomeen wat nagevors word. Dit is verder veronderstel om aan die leser 'n duidelike beeld te gee van wat die navorser spesifiek wil weet rondom die onderwerp van studie. Ten einde die doel van die studie te bereik, is dit noodsaaklik om alle moontlike eenhede van ontleding wat betrekking het tot die doel van die studie te bestudeer en te beskryf. Binne kwalitatiewe navorsing kan hierdie proses tot sy reg kom. Hierdie standpunt word deur Fouché (2002b:119) soos volg ondersteun:

"... using qualitative methods usually does not have a precisely delimited problem statement or precise hypothesis. One purpose of qualitative methods is to discover important questions, processes and relationships and not to test them. In many qualitative proposals, the problem statements develop logically from the review of the literature".

Binne hierdie studie is die volgende navorsingsvraag dus relevant:

Wat is die benuttingswaarde van diergefasiliteerde speltherapie met die kind wat presenteer met outisme binne klasverband?

1.6 Navorsingsbenadering

Die navorsingsbenadering toepaslik vir hierdie studie is 'n kwalitatiewe benadering. McRoy in Fouché en Delport (2002 : 79) sê dat:

"...the qualitative paradigm stems from an antipositivistic, interpretative approach, is idiographic and thus holistic in nature, and aims mainly to understand social life and the meaning that people attach to everyday life. The qualitative research paradigm in its broadest sense refers to research that elicits participant accounts of meaning, experience or perceptions. It also produces descriptive data in the participant's own written or spoken words".

Ter motivering vir die gebruik van die kwalitatiewe benadering vir hierdie studie kan die volgende aangevoer word:

- Die studie word gekenmerk deur 'n sterk klem op die gebruik van literatuur, en die sistematiese ontleding van toepaslike literatuur vir die beantwoording van die navorsingsvraag.

Die navorser wil deur 'n kwalitatiewe studie onderneem om die waarde van die gefasiliteerde terapie met die kind met outisme te beskryf en daaruit relevante aanbevelings ten opsigte van die verbetering van die lewenskwaliteit van hierdie kinders maak.

Kwalitatiewe navorsingskomponente wat in hierdie studie gebruik is, word deur Tesch (1992:55) beskryf as die proses wat navorsers gebruik om inligting in te samel wat nie op numeriese wyse uitgedruk kan word nie. So word kwalitatiewe navorsing ook deur Schurink (1998:240) beskryf as die benadering wat fokus op die kwaliteite van menslike gedrag soos onder meer *kenmerkende* aspekte teenoor die kwantifiseerbare *meetbare* aspekte van menslike gedrag. Ter motivering vir die gebruik van die kwalitatiewe benadering vir hierdie studie kan die volgende aangevoer word:

- Die studie word gekenmerk deur 'n sterk klem op die gebruik van literatuur, en die sistematiese ontleding van toepaslike literatuur vir doelbereiking in die studie.
- Die studie besit 'n induktiewe beredeneringswyse. Die literatuur is bestudeer ten einde 'n struktuur of voorbeeld van terapeutiese intervensie daar te stel wat deur mede professionele persone gevolg kan word om sin binne hulpverlening aan die kind met outisme te vind.
- Die studie het ruimte gelaat vir die belewenis van die navorser en die waarde-oriëntasie waaruit die navorser werk.

1.7 Soort navorsing

Die omskrywing van die tipe navorsing wat die doel, die benadering en navorsingsvraag die beste komplimenteer, kan in hierdie studie geïdentifiseer word as toegepaste navorsing met 'n beskrywende aard.

1.8 Navorsingsontwerp

Binne die konteks van kwalitatiewe navorsing verwys Fouchè en Delpont (2002:90) eerder na strategie as ontwerp. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat 'n strategie nie die beweeglikheid van die werkwyse inperk nie en dus ook toepaslik binne die navorsingsproses van hierdie studie sou wees.

Die navorsings strategie wat vir hierdie studie gevolg sal word, kan beskryf word as 'n tradisionele kwalitatiewe strategie waar die struktuur van navorsing nie volgens 'n spesifieke metode of resep gevolg word nie, maar waar die navorser reeds sy einddoel in die oog het en 'n wetenskaplike strategie volg om sy doel te bereik. Daar is dus geen spesifieke resep nie. Fouchè (2002:270) voer aan dat *"..in qualitative research the researcher's choices and actions will determine the design or strategy. Put more simply, qualitative researchers will, during the research process, create the research strategy best suited to their research, or even design their whole research project around the strategy selected.* Fouché (2002:272) noem dat Creswell (1998) slegs vyf tradisies omtrent die navorsingsontwerp geïdentifiseer het en wat volgens hom verskillende dissiplines verteenwoordig het, fyner besonderhede van prosedures het, die populariteit bewys was en dit word gereeld gebruik. Hierdie vyf strategieë is:

- a. *Biografie;*
- b. *Fenomenologie;*
- c. *Gegronde Teorie;*
- d. *Etnografie; en*

e. Gevallestudie

Aangesien die benuttingswaarde van diergefasiliteerde speltherapie beoordeel moet word, sal die toepassing van die kliniese intervensies die beste deur middel van gevallestudies omskryf kan word. Hierdeur kan die diepe, ryke toepassing van metodes en tegniek binne 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse aan die leser weergegee word.

'n Gevallestudie moet volgens Creswel, in Fouché (2002:275) gesien word as 'n in diepte ondersoek van 'n sisteem wat gebind word deur tyd en plek en wat enkel of meervoudig is, oor 'n tydperk. Babbie en Stake in Fouché (2002:275) voer aan en lig uit ... "there is little consensus on what may constitute a case or "bounded system" in the words of Creswell. The case being studied can refer to a process, activity, event, programme or individual or multiple individuals. It might even refer to a period of time rather a particular group of people". Hieruit kan dus afgelei word dat die mees toepaslike navorsingstrategie vir hierdie studie 'n gevallestudie sal wees. Die bevindinge en beskrywings vind plaas deur 'n uitgebreide indiepte dataversameling metode wat verskillende vorme van waardevolle inligting bevat.

1.9 Navorsingsprosedure en werkwyse

Vir die doeleindes van hierdie navorsing was 'n navorsingsprosedure gevolg waarbinne die aard van diergefasiliteerde terapie en die benutting daarvan duidelik en stapsgewys oor 'n tydperk van twee jaar opgeteken is. Die ongestruktureerde een-tot-een onderhoud, genoem die terapeutiese intervensie, d.m.v. onderhoudvoering sal in hierdie geval die mees toepaslike werkwyse wees.

Die doel van hierdie onderhoude was dus om die hulpverleningsproses op te teken ten einde aan die leser 'n duidelike oorsig te bied van hoe en wat benut is binne die konteks van die studie.

'n Ongestruktureerde een-tot-een onderhoud wat ook beskryf word as die "indiepte onderhoud" se doel is grotendeels om gesprek uit te brei en te formaliseer en ook die leerder met outisme se woordeskat uit te brei, maar die belangrikste is om kommunikasie te prikkel deur middel van die benutting van diere. Die doel is nie om antwoorde te kry of om te evalueer nie, maar om die kind

met outisme se ervaring te verstaan. Dit is gefokus en laat die navorser en die deelnemer toe om te eksperimenteer. Die ondervindings wat aangeteken is was dus meer werklik van aard. Hierdie tipe onderhoud word gebruik om inligting uit te lig en sodoende die deelnemer se punt, genot en vertolking te verstaan.

Die navorser het gebruik gemaak van die volgende diere:

- 'n Hond,
- hase,
- voëls,
- muis en
- visse.

Die keuse vir die diere is omdat dit die mees algemene troeteldiere is wat aangehou word, die maklikste is om te hanteer en ook die maklikste vergrygbaar is.

Aangesien sommige kinders met outisme wat gebruik is meestal oor egolaliese taalvermoëns beskik, of oor 'n beperkte woordeskat beskik, was dit moeilik om aan hul ingewikkelde vrae te stel en selfs antwoorde te verwag. In die begin is daar grotendeels ge-eksperimenteer om die respondente se aangevoeling en bereidwilligheid waar te neem en te verstaan.

Alhoewel dit mag blyk dat die kind met outisme soms toon asof hul nie verstaan nie, is dit wel baie belangrik om hul voor te berei op enige verandering wat in hul daaglikse roetine sou voorkom. Die benutting van diere binne kontak met hierdie kinders het verandering in hul daaglikse roetine meegebring en het spesifieke voorbereiding van die navorser geverg. Ter voorbereiding vir die benutting van die diere is diere vooraf gereeld saam na die klaskamer geneem ten einde die respondente aan die teenwoordigheid van diere bloot te stel.

1.10 Die voorondersoek

Alvorens die navorsing 'n aanvang kon neem, moes 'n deeglike voorondersoek geloods word. Hierdie voorondersoek het die basis vir die navorsing gelê en was vir die navorser van hulp met die selektering van komponente wat ingesluit moes word in die navorsing. Hierdie komponente sluit

die evaluering van die uitvoerbaarheid van die ondersoek, die literatuurstudie en konsultasie met kundiges in.

- **Uitvoerbaarheid van die ondersoek**

Deur met die kinders te werk kan die subjektiewe waarneming 'n positiewe uitwerking op die kind se funksionering hê. Derhalwe het die navorser die navorsing so gestruktureer dat die benuttingswaarde van diegerfasiliteerde speltherapie ten beste beskryf word. In die voorondersoek is daar gekyk na die leerder met outisme en die praktiese uitvoerbaarheid van navorsing met hierdie spesiale groep respondente. Die navorser het ook na die normale ontwikkeling van die kind gaan kyk sodat die tekortkominge of soms die veranderde benadering van die leerders met outisme duidelik sou wees. Aangesien bewuswording en sensoriese integrasie so 'n belangrike deel vorm van die diegerfasiliteerde terapie en vir die leerder met outisme, was dit noodsaaklik om te bepaal of dit prakties uitvoerbaar sou wees. Deur gesprekke met ouers wie se kinders ingeskakel sou word by die navorsingsgroep kon die navorser 'n beter en duidelike beeld vorm van die respondente se moontlike reaksies en vermoëns om op die beplande navorsing te reageer.

- **Literatuurstudie**

Uitgebreide literatuurondersoeke oor 'n tydperk van twee jaar waarbinne die hele spektrum van outisme, leerders met spesiale onderwysbehoefte, kinderontwikkeling, diegerfasiliteerde terapie, inleiding tot en metodologie van speltherapie, spelterapeutiese tegnieke, interdisiplinêre benaderings tot hulpverlening aan die kind met outisme en navorsingsmetodiek, bestudeer is, is geloods. Verder is resente tydskrifartikels bestudeer wat 'n basiese onderbou aan die navorser verskaf waarbinne sowel die konteks van die studie bepaal is asook die lewensvatbaarheid van die studie vasgestel kon word.

Die bestudering van literatuur was dus die grondslag van die navorsing. Dit het ook die basis gevorm vir die navorsingsmetodes wat gevolg is en het 'n struktuur aan die ondersoek gebied. Ten einde die studie wetenskaplik en teoreties gefundeerd te kon afhandel, was dit van wesenlike

belang dat die navorser 'n volledige literatuurstudie rakende die onderwerp sou doen. In Berg (1998:148) word genoem dat "... *the basic intention of a literature review is to give a comprehensive review of previous works on the general and specific topics considered in the report*".

Hierdie komponente is binne die konteks van die doel en doelwitte van die studie geplaas. Ten einde die toepaslikheid van hierdie komponente te waarborg is 'n konsultasieproses waar kundiges genader is, gefasiliteer ten einde die navorser 'n objektiewe beeld oor die komponente wat bestudeer is, te bied.

- **Konsultasie met kundiges**

Na aanleiding van die komponente wat vanuit die literatuurondersoek as belangrik uitgestaan het, is kundiges van Unisa, doelgerig geselekteer. Hierdie kundiges het verseker dat die geselekteerde komponente vir die navorsing verpraktiseer kon word en op die kind met outisme afgestem is.

Vanweë die kenmerkend kwalitatiewe aard is die navorser se persoonlike vermoë vir die uitvoering van die studie ook geëvalueer. Die verloop van die studie is binne 'n tydsbestek van twee jaar gedoen waar daar in die verloop van die proses ook op intellektuele vlak na definiëring, herdefiniëring, analisering en literatuurvergelyking tot 'n proses van verslagskrywing gevorder kon word.

1.11 Omskrywing van universum, steekproef en steekproefprosedure

Die studie is in die reël onderneem met die oog daarop om die benutting van diergefasiliteerde terapie met die kind wat presenteer met outisme weer te gee. Hierdie proses moes egter geskoei word op 'n wetenskaplik betroubare werkwyse. Die teoretiese komponent van die studie is soos reeds vroeër genoem deur middel van 'n omvattende literatuurondersoek en konsultasie met kundiges afgehandel. Die empiriese komponent van die studie word aangespreek in die navorsingsdoelwitte wat so geformuleer is dat die inligting wat in die studie reflekteer, ook verband hou met die realiteit in die praktyk. So is die navorsingsdoelwitte dus afgestem op hierdie

empiriese komponent, waar respondente betrek word in 'n kwalitatiewe gevallestudies deur middel van intervensie (terapie). Dit is egter belangrik om na die omskrywing van die universum, steekproef en steekproefprosedure te kyk ten einde 'n volledige beeld van dit wat binne die empiriese deel van die navorsing gedoen is, te vorm.

1.11.1 Universum

Met universum verwys Arkava en Lane in Strydom en Venter (2002:198) na "*all potential subjects who possess the attributes in which the researcher is interested*". Hieruit kan afgelei word dat die universum die totale populasie van die verskynsel of gebeure wat bestudeer word, insluit. Die universum vir die ondersoek bestaan dus uit alle kinders wat presenteer met outisme in die Republiek van Suid-Afrika. Ten einde by die operasionalisering van die doelwitte te kom, kan twee redes aangevoer word waarom die totale universum nie binne die studie betrek kon word nie. Hierdie redes is soos volg:

- die grootte of hoeveelheid respondente was nie 'n werkbare eenheid vir die studie nie. Daar bestaan ook geen rede hoekom 'n steekproef vir hierdie komponent van die studie getrek hoef te word nie, aangesien die omvang van die verskynsels te groot is en die empiriese verwerking onmoontlik is.
- Die aard van die studie, naamlik die kwalitatiewe bestudering van die fenomeen, nie die totale insluiting van die universum benodig nie.

Die benutting van respondente ten einde die benuttingswaarde van diergefasiliteerde terapie met die kind wat presenteer met outisme te beskryf, vra egter die gebruik van steekproeftrekking.

Die steekproef en wyse van steekproeftrekking vir hierdie komponent van die navorsing word vervolgens bespreek.

1.11.2 Die steekproef en steekproeftrekking

Vir die omskrywing van wat 'n steekproef is, noem Seaberg in Strydom en Venter (2002:199) dat 'n steekproef 'n klein deel van die totale eenhede, gebeure of persone uitmaak wat as die populasie van die ondersoek bekend staan. Die belangrikste aspek wat binne steekproeftrekking vir hierdie

studie geld, is die feit dat die steekproef wat getrek word vir die bereiking van die doelwitte, 'n proses van deurlopende vergelyking tussen die teorie en praktyk moet fasiliteer. Hier noem Strydom en Delport (2002:334) dat die vergelykingsproses wat plaasvind, mag geskied op grond van die feit dat die navorser alle aspekte van die navorsingsonderwerp goed verstaan en nou 'n vergelyking wil tref tussen komponente in die literatuur en komponente in die praktyk.

Hieruit kan dus afgelei word dat die metode van steekproeftrekking nie ten doel het om verteenwoordigend te wees nie en bekend staan as nie-waarskynlikheidsseleksie steekproewe. Die rasionaal hieragter is dat elke geval wat geselekteer word, 'n goeie verteenwoordiging van dit wat nagevors wil word, sal verteenwoordig. Die wyses wat gebruik word binne nie-waarskynlikheidsseleksie steekproewe is onder meer volgens Strydom en Delport (2002:334):

- (i) Doelgerigte steekproewe;
- (ii) teoretiese steekproewe;
- (iii) afwykende-geval steekproewe of sogenaamde "deviant case sampling";
- (iv) opeenvolgende steekproewe;
- (v) sneeubalsteekproewe; en
- (vi) vrywillige steekproewe.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die doelgerigte steekproefwyse gebruik en soos volg gemotiveer. Hierdie steekproef berus op die oordeel van die navorser en volgens Singleton *et al* in Strydom en Venter (2002:207) val die klem op die feit dat die navorser 'n steekproef van persone saamstel wat volgens sy oordeel die mees kenmerkende eienskappe van die betrokke populasie openbaar en in die besonder inligting verskaf waarna die navorser op soek is. Vir die doeleindes van hierdie navorsing is vier respondente gebruik vir deelname aan die studie. Kriteria vir seleksie van hierdie respondente was soos volg:

- Respondente moes gediagnoseer gewees het met outisme;
- Respondente moes vir 'n periode van twee jaar ingeskryf gewees het by die Vera Skool vir Outisme ten einde geleentheid te bied om die navorsing te voltooi; en
- Respondente moes óf Engels óf Afrikaans verstaan en daarop gereageer het. Die respondente se verbale taalvermoë hoef nie noodwendig van so 'n aard te gewees het dat hy 'n gesprek kon voer nie.

Die rasional hieragter was om ryk kwalitatiewe inligting te versamel ten einde te oordeel of die komponente wat ingesluit is in die gevallestudies (diergefasiliteerde terapie), volgens hierdie respondente benuttingswaarde in die praktyk sou hê. Die kriteria wat vir seleksie gekies is, het verseker dat die navorser die parameters van die studie met die mees geskikte respondente kan bepaal.

Die gebruik van respondente laat bepaalde etiese aspekte binne die navorsingsproses na vore tree. Hierdie etiese aspekte is soos volg binne die studie aangespreek.

1.12 Etiese aspekte

Dit is volgens Strydom (2002:63) noodsaaklik dat proefpersone wat gebruik word in sosiale navorsing, bewus moet wees van die aard en omvang van die navorsing waaraan hulle deelneem. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat daar altyd binne sosiale navorsing etiese regverdiging moet bestaan vir elke komponent van veral die empiriese aspekte van die studie.

Die navorser het vir die doeleindes van hierdie studie 'n aansoek om goedkeuring van navorsing waarby proefpersone betrokke is, by die Navorsingsvoorlegging- en Etiesekomitee van die Hugenote Kollege te Wellington ingedien. Hierdie aansoek is formeel goedgekeur.

Etiese aspekte is belangrik vir 'n navorser, maar daarmee saam gaan ook professionalisme. Strydom (2002:63) noem in hierdie verband: *"Ethics is a set of moral principles that are suggested by an individual or group, are subsequently widely accepted, and offer rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students"*.

Etiese aspekte van belang binne die studie sluit die volgende in:

- Die benadeling van deelnemers

Die respondente en veral ook die voogde van die respondente moes volledig ingelig word oor die potensiele impak van die navorsing en hulle moes die keuse gegee word om te onttrek as hulle daarna voel. Die navorser moes goeie agtergrond hê oor die respondente sodat elkeen met sensitiwiteit hanteer kon word.

- **Toestemming**

Alle inligting aangaande die navorsing, die prosedures wat gevolg sou word, moontlike voor- en nadele, en die kredietwaardigheid van die navorser is met die deelnemers en hul voogde bespreek. Akkurate en fyn waarneming was belangrik. Deelnemers was nooit te eniger tyd verplig om deel te neem nie en indien hulle enige ongemak getoon het, is hulle die keuse gegee om te onttrek en wanneer hulle gereed was om weer deel te vorm van die span, was hulle welkom.

In sommige gevalle was dit onmoontlik om deelnemers in kennis te stel van hul deelname, omdat die deelnemers binne hierdie studie vanweë hul funksioneringsvlak nie in staat was om self toestemming vir deelname te verleen nie. Aangesien die navorsing deel gevorm het van die daaglikse skoolroetine was die ouers deeglik bewus van die projek en het ook 'n rooster gekry wat die tye wanneer dit geskied, aangedui het. Enige ouer of voog wat nie gemaklik gevoel het met die program nie, was welkom om die navorser in kennis te stel.

- **Misleiding van deelnemers**

Volgens Corey in Strydom (2002:66) *"deception involves withholding information, or offering incorrect information in order to ensure participation of subjects when they would otherwise possibly have refused it"*.

Dit was dus vir die doeleindes van hierdie studie belangrik dat deelnemers of wettige voogde en ouers die aard en omvang van die navorsing sou verstaan en toestemming daarvoor verleen.

Daar is wel 'n onderskeiding tussen moedswillige misleiding en onbewuste misleiding. Wanneer sulke onbeplande insidente voorkom sal dit dadelik met die deelnemers bespreek word. Strydom

(2002:67) noem dat geen vorm van misleiding ooit op enige deelnemer toegedien moet word nie en moet so gou moontlik uitgeklaar word. Deurlopende terugvoer aan die voogde en ouers van die respondente het enige vermoede van misleiding wat kon ontstaan vroegtydig hanteer. Hierdie etiese aspek het deel gevorm van die terapeutiese terugvoer tydens die gevallestudies

- **Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid**

Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid gaan hand aan hand. Singleton in Strydom (2002:67), verduidelik dat “...*the right to privacy is the individual's right to decide when, where, to whom, and to what extent his or her attitudes, beliefs and behaviour will be revealed*”. De Vos noem verder dat privaatheid persoonlike privaatheid veronderstel, terwyl vertroulikheid die hantering van inligting op ‘n vertroulike manier aandui. Respondente en hul voogde het die reg gehad om inligting te evalueer, alternatiewe teenoor mekaar op te weeg en om hul eie besluite te neem. In die praktyk was dit egter nie altyd moontlik om hierdie reg wat die respondent gehad het, aan die respondente oor te dra nie weens hul funksioneringsvlak. Noukeurige kommunikasie met die voogde, klasonderwysers en ouers van die respondente was egter aan die orde van die dag. Dit is aan hierdie belangepersone gekommunikeer dat indien enige aspek van die navorsing inbreuk gemaak het op die reg van die respondent, dit onmiddellik met die navorser gekommunikeer moes word.

- **Aksies en regs mag van die navorser**

Navorsers is eties verplig om te verseker dat hul bevoeg en genoegsaam bekwaam is om ‘n voorgestelde navorsing te doen. Strydom (2002:69) haal Sieber aan wat noem dat “...*even well-intended and well-planned research can fail or can produce invalid results if the researchers and/or fieldworkers are not adequately qualified and equipped, and if there is not adequate supervision of the project*”.

In die oorspronklike voorstel tot die ondersoek moes die navorser die redes daarvoor uitspel en noem op watter manier sy etiese riglyne gaan respekteer. Die navorser moes te alle tye elke aspek van die studie met haar aangestelde studieleier kommunikeer. Terugvoer aan ‘n

navorsingkomitee wat die bevoegdheid van die navorser gemonitor het, is deurlopend gegee. Gedurende die insameling van die empiriese gedeelte van die studie moes die navorser nie net eties met die resultate te werk gaan nie, maar ook met verantwoordelikheid die terapeutiese komponent behartig. Hierdie aspek is noukeurig deur middel van 'n praktykleier wat aangestel is deur die programhoof Speltherapie gemonitor. Video-opnames van terapeutiese vermoëns van die navorser is geëvalueer en deur middel van supervisie geklankbord aan die navorser. Waar dit nodig was, is supervisiegeleenthede geskeduleer ten einde die terapeutiese vermoëns van die navorser op te skerp.

- Ontlonting van respondente

'n Vangnet waar respondente na afloop van die studie ontlont kon word, is geïmplementeer. In die verband noem Judd (1991:517):

"Debriefing sessions during which subjects get the opportunity, after the study, to work through their experience and its aftermath, are possibly one way in which the researcher can assist subjects and minimize harm. The easiest way to debrief participants is to discuss their feelings about the project immediately after the session or to send a newsletter telling them the basic intent or results of the study".

Na afloop van die projek het die navorser ook gepoog om alle wanpersepsies wat in die respondente se gedagtes of gedrag gemanifesteer het, uit te klaar deur middel van ontlontingsessies.

Die ontlontingsessies het soos volg verloop:

- Ontlontingsessies is na afloop van die studie gehou waartydens die deelnemers die geleentheid gekry het om deur hul ondervindings te werk en nabetrugting te hou, terwyl deelnemers gehelp is om die gebeure binne die konteks van hul gediagnoseerde toestand (outisme) te verwerk.

- Wanpersepsies in die deelnemers se gedagtes, wat soms repeterende gedrag tot gevolg gehad het, is herstel.
 - Die beëindiging en onttrekking van terapie waar deelnemers baat gevind het, is beplan en met uiterste sensitiviteit hanteer.
- Die benut van diere as navorsingsmiddel

Die volgende belangrike aspekte ten opsigte van die etiese gebruik van diere tydens diergefasiliteerde terapie is gedoen:

- Geen skade en mishandeling van diere is toegelaat nie;
- 'n Veearts wat naby die Vera-skool vir outisme 'n praktyk bedryf, is met die aanvang van die empiriese navorsing genader en in kennis gestel van die beplande navorsing, en hy is dus op 'n gereedheidsgrondslag geplaas indien enige insidente tydens die empiriese navorsing die hulp van 'n veearts sou benodig.
- Die diere wat benut is tydens die diergefasiliteerde terapie, was gesond en in goeie geestelike toestand.
- Die diere was skoon en goed versorg.
- Die diere is nie aan uitputting blootgestel nie en is met die nodige respek en sensitiviteit benut. So is diere nie oorhandig aan 'n kind alvorens die dier nie kalm en voorberei was op oorhandiging nie.

1.13 Definisies van hoofkonsepte

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit belangrik dat sekere sleutelbegrippe omskryf word. Dit mag egter wees dat hierdie konsepte binne die verloop van die studie herdefinieer sal word ten einde 'n inklusiewe beeld van die studie daar te stel. Hierdie definisies word dus aangebied ter verduideliking van konsepte en begrippe wat primêr vir die leser as vertrekpunt vir hierdie studie kan dien.

- Diergefasiliteerde terapie

Diergefasiliteerde terapie verwys na die benutting van 'n dier binne die terapeutiese milieu. Die Delta Society in De Villiers (2004:16) verwys daarna as “ *a goal-directed intervention in which an animal that meets specific criteria is an integral part of the treatment process*”. Die fokus kan gevind word in die rustige en veilige manier om eienskappe te ontdek en te ontwikkel wat nog nie in 'n terapeutiese proses na vore gekom het nie. Deur hierdie manier van terapie wil die terapeut die genot en kameraadskap van diere aan die kind oordra en terselfdertyd poog om hul sosialiseringvlak te stimuleer en hul gedrag te stabiliseer.

Binne die konteks van outisme kan gesê word dat die kind met outisme dikwels sukkel met taal en deur met die diere te werk word 'n beperkte woordeskat benodig.

- Speltherapie

Caplan in Fraser (1998:12) beskryf speltherapie as 'n professionele metode waarin spel tesame met nie-bedreigende spelapparaat aangewend word om uit te vind wat 'n kind hinder. Dieselfde outeur gaan verder deur te noem dat dit die kind ook help om homself en sy lewe te hanteer.

In hierdie studie is gepoog om deur die genot van “speel met die diere” terapie toe te pas, nadat alle vrese eers oorwin is, en die kind met outisme se lewensgehalte te verbeter op genot-, sosiale, gedrag- en sensoriese vlakke.

- Outisme

Outisme kan omskryf word as 'n lewenslange ontwikkelingsgebrek wat gedurende die eerste drie jaar na geboorte voorkom. Hierdie ontwikkelingsgebrek kan as gevolg van 'n organiese (neurologiese) steuring wat die brein se funksie beïnvloed, ontstaan. Dis ongeneesbaar, maar wel behandelbaar.

- Leerder met outisme

Die leerder met outisme kan omskryf word as 'n kind met 'n erge vertraging in taalontwikkeling en kommunikasie. Verder ervaar hy sensoriese reaksies, het ongewone intellektuele funksionering, asook merkbare beperkinge in aktiwiteite en belangstellings met ongewone gedrag en sosialiseringspatrone.

1.14 Leemtes en probleme wat tydens die studie ervaar is

Hoofstuk twee: 'n Leemte in toepaslike literatuur geskoei op die Suid-Afrikaanse konteks is deur die navorser ondervind. Die teoretiese verwysingsraamwerk wat binne die Suid-Afrikaanse konteks toepaslik is, is steeds in wese geskoei op 'n model wat nie alle komponente van 'n diverse samelewing weerspieël nie. Die verklaring van outisme binne die Afrika-konteks is steeds nie beskryf nie en vra dringende navorsingsaandag.

Die feit dat die integrering van bogenoemde aspekte nie in hierdie hoofstuk gedoen is nie, sou as 'n leemte beskou kon word alhoewel die navorser met die bestudering van die literatuur wel die toepaslikheid vir hierdie studie sou kon bevraagteken aangesien die geselekteerde respondente vanuit 'n westerse kultuur afkomstig was.

Hoofstuk drie: 'n Probleem wat ervaar is, is dat konsepte rondom die gestaltbenadering geskoei is op literatuur oor universele lewensbeginsels. Verskeie modelle bestaan in die literatuur oor die hantering en behandeling van outisme, maar feitlik geen verwysing na die implementering van die gestaltbenadering in hierdie konteks nie. Alhoewel alle navorsing 'n komponent verkennende studie bevat, sou voltooië basiese navorsing met betrekking tot hierdie aspek die taak van die navorser vergemaklik het. Die leemte in hierdie geval was dat die navorser die literatuur met betrekking tot die toepassing van die gestaltbenadering vanuit haar eie verwysingsraamwerk moes doen en die wetenskaplikheid daarvan steeds sou wou toets.

Hoofstuk vier: Ten einde 'n sinvolle beredenering van die mees toepaslike beginsels in diergefasiliteerde terapie en hul uitkomst vir hierdie studie te kon doen, het die navorser die studieveld deeglik bestudeer. Die navorser het egter 'n leemte gevind in die feit dat min werklik gefundeerde navorsing te vinde was wat kon dui op hoe diergefasiliteerde terapie wel benut kon word in die praktyk. Bestaande navorsing bied agtergrondkennis en 'n gekwantifiseerde beeld van navorsingsuitkomst. Min kwalitatiewe studies wat die toepassing daarvan weerspieël is opgeteken.

Hoofstuk vyf: Die studieveld van entrepreneurskap en entrepreneuriese prosesse is problematies deur die navorser beleef aangesien empiries getoetsde literatuur beperk is en literatuur wat oor entrepreneurskap beskikbaar is dikwels op veralgemenings en onwetenskaplike aannames gebaseer is. Literatuur is geredelik beskikbaar maar van min akademiese waarde. Die proses om die mees relevante en toepaslike literatuur vir die praktykmodel te selekteer was tydrowend en duur.

Die indeling van die navorsingsverslag bied aan die leser 'n kompakte oriëntering van die inhoud wat in hierdie verslag verwag kan word en word soos vervolgens uiteengesit.

1.15 Indeling van die navorsingverslag

Die navorsingsverslag is ingedeel volgens die uiteensetting soos tradisioneel bekend is binne sosiale navorsing. Hierdie prosedure bied 'n eerste hoofstuk as inleidende oriëntering waarna 'n literatuurstudie en empiriese data volg en waarna afgesluit word met gevolgtrekkings en aanbevelings. Die rede hoekom hierdie tradisionele prosedure gevolg word, is ten einde die leser van die navorsingsverslag 'n duidelike beeld van die aard en omvang van die literatuurstudie as primêre komponent in hierdie studie van die navorsingsproses te gee.

Die volgende uiteensetting van elke hoofstuk bied 'n kompakte weergawe van die struktuur en verloop van die studie.

Die strukturering van die studie geskied in Hoofstuk twee met die sentrale fokus op die outisme en die beginsels van toepassing binne outisme waaruit die navorser gewerk het. Hierdie hoofstuk bied ook die grondslag vir 'n universele multidissiplinêre benadering tot alle ander literatuurhoofstukke. Die hoofstuk oor outisme bied dus die konteks waaruit die navorser werk.

Hoofstuk drie spreek die paradigma waaruit die navorser gewerk het, aan naamlik die gestaltbenadering. Die fokus van Hoofstuk drie is onder meer om ondersoek in te stel na die mees toepaslike konsepte vir terapeutiese intervensie deur middel van diegefasiliteerde terapie met die kind wat presenteer met outisme.

Nadat die toepaslike benadering beskryf is, volg Hoofstuk vier met die tweede komponent wat in hierdie studie toepaslik is, naamlik die bestudering van diegefasiliteerde terapie en die toepaslikheid daarvan binne die konteks van outisme.

In Hoofstuk vyf word daar, nadat die literatuurondersoek afgehandel is, gefokus op die metodes en navorsingsprosesse wat gevolg is binne die studie ten einde by die doelwitte en beantwoording van die navorsingsvrae wat gestel is, te kon uitkom. Hierdie hoofstuk reflekteer dus die indiepte bespreking van die navorsingsmetodologie vir die studie.

Binne Hoofstuk vyf word die empiriese bevindings van die studie ook weergegee. In hierdie hoofstuk word tot 'n sintese gekom met die belangrikste gevolgtrekkings. Vanuit hierdie gevolgtrekkings word spesifieke aanbevelings gemaak vir die aanwending van hierdie navorsing in die praktyk. Aanbevelings en tekortkomings wat vanuit die navorsingsproses met verloop van die studie ontwikkel het word bespreek, sodat 'n volgende navorsingsproses sinvol hieruit kan voortvloei.

Die navorsingsverslag word afgesluit met 'n omvattende bibliografie wat die aard en omvang van die literatuurstudie weerspieël.

1.16 Samevatting

Hierdie hoofstuk het 'n algemene oriëntering met verwysing na die uiteensetting van die verloop van die studie verskaf. Dit omsluit 'n professionele en persoonlike motivering wat navorsing oor die onderwerp regverdig. Dit bied verder 'n formele probleemformulering met die doel en doelwitte om hierdie geformuleerde probleem aan te spreek en die wyse waarop die doel bereik sal word.

Dit sluit verder die navorsingsvraag, die benadering wat gevolg gaan word, en die soort navorsing wat in die studie verwag kan word, in. Verder verduidelik hierdie hoofstuk hoe die strategie gaan lyk wat die navorser gaan gebruik om die navorsing aan te pak en bied die hoofstuk verder 'n verduideliking van die navorsingsprosedure en werkwyse wat die navorser gevolg het.

Die hoofstuk word afgesluit met die etiese aspekte wat binne die navorsing aangeraak word en wyses waarop dit hanteer is. Vanuit Hoofstuk een vloei daar dus 'n strukturering vir die studie na Hoofstuk twee wat die teoretiese vertrekpunt in die vorm van 'n teoretiese verwysingsraamwerk sal bied.

HOOFSTUK 2

OUTISME

2.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 word outisme as verskynsel beskryf ten einde 'n teoretiese raamwerk in die vorm van 'n voorondersoek daar te stel. Vanuit 'n pedagogiese perspektief gesien, word outisme as 'n gestremdheid met bepaalde opvoedingsimplikasies beskou, terwyl die psigiatrie dit veral as 'n siektetoestand of 'n sindroom bestempel. Hoe dit ook al omskryf word, outisme word steeds as 'n raaiselagtige verskynsel beskou. Volgens Murray-Slutsky en Paris (2000:6) bestaan daar vandag nog nie 'n algemeen aanvaarbare verklaring vir die ontstaan en oorsake van outisme nie; daarom heers daar uiteenlopende, teenstrydige opinies met betrekking tot die ontstaan en oorsake van hierdie verskynsel.


2.2 Kliniese beeld van outisme

Outisme is 'n lewenslange ontwikkelingsgebrek wat gedurende die eerste 3 jaar na geboorte (daar kan 'n periode van normale ontwikkeling wees) weens 'n organiese (neurologiese) steuring wat die brein se funksie beïnvloed, ontstaan. Volgens Jordan (1999:12) is die gevolg probleme in sosiale verhoudings, kommunikasie en gedrag. Die kind met outisme kan dus nie aan 'n enkele simptoom of gestremdheid soos swak taalbeheersing uitgeken word nie, maar wel aan 'n aantal kernsimptome wat gesamentlik by 'n kind mag voorkom. Trevarthen, Aitken, Papoudi en Robarts (1996:7) haal Rutter soos volg aan ten einde bogenoemde stelling te staaf:

"...we are forced to the conclusion that autistic children's social abnormalities do stem from some kind of 'cognitive' deficit if by that one means a deficit in dealing with social and emotional cues... it appears that the stimuli that pose difficulties for autistic children are those that carry emotional or social 'meaning'".

Autism is defined by difficulties in communication and language skills, imaginative play and social interaction. Physically, people with Autism look perfectly normal. This can often lead to difficulty in diagnosing the condition. However, most people will suffer from some, if not all of the Autistic Triad of Impairments” (Cribbin, Lynch, Bagshawe & Chadwick 2003:43).

Outisme word ook aangetref binne 'n spektrum van funksionering. Ten einde die omvattende simptoonsamestelling in ontwikkeling te ondervraag, word outisme as 'n sub-kategorie op 'n spektrum verstaan. Hierdie spektrum of kontinuum word soos volg voorgestel (Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (DSM IV), 1994):



Figuur 2.1

Vanuit bogenoemde kan die volgende uiteengesit word:

- **Outisme:** Dit kan beskryf word as 'n toestand by kinders met 'n gebrek aan sosialisering, kommunikasie en gedrag. Jordan (2001:16) "*Common to all individuals with autistic spectrum disorders are a triad of developmental impairments, but the way these are expressed will vary significantly with individual differences*".
- **Rett Sindroom:** Hierdie sindroom word slegs in dogters gediagnoseer en kan van outisme onderskei word as gevolg van die progressiewe agteruitgang in verstandelike en fisiese behoeftes vanaf om en by die ouderdom van twee jaar.
- **Asperger Sindroom:** Hierdie sindroom word gekenmerk deur spraak wat nie 'n agterstand toon nie, maar vreemd en stereotiep is; die nie-verbale kommunikasie toon min gesigsuitdrukkings, 'n eentonige stemgebruik en onvanpaste gebare; sosiale interaksies is

nie wederkerig nie en toon 'n gebrek aan empatie; weerstand teen verandering, hou van herhaalde aktiwiteite; motoriese koördinasie - soms stereotiep, postuur is vreemd, groot motories onhandig; vaardighede en belangstellings toon 'n goeie "rote" geheue en beperkte belangstellings.

- **"Pervasive Developmental Disorder Not Otherwise Specified" PDDNOS:** Hier word verwys na leerders met probleme in meer as een area, maar wat nie aan die diagnostiese kriteria van outisme of Asperger Sindroom voldoen nie.

Vanuit die uiteensetting in Figuur 2.1 is dit duidelik dat outisme 'n ontwikkelings-diagnose is. Ouderdom en die ontwikkelingsvlak van die kind beïnvloed dus die sindroom. Soos enige ander kind, sal die outis ook verander soos hy ouer word.

'n Verdere belangrike aspek wat uit figuur 2.1 afgelei kan word, is dat outisme 'n spektrum steurnis is. Dit wissel van 'n erge toestand tot hoër funksionering.

Outisme het 'n retrospektiewe diagnose. 'n Diagnose kan nie gemaak word sonder dat die geskiedenis van ontwikkeling deur die ouers of persone betrokke, in ag geneem word nie.

Outisme kan saam met enige ander diagnoseerbare simptome wat ander persone mag hê, voorkom. Die mees algemene simptome is verstandelike versteurdheid, leerprobleme en epilepsie. Die ratio van outisme word gereken op 15:1000; en 4:1 (seuns:dogters).

Vanuit bogenoemde is dit dus duidelik dat Jordan (2001:1) van mening is dat die diagnose van outisme 'n hulpverleningstruktuur bied ten einde die beste geleenthede aan die kind met outisme te bied.

"... trying to understand the world from the perspective of someone within the spectrum and to help practitioners and parents understand the difficulties experienced in living in an alien world. ASDs will first be considered as developmental disorders, dealing with issues of

compensation, secondary 'handicaps', transactional effects and a perspective of difference rather than delay. ASDs are discussed as not residing in behaviour but in brain development, emotional understanding and self-control ... (Jordan 2001:1)".

Dit is duidelik dat daar vanuit hierdie beskrywing ook oorsaaklike faktore van outisme geïdentifiseer word. Dit sal vervolgens bespreek word.

2.2.1 Oorsaaklike Faktore

Outisme is 'n steurnis in die brein wat van geboorte voorkom en wat die manier waarop die brein inligting prosessee, beïnvloed. Dit word toegeskryf aan verskeie en verskillende biochemiese oorsake in die brein. Volgens Autism South Africa – Information for parents (7) is die definitiewe oorsaak van outisme nog onbekend. Die volgende oorsake word egter gelys as faktore wat aanleiding kan gee tot outisme:

- 'n Neurologiese probleem wat die dele van die brein waar taal en inligting, afkomstig vanaf van die sintuie, geprosessee word, beïnvloed (Autism South Africa:7).
- Genetiese faktore mag ook in sommige gevalle betrokke wees- genetiese predisposisie wat deur ongewingsfaktore bv. virusse, chemikalieë afgevuur kan word.
- 'n Kombinasie van verskeie oorsake soos Edwards & Bristol (1991:1755) soos volg noem, sluit hierby aan:

"Autism is a chronic, non progressive developmental disability with a unique triad of abnormalities in socialization ,communication and behaviour. Most, but not all, children with autism have some degree of mental retardation, and many develop epilepsy. No single biomedical etiology has been found, but a significant number of medical disorders occur in association with autism. The medical evaluation is directed toward finding underlying or associated neurologic, metabolic, genetic or infectious diseases.

- Trauma kan 'n kind ook met outistiese gedrag laat manifesteer.

Oorspronklik was swak ouerskap of 'n koue verhouding aan die moeder se kant, as rede genoem. Hierdie teorie het baie skade berokken. Geen spesifieke verklaring kan aan die ouer gegee word waarom sy kind outis is en die bure s'n nie.

Vanuit bogenoemde is dit dus duidelik dat oorsaaklike faktore uit 'n wye verskeidenheid vlakke aangedui kan word. Elk van hierdie oorsaaklike faktore dui op eiesoortige karaktereienskappe. Hierdie karaktereienskappe sal vervolgens bespreek word.

2.2.2 Karaktereienskappe van outisme

- Die graad van erns van karaktereienskappe verskil van persoon tot persoon, maar sluit gewoonlik die volgende in en word in die Vera School – Autistic Features - Checklist in vier sub-kategorieë uiteengesit:

2.2.2.1 Erge vertraging in taalontwikkeling en kommunikasie

Erge vertraging in taalontwikkeling en kommunikasie is een van die belangrikste karaktereienskappe wat die wêreld van die kind met outisme baie eensaam en frustrerend maak. Hierdie gebrekkige taalontwikkeling en kommunikasie manifesteer dikwels soos volg:

- Taal ontwikkel stadig, indien dit ontwikkel;
- Wanneer dit ontwikkel, is daar dikwels vreemde spraakpatrone en woorde wat buite verband of herhaaldelik gebruik word;
- Die persone wat wel taal effektief kan gebruik, praat dikwels in 'n formele of eentonige stemtoon (verkeerde intonasie), 'n abnormale toonhoogte of ritme;
- Taalgebruik is dikwels stereotiep, idiosinkraties (eienaardig) of egolalies. Jordan (2001:85) reken egolalies "... *should be seen as a positive development rather than something to eliminate, because it often leads to more productive language and it usually has at least some communitive purpose*";
- Hul toon 'n erge vertraging en 'n onvermoë om sosiale verhoudings te verstaan;

- Spontane, verbeeldingryke en 'n verskeidenheid in spel, ontbreek en simboliese spel is beperk;
- Probleme in gesprekvoering bv. die inisiasie van 'n gesprek, die volhou van 'n gesprek of beurtafwagting kom voor;
- Oogkontak word dikwels vermy, 'n beperkte oogkontak is aanwesig of dit word op eie terme gebruik;
- Die wêreld om hul kan maklik "uitgesny" word;
- Gesigsuitdrukkinge en gebare is óf afwesig óf vreemd.

Dit wil dus voorkom asof die leerders met outisme se kommunikasievermoë 'n groot agterstand kan toon en hul funksionering in normale omstandighede bemoelijk word.

2.2.2.2 Vreemde sensoriese reaksies:

Die belangrikheid van sensoriese reaksies by die kind met outisme word deur Vera Skool (2004) onderstreep en die volgende sensoriese reaksies word dikwels by kinders met outisme geïdentifiseer:

- Die outis kom dikwels voor asof doof en hy/sy reageer nie op woorde of geluide nie. Hierteenoor kan dieselfde kind heeltemal oorreeger by die aanhoor van 'n alledaagse geluid soos byvoorbeeld 'n stofsuiersuier of die blaf van 'n hond. Kinders met outisme druk dikwels hul ore toe, waarskynlik omdat sekere en harde geluide pyn en ongemak veroorsaak;
- Die kind wys soms ook 'n sigbare ongevoeligheid teenoor pyn of wys geen gevoel vir koue of hitte nie. Aan die ander kant kan hy heeltemal oorreeger ten opsigte van dieselfde elemente en byvoorbeeld te koud kry of oorsensitief wees vir pyn;
- Die kind met outisme toon dikwels 'n vreemde reaksie ten opsigte van sensoriese toepassing bv. taktiel. Hul weier om aan sekere stowwe of artikels te vat;
- Swak visie kom dikwels voor;
- Die kind met outisme toon dikwels stereotipe en herhaalde motoriese bewegings, soos bv. hande flap, draaibewegings, die tol van objekte en wiegbewegings.

Dit is dus duidelik dat die kind met outisme dikwels makliker uitgeken kan word aan hierdie vreemde sensoriese reaksies.

2.2.2.3 Ongewone intellektuele funksionering:

Ongewone intellektuele funksionering word as 'n reël by die leerder met outisme gevind. Hierdie ongewone intellektuele funksionering behels onder meer die volgende:

- Sommige kinders met outisme mag uitstaande vaardighede hê, of verskeie dinge besonder goed doen wat buite verhouding met hul algemene funksionering is. Sulke vaardighede sluit teken, musiek, wiskundige bewerkings of memorisering van feite met geen belangrikheidsverband, in.
- Die teenoorgestelde kan ook voorkom, want die oorgrote meerderheid van kinders met outisme word gebore met verskillende grade van verstandelike gestremdheid. Dit is dus opvallend dat ongewone intellektuele funksionering in die een of ander vorm by leerders met outisme aangetref word.

2.2.2.4 Merkbare beperkinge in aktiwiteite en belangstellings met ongewone gedrag en sosialisering:

Beyer & Gammeltoft (2000:48) noem dat "...*children with autism often make use of objects in such an inflexible stereotypical way that they miss out considerably on experiences with simple manipulation and combination that other children gain during the first few years of life*".

Die volgende beperkinge in aktiwiteite en belangstellings met ongewone gedrag wat beperk, stereotiep of herhalend kan wees kan as uitstaande kenmerke gesien word en word vervolgens bespreek:

- Die kind met outisme herhaal dikwels dieselfde roete, dieselfde manier van aantrek, dieselfde roetine elke dag, dieselfde eet- en slaapgewoontes, en die pak van objekte. Wanneer hierdie roetines versteur word, kan dit spanning veroorsaak en gaan dit dikwels gepaard met woede-aanvalle (tantrums), selfbeserings soos byt, kopstamp, krap of om ander te beseer;
- Ernstige voedingsprobleme – eet slegs beperkte voedselsoorte soos byvoorbeeld weinig groentes, slegs grondboontjiebotter-broodjies, pizza's, marmite-broodjies of vla – kom voor;

- Beperkte belangstellings. So kan preokkupasie met een of meer vreemde belangstellings voorkom. Hierdie kinders is ook meer geïnteresseerd in onderdele van objekte as die funksie daarvan;
- Uitermatig aktief/onttrekking vir lang periodes uit die omgewing;
- Abnormale slaappatrone soos om saans te sukkel om aan die slaap te raak, herhaalde kere deur die nag wakker te word, of om baie vroeg soggens op te staan;
- Ongewone buie, soos byvoorbeeld onvanpaste lag-/huilbuie;
- Het geen besef van gevaar nie en so kan die kind op dakke rondloop;
- Dwaal doelloos rond (heen-en-weer);
- Speel parallel of bly op die buitewyke ronddwaal.
- Onbewus van of geen belangstelling in vriende en maats, asook volwassenes. Gebruik mense as 'n objek – wanneer benodig;
- Hou nie daaraan om vasgehou te word nie, en vermy dus fisieke kontak.
- Toon geen skeidingsangs nie;
- Kom hiperaktief of hipo-aktief voor;
- Obsessiewe gedrag;
- Soek of gee byna nooit vertroosting nie;
- Onbewus van ander se gevoelens;
- Onvanpaste gedrag, bv. spring op en af as die water uit die kraan kom.

Dit gebeur dikwels dat die kind met outisme met betrekking tot sy ontwikkeling verskil van die sogenaamde standaard kind.

2.2.2.5 Aspekte van normale ontwikkeling teenoor vroeë ontwikkeling in leerders met outisme.

Peeters & Gillberg (2003:10-14) bied die volgende inligting waar 'n vergelyking getref word tussen aspekte van kinders wat normaal ontwikkel het teenoor kinders met outisme:

Tabel 2:1 Ontwikkeling van Taal en kommunikasie

Ouderdom in Maande	Normale Ontwikkeling	Vroeë Ontwikkeling in Outisme
2	Keelgeluidjies, vokale geluide	Geen
6	Vokale 'gesprekke' of beurtafwagting in van aangesig tot aangesig posisie met ouers; ooreenstemmende geluide kom te voorskyn.	Huil is moeilik om te interpreteer.
8	Intonasie varieer met brabbel insluitende vraag-stembuiging; Herhalende brabbel (ba-ba-ba, ma-ma-ma).	Beperkte of ongewone brabbel bv. gille en skree; Geen nabootsing van klanke, gebare of uitdrukkings.
12	Eerste woorde kom na vore; Gebruik brabbeltaal in sinne; Taal word meestal gebruik vir kommentaar op omgewing; Vokaliseer spel; Gebruik gebare plus vokalisering om aandag te trek, wys voorwerpe en maak voorstelle.	Eerste woorde kan te voorskyn kom, maar nie betekenisvol gebruik nie; Gereelde harde huil is moeilik om te interpreteer.
18	3tot 50 woorde in woordeskat; Begin om meer as een woord in korrekte verband te plaas en te gebruik; Uitrek van woordbetekenis vind plaas, bv. 'Pappa' sal verwys na alle mans; Gebruik taal om kommentaar te lewer; Vra na voorwerpe en aksies om aandag te trek; Trek ook aan persone om aandag te trek; Maak keelgeluide en boots gereeld na.	Geen
24	4 tot 5 woorde word gebruik en word gekombineer (telegrafiese spraak); Vra eenvoudige vrae bv. Waar is Pappa? Gaan bye-bye?; Gebruik vingerwys gebare; Noem hulself by hul eie naam en nie 'ek' nie; Mag tydelik voornaamwoorde omgekeerd gebruik; Kan nie gesprek oor enige onderwerp volhou nie; Taal fokus op hier-en-nou.	Minder as 15 woorde; Woorde mag ontwikkel, maar kan ook verdwyn uit woordeskat; gebare ontwikkel nie – party wys na voorwerpe.
36	Woordeskat van ongeveer 1000 woorde; Meeste grammatikale morfene (verlede	Woordkombinasies is skaars; Mag frases uiter, maar nie deur

	tyd/voorsetsels, ens.) word paslik gebruik; Keelgeluide kom ongereeld voor; Taal word steeds meer gebruik om die huidige te beskryf; Baie vroe word gevra, veral om interaksie aan te wakker.	kreatiewe taalgebruik nie; Swak artikulasie (uitspreek van woorde) in helfte van die kinders wat kan praat; Helfte of meer is sonder betekenisvolle spraak; Neem ouer by hand en lei hul na voorwerpe; Gaan ook na bekende omgewing en wag vir die aangee van voorwerpe.
48	Saamgestelde sinstrukture word gebruik; Kan gesprek voer en voeg nuwe inligting by; Vra ook vir nuwe inligting; Vra ander vir verduideliking van uitlatings; Pas kwaliteit van taal aan, afhange van die luisteraar (byvoorbeeld sal taal vereenvoudig wanneer met 2-jarige praat).	Sommige kombineer kreatief twee of drie woorde; Nabootsing hou aan en kan gekommunikeer word; Mimiek televisie-advertensies; Maak voorstelle.
60	Gebruik komplekse strukture meer betekenisvol; Deurgaans volwasse grammatikale strukture; Het die vermoë om sinne te evalueer as grammatikaal of nie-grammatikaal en om self te korrigeer.	Geen begrip of verwoording van abstrakte konsepte nie (byvoorbeeld tyd); Kan nie 'n gesprek volhou nie; Geen korrekte gebruik van voornaamwoorde nie; Nabootsing is steeds altyd teenwoordig; Vra baie min vroe; as hulle wel vra is dit herhalend; Abnormale toonhoogte van stem word volgehou.

Tabel 2.2 Komponente wat dui op Ontwikkeling van die verbeelding

6	Ongedifferensieerde optrede op een voorwerp op 'n slag.	Geen
8	Optredes gedifferensieer in terme van karaktertrekke van voorwerp.	Herhalende motoriese bewegings mag wakkerword aktiwiteit oorheers.
12	Toepaslike sosiale optredes op voorwerpe; Twee of meer voorwerpe kan tergelykertyd geassosieer word.	Geen
18	Gereelde simboliese aksies byvoorbeeld om te drink, praat op speeltelefoon, ens.; Spel word aan kind se alledaagse roetine gekoppel; Het 'n aktiewe rol in voorgee-spel.	Geen
24	Wend voorgee spel-roetines gereeld aan met poppe, opgestopte diere, volwassenes (byvoorbeeld "voer pop");	Min nuuskierigheid rakende of verkenning van die omgewing; Ongewone gebruik van speelgoed

	Voorgee aksies nie beperk tot eie roetine (byvoorbeeld gee voor dat sy stryk soos moeder); Volgorde van voorgee aksies ontwikkel (voer pop, wieg die pop en sit pop in bed); Voorgee-spel word geprikkel deur beskikbaarheid van voorwerpe.	draai, omkantel en pak in rye.
36	Simboliese spel word vooraf beplan – kondig voorneme aan en soek dan vir die nodige voorwerp; Vervang een voorwerp deur 'n ander; Voorwerpe word gesien as plaasvervangers met die vermoë om onafhanklik te fungeer (byvoorbeeld pop word gemaak om eie koppie op te tel).	Voorwerpe word dikwels in die mond gesit; Geen simboliese spel; Herhalende motoriese bewegings gaan voort (wieg, kyk strak na lig) ; Baie toon relatiewe krag in visuele/motoriese manipulasies soos legkaarte.
48	Sosiodinamiese spel – voorgee spel met een of twee kinders; Gebruik gebaarspel om voor te gee (byvoorbeeld gee voor dat hulle tee skink uit denkbeeldige teepot); Temas wat fantasieë en lewensgetroue temas uitbeeld help rolle vir 'n verlengde periode.	Funksionele gebruik van voorwerpe; Min aksies is direk gekoppel met poppe of ander persone; meestal betrek dit die kind as die plaasvervanger; Simboliese spel, as dit wel aanwesig is, is dit beperk tot eenvoudige herhalende spel; Soos meer gevorderde spelvaardighede ontwikkel, spandeer hy nog meer tyd aan die minder gesofistikeerde aktiwiteite; Baie kombineer nie speelgoed in spel nie.
60	Taal is belangrik in die bepaling van temas, rolverdeling en dramaspel.	Kan nie gebaarspel baasraak nie; Geen sosiodramatiese spel nie.

Tabel 2.3 Komponente wat dui op Sosiale Interaksie

2	Draai kop en oë om klank te bepaal.	
6	Strek hande in afwagting uit om opgetel te word;	Die minderheid is uitermatig irriteerbaar; Swak oogkontak; Geen sosiale reaksies in afwagting.
8	Differensieer tussen ouers en onbekendes; Gee en neem speletjies met volwassenes; "Kyk-en-wegsteek" speletjies; Wys voorwerp vir volwassenes; Wai totsiens; Huil en kruip agter Ma aan wanneer sy	Moeilik om te troos wanneer omgekrap; Omtrent een derde aanvaar aandag, maar inisieer baie min.

	kamer verlaat.	
12	Inisieer speletjies met toenemende herhaling; Maak beurte om respondent en agent te wees; Verhoogde visuele kontak met volwassenes gedurende spel.	Sosialisering verminder wanneer kind begin kruip of stap; Geen angs tydens skeiding van ouers.
18	Groepspele ontwikkel, wys artikels, bied aan, aanvaar speelgoed; Alleen- en parallelle spel is nog tipies.	
24	Groepspele episodes is kort; Groepspele draai om groot motoriese aktiwiteite (byvoorbeeld jaag-mekaar speletjies) in plaas van om speelgoed te deel.	Kan ouers onderskei van ander volwassenes, maar toon min aangetrokkenheid; Mag drukkie en soentjie gee as outomatiese gebaar wanneer daarvoor gevra word; Afsydig teenoor volwassenes behalwe die ouers; Mag intense vrese ontwikkel; Hou daarvan om alleen te wees.
36	Leer om beurte te neem om te deel met groep; Episodes van volgehoue samewerkende interaksie vind plaas met groep; Onderonsies tussen groep vind gereeld plaas; Geniet dit om ouers met huistake te help; Geniet dit om afwyserig te wees om ander te laat lag; Wil ouers altyd tevrede stel.	Misluk in poging om ander kinders uitstaande irriterend te vind; Misluk in poging om die doel van straf te verstaan.
48	Onderhandel rolle met groep in sosiodramatiese spel; Verkies sekere spelmaats bo ander; Sluit onwelkome kinders uit van spel woordeliks of fisies.	Kan nie groepspeleëls verstaan nie.
60	Meer groep- as volwasse-georiënteerd; Intens geïnteresseerd in aangaan van weddenskappe; Stryery en toesnou van name in groepe kom gereeld voor; Kan maklik rolle van leier en navolger in groepspele omruil.	Meer volwasse as groep-georiënteerd; Word dikwels gesellig maar interaksies bly snaaks en eensydig.

Hierdie tabelle is 'n duidelike bewys van die ontwikkelingsverskille tussen normale kinders en kinders met outisme in al drie die belangrikste karaktereenskappe. Hierdie tabelle staaf dan ook

die prognose wat volg. Met volgehoue en intensiewe intervensie kan die lewenskwaliteit van 'n kind met outisme verbeter maar nie genees word nie.

2.2.3 Prognose

Outisme kan behandel word, maar dit is nie geneesbaar nie. Navorsing toon dat deeglike instruksies en beplanning, asook sorgvuldige hantering die lewenskwaliteit van die kind met outisme beslis kan verbeter. Die suksessyfer is soveel hoër as die leerders op 'n baie jong ouderdom, omtrent drie jaar, met 'n intensiewe program begin, tuis of by 'n skool. 'n Sterk kognitiewe vermoë is 'n aanduider van goeie prognose. Soos wat die leerders ontwikkel en meer deelneem aan aktiwiteite, so leer hul ook om bewus te word van die wêreld rondom hul en verstaan dit beter. Sommige kan 'n baie normale lewe lei.

Die meeste kinders met outisme benodig lewenslank ondersteuning en behandeling. Prognose is afhanklik van kognitiewe, sosiale, kommunikasie- en taalontwikkeling in die voorskoolse jare. Outiste het 'n normale lewensverwagting. Met die nodige vroeë en intensiewe behandeling kan hul baie suksesvol geïntegreer word in die gemeenskap.

2.2.4 Hulpverleningstrategie

Die siening van Vera Skool se bestuurspan en onderwysers is dat ouers en onderwysers van leerders met outisme hulself op die hoogte moet hou van alle vorme van behandeling en tegnieke tot voordeel van die kind. Daar word gereeld verneem van mense wat daarop roem dat hul outisme kan genees deur een of ander intervensie, maar daar is net een werklike behandeling wat bewys is en wat effektief is vir alle leerders en dit is 'n gestruktureerde opvoedkundige program wat toegespits is op die individu se ontwikkelingsvlak en funksionering. Ander behandelings mag bydra op verskillende tye in 'n outistiese persoon se lewe, maar 'n deeglike studie moet eers onderneem word voordat dit toegepas word, want wat goed is vir die een, is dalk nie goed vir die ander nie. Edwards en Bristol (1991:1755) postuleer soos volg:

"Psycho educational and behavioural therapies are the most successful approaches to the treatment of autism. Medical management focuses on treatment of underlying or associated diseases. Pharmacotherapy is sometimes beneficial, but no drug acts specifically on this complex of symptoms".

Die siening van Jordan (2001:8) dat dit belangrik is om persone met outisme met respek en waardigheid te behandel en dat ons nie konformiteit hoër moet waardeer ten koste van ware opvoeding nie, bevestig die bogenoemde stelling. Jordan noem dat niemand kan leer en toegeeflik wees as jy gespanne is nie. Ook kan ons nie beheer van ons lewens oorgee aan iemand anders as ons die persoon nie vertrou nie. Kinders met outisme is geensins anders. Ons moet hul help en ondersteun, maar nie 'oorneem' nie, en hulle ook nie ontnem van die reg om 'anders' te wees nie. Voorts noem Jordan (2001:7) dat daar baie onderwys-benaderings is om leerders met outisme te leer en dat baie intervensies geadverteer en aan die ouers verkoop word. Sy noem ook dat geen ouer skeef aangekyk mag word as hy die beste vir sy kind wil hê en alles wil probeer wat miskien kan werk of die kind genees nie.

Vir die navorser is dit belangrik dat daar nie vanuit 'n posisie van meerderwaardigheid na kinders en volwassenes met outisme neergesien moet word nie en dat wanneer ons 'n projek aanpak, die leerder se potensiaal en vermoëns eerstens in gedagte gehou moet word. Hierdie siening word deur BFM:11a:a:autism.lec (1992:7) ondersteun in die volgende aspekte:

- *"Approach any new treatment with hopeful scepticism. Remember the goal of any treatment should be to help the person with autism become a fully functioning member of society.*
- *Beware of any program or technique that quotes it as effective or desirable for every person with autism.*
- *Beware of any program that thwarts individualization and potentially results in harmful program decisions.*
- *Beware that any treatment represents one of several options for a person with autism.*

- *Beware that treatment should always depend on individual assessment information that points to it as an appropriate choice for a particular child".*

Volgens Jordan (2001:7,8) het geen intervensie of benadering die een beter as die ander bewys nie, maar dit gee ons nie die rede om niks te doen nie. Sy stel voor dat daar direk nadat 'n diagnose gemaak is, intervensie moet plaasvind, wat gebaseer is op opvoedkundige beginsels wat oor die jare ontwikkel is. Sy noem dat alle ouers gewillig sal wees as hul net ingelig word wat die beste opsie sal wees na 'n diagnose.

Daar kan vanuit bogenoemde tot die gevolgtrekking gekom word dat elke persoon met outisme uniek is. Elkeen het sy eie karaktereenskappe en funksioneer op sy eie vlak. By Vera Skool, in Rondebosch-Oos in Kaapstad, word 'n individuele opvoedkundige program vir elke leerder saamgestel deur 'n professionele span bestaande uit 'n onderwyser, sielkundige, spraakterapeut, arbeidsterapeut, die ouers, enige ander persone wat met hom/haar werk en die hoof. Daar word gekyk na die kind se spesifieke behoeftes en ontwikkelingsvlak. Insette word deur alle betrokkenes gelewer en met die oog op die nuwe Kurrikulum 2005 en al die verskillende uitkomst, word 'n nuwe individuele program opgestel wat "SMART" is. Dit beteken "Spesifiek; Meetbaar; Bereikbaar (Attainable); Realisties en Tydgebonde".

Verdere hulpverleningstegnieke sal nou ook bespreek word:

2.2.4.1 Hulpverleningstegnieke beskikbaar

Die volgende sewentien tegnieke word tans met sukses by Vera Skool geïmplementeer. Dit is noodsaaklik om bewus te wees van elke kind se unieke behoeftes en ooreenkomstig hierdie behoeftes 'n hulpverleningstegniek te implementeer.

i) TEACCH (Treatment and Education of Autistic and related communications handicapped children)

Hierdie metode word gepropageer deur Eric Shopler en Gary Mesibov. Die hoofdoel van hierdie metode is om te streef om die leerder tot sy volle potensiaal te ontwikkel deur oorlewings- en funksionele vaardighede aan te leer. Deur hierdie metode leer die leerders die wêreld rondom hul verstaan, en om keuses te maak. Klem word geplaas op die aanleer van kommunikasievaardighede. Trevarthen, Aitken, Papoudi, Roberts (1996:123) beweer soos volg: *"The focus of TEACCH in schools is on the development of appropriate communication skills and personal autonomy rather than on reducing problem behaviours"*. Die visuele modaliteit, wat by die meeste ASD-leerders sterker as die ouditiwe is, word gebruik om die kurrikulum te ontsluit en die omgewing vir die ASD-leerder meer toeganklik te maak.

Individuele roosters en skedules word opgestel, waar prente, simbole en/of woorde gebruik word om kommunikasie uit te bou en aan te vul. Leerders volg individuele programme by hul onderskeie werkstasies, waar die personeel hul assisteer. Wanneer 'n aktiwiteit voltooi is, word die prent, simbool of woorde omgedraai en aangegaan met die volgende taak. Dis 'n baie gestruktureerde program. Die klaskamer is verdeel in verskillende afdelings.

ii) Applied Behaviour Analysis (ABA) (Lovaas, Intensive behavioural treatment, discrete trial, positive treatment)

Outistiese kinders leer nie op dieselfde wyse as die normale kind nie. Hul verstaan vereenvoudigde taal en dikwels gebaretaal beter, sensoriese ervaring is verwarrend en hul onttrek op verskillende maniere aan die wêreld en mense om hulle. Dr. Ivar Lovaas en genote by "UCLA" beklemtoon dat intensiewe, vroeë intervensie die funksionering van leerders met outisme aansienlik kan verbeter. Deur twee opeenvolgende studies in 1987 en 1993 is getoon dat ná die intensiewe gedragsbehandeling 9 van die 19 leerders gewone skool suksesvol kon voltooi. Die ander het ook bevredigend gevorder.

Hierdie leerders was drie jaar en jonger toe individuele behandeling van gemiddeld 40 uur per week ontvang is. Die behandeling word vir 2 jaar en langer, indien nodig, toegepas. Individue met verskillende ontwikkelings- en gedragsversteurings reageer positief op "ABA". Dit is effektief om steurende gedragpatrone by leerders met outisme te verminder, soos bv. selfbeserings, woedeaanvalle en self-stimulasie. "ABA" is 'n goeie metode om gebrekkige vaardighede soos komplekse kommunikasie, sosiale, speel- en self-help-vaardighede aan te leer. Hierdie tegniek kan met alle kinders gebruik word en is baie suksesvol.

"ABA" tegnieke behels:

- Die opbreek van vaardighede in kleiner dele;
- Die aanleer van een vaardigheid op 'n keer tot bemeestering;
- Herhaalde oefening in gekonsentreerde tyd;
- Gee die nodige aanmoediging wat later onttrek kan word; en
- Genoegsame herhaling.

Hierdie is 'n baie geslaagde tegniek wat baie energie en deursettingsvermoë verg, want alle vaardighede wat ons as normale mense as vanselfsprekend aanvaar en dikwels nie eens van bewus is nie, kan soms ure of dae neem om aangeleer te word, indien ooit.

iii) Die "AZ" metode:

Die "AZ" metode is 'n didaktiese benadering om taal by outistiese leerders te ontwikkel deur gebruik te maak van video-tegnieke. Dit word genoem na Adam Zihni wie se ouers, Fahri en Fern Zihni, eerste aan die idee gedink het.

Sukses word toegeskryf aan die feit dat:

- Die metode van interaksie met die kinders met outisme ongemak uitsluit;
- Swak oogkontak herlei word deurdat die leerder na die skerm kyk en 'n spontane deelname kan volg sonder die weerstand teen leer;
- Die kleurvolle televisieskerm fasinierend vir die hoogs visuele outistiese verstand is;
- Die wete van "wat kom volgende" belangstelling wek; en

- Dit moontlik is dat die eenvoudige skerm ander objekte, geluide en bewegings uit-filtreer wat 'n blokkasie mag vorm, en so word die doel van wat oorgedra wil word, makliker bereik. Die kind fokus ook beter en so kan sy aandagspan verleng word.

Hierdie metode is baie ontspannend vir die leerders en die kleur en beweging lewer 'n groot bydrae, aangesien baie van die leerders visuele leerders is.

iv) Uitkomsgebaseerde Onderwys:

Uitkomsgebaseerde Onderwys is die eindresultaat van elke leerproses. Die leerders moet kan demonstreeer wat hul bereik het (Van der Horst & McDonald 2001:3). Daar word gefokus op drie leerareas en saam met Alpha Skool vir Leerders met Outisme is daar 'n unieke Uitkomsgebaseerde Kurrikulum vir Leerders met Outisme saamgestel. Die fokusareas is:

- Geletterdheid (sosiaal, kommunikasie, beroepsonderwys (ambagte), gedragsmodifikasie);
- Syferkundigheid; en
- Lewensvaardighede.

Hierdie drie leerareas word uitgesonder en op gefokus, want as die leerder met outisme dit kan bemeester, is hy goed toegerus om sy lewenspad met sukses aan te pak en kan hy 'n redelike normale lewe lei.

v) Dieët Intervensie

"Autism South Africa – Information to parents" {sa} en Shattock & Whitely {sa} noem dat navorsers in hierdie veld van mening is dat outisme met die immuunsisteem verband hou. Verskillende studies is gedoen en bevind dat die kind met outisme se immuunsisteem gekompromitteer is. Behandeling deur die gebruik van aanvullende vitamines, diëte en medikasie word aanbeveel.

Die kind met outisme het volgens hierdie inligtingstuk baie metaboliese abnormaliteite, wat die oorsaak kan wees van probleme met die immuunstelsel. Deur die dieet te verander kan die spanning op die immuunstelsel verminder word. Sommige leerders toon intolleransie vir melk- en

graanprodukte. Dit word aanbeveel dat dieetaanpassings in oorleg met 'n dieetkundige gedoen word.

Daar bestaan ook 'n oortuigende verband tussen gis en 'n normale immuunsisteem. Die Vitamien B metabolisme in kinders met outisme is aangetas en die gebruik van vitamien B aanvullers word aanbeveel. Gereelde ondersoek om vitamien-vlakke te bepaal is nodig, aangesien oor-dosering gevaarlik kan wees (Inligtingstuk - Norris 2000).

vi) **Makaton**

Vir kinders en volwassenes met erg gestremde kommunikasie- en leerprobleme mag Makaton 'n aanvullende manier wees waarop hul kan interaksie hê met ander en 'n manier wees waarop hul kan leer. Elke week word twee nuwe tekens, volgens onderwerpe, deur die skoolpopulasie wat ouers insluit, aangeleer. Die Makaton woordeskat word volgens elke kind se ontwikkelingsvlak en funksionele gebruik benut.

Die Makaton Woordeskat en Taalprogram is 'n versterkende kommunikasieprogram wat ontwerp was om funksionele kommunikasie te voorsien en die ontwikkeling van taal aan te moedig deur die gesamentlike gebruik van tekens en simbole met spraak (Inligtingstuk-Stodel 2000).

vii) **“Auditory Integration Training” (AIT):**

“AIT” poog om probleme wat ASD-leerders met gehoor-prosessering ondervind, te verminder. Dit is al gebruik vir individue met leerprobleme, taalagterstand, probleme met vlotheid en gedragsprobleme wat verband hou met gehoorprosesseringsprobleme. Gedurende en na afloop van behandeling kan fisiese en gedragsveranderings voorkom, wat gewoonlik later verdwyn. Die teorie is dat die middeloor aanpas by nuwe maniere om die inkomende ouditiewe stimuli te prosesseer.

Gedurende die terapie word 'n musiekprogram van gefiltreerde geluide en musiek deur 'n “audiokinetron” en gehoorstukke gebruik. Dit geskied oor 20 sessies van 30 minute elk, twee maal

per dag met tussenpose van drie ure. Hierdie 10 dae moet verkieslik aaneenlopend wees, maar mag nie vir langer as drie dae onderbreek word nie (Inligtingstuk-Stodel 2000).

viii) "Theory of Mind"

Hierdie teorie is om die kognitiewe funksionering in 'n kind met outisme te verduidelik. Sommige kinders met outisme kan hulself nie in die belewingswêreld van ander plaas nie. Die geneigdheid is om ervarings vanuit eie perspektief te interpreteer sonder begrip vir relativiteit van persepsie. Daar word ook na hierdie verskynsel as "mind blindness" en "false belief" verwys. Dit maak kommunikasie moeilik, asook die voorspelling van outiste se gedrag en emosionele reaksies. Trevarthen, Aitken, Papoudi, Robarts (1996:123) beweer: *"Autistic children appear to have a fundamental difficulty with interpersonal 'perspective taking', which is specific to this disorder..."*.

Volgens Inligtingstuk - Minnaar (2000) moet die ouderdom en funksioneringsvlak in aanmerking geneem word by die beoordeling van hierdie vermoë. Om spontane toepassing hiervan in die gewone lewe aan te leer is nie maklik vir die kind met outisme nie.

ix) Gedragsintervensie

Gedragsintervensie kan baie suksesvol by die kind met outisme gebruik word en vorm 'n integrale deel van die onderrig en behandelingsprogram. Die aard van die probleem en die leerder se vermoë om die verhouding tussen sy gedrag en die versterking te verstaan, asook die funksie van die gedrag, is faktore wat in ag geneem word by die ontwerp van gedragsintervensie.

Gedragsintervensie sluit positiewe en negatiewe versterking in. Positiewe versterkings behoort gedurig gebruik te word en 'n prioriteit te wees vir opvoeders in intervensie met kinders. Negatiewe versterkings behoort met oorleg in spesifieke omstandighede gebruik te word terwyl versterking van gewenste gedrag steeds prioriteit bly.

Voorbeelde van wat as positiewe en negatiewe gedragsmodifikasie-tegnieke beskou word, sluit die volgende in:

Positiewe versterkings:

- Konkrete belonings soos rosyne, neute, lekkers, ens.;
- Sosiale versterkings soos 'n glimlag, 'n liefdevolle aanraking, verbale uitdrukkings soos 'goed gedoen', ens.; en
- Kolle/sterre beloning: Dit werk veral goed wanneer van leerders verwag word om te werk en hulle by taakvoltooiing 'n ster/kol verdien. Die akkumulاسie van sterre/kolle kan tot 'n beloning lei.

Negatiewe versterkings:

- "Time out" – 'n beginsel wat beteken dat daar geen positiewe beloning vir 'n tydperk toegelaat word nie. "Time out" –isolering vir 'n beperkte tyd om die leerder en omgewingselemente wat ongewenste gedrag kan versterk, te skei;
- Sosiale misnoeë: Spreek onvanpaste gedrag mondelings of deur liggaamstaal aan;
- Ontneem van voorregte: 'n Voorvereiste is dat lewensmiddele nie weerhou word nie; en
- "Oor- regstelling": dit word gebruik om aanhoudende gedrag te probeer regstel, bv. 'n kind wat gereeld sy bed nat maak, moet die beddegoed was.

x) Sensoriese Integrasie en Outisme

Sensoriese integrasie is die proses waardeur sensoriese inligting vanaf die verskillende sintuie in die brein georganiseer en geïnterpreteer word om handeling te rig. Sensoriese integrasie is 'n neurologiese proses wat opname-, integrasie- en weergawe-prosesse insluit.

Die beginsels van sensoriese integrasie vorm deel van die holistiese opvoedingsprogram by Vera Skool. Die doel is om sensoriese probleme te moduleer sodat leer en funksionele onafhanklikheid meer effektief kan plaasvind.

xi) Werksvoorbereiding en Outisme

Werk is 'n sosiale aktiwiteit wat status en binding met die gemeenskap tot gevolg het. Voorberoepsopleiding is die voortdurende assessering van basiese werksvermoë, bv. self-hulpvaardighede, gemeenskapoorlewingsvaardighede, perseptuele-kognitiewe funksies en gedrag.

Die doel:

- Die aanleer van nuwe vaardighede.
- Om leerders te help om hul volle potensiaal te bereik en produktief te wees in die gemeenskap.
- Om voorbereiding- en beroepsopleiding aan te bied om beroepspotensiaal te ontwikkel, asook om beroepsmikpunte te stel.

Volgens Inligtingstuk - Leendertz (2000) word Werksomgewings in die skool gestimuleer en leerders word aan 'n gestruktureerde werksomgewing bekendgestel.

xii) Breinoefeninge ("Brain Gym")

Breinoefeninge is 'n reeks eenvoudige, maar veral genotvolle bewegings wat dit ten doel het om die breinprosesse te integreer en om sogenaamde heelbrein-leer aan te help. Hierdie aktiwiteite poog om leer makliker te maak omdat dit die brein voorberei om inligting makliker en meer doeltreffend te kan verwerk. Die leerders word in staat gestel om sekere dele van hulle brein wat vroeër ontoeganklik was, nou te kan gebruik. Breinoefeninge word elke oggend gedoen en dikwels deur die dag herhaal voordat lees-, skryf- en denk-aktiwiteite aangebied word, met die doel om die brein vir daardie spesifieke vaardighede voor te berei.

Senterin vorm deel van breinoefeninge en verwys na die vermoë om die middellyn te oorbrug tussen die boonste en onderste deel van die liggaam en die ooreenstemmende boonste en onderste breinfunksies. Hierdie oefeninge fokus dus op emosie en abstrakte gedagtes, aldus Dennison (1989).

xiii) Musiek

Musiek is belangrik in die ontwikkeling van die outis. Dit is dikwels baie moeilik om op die gewone manier na die outistiese kind uit te reik. Hul vermoëns ontwikkel dikwels onreëlmatig. Die bereiking van ontwikkelingsmylpale toon dikwels 'n ongelyke profiel en kan vinniger of stadiger as die normale verwagte tyd wees. Dit is van die uiterste belang om hul te bereik so gou as moontlik en om hul te help om hul omgewing te identifiseer en dit so aangenaam as moontlik te maak. Musiek stimuleer ontwikkeling en is ook dikwels die begin van sosiale verhoudings wat die basis vorm vir ander leeraktiwiteite. Musiek skep 'n area om te groei. Daar word op 'n baie eenvoudige vlak begin en groei dan saam met die kind. 'n Basiese agtergrond teen 'n stadige pas dien as beginpunt en baie herhaal.

Op 'n musikale wyse, euritmiek (wat in fyner besonderhede hierna bespreek word), leer die kind verskillende wyses van liggaamsgebruik aan bv. loop, huppel, spring, gallop, loop op die tone, strek, lang tree, ens., sowel as sang/liedjies. Die moeilikheidsgraad wissel ook na gelang van ontwikkeling.

Gedurende 'n musiekkring word daar begin met 'n groetliedjie waarin elke individuele kind se naam gesing word terwyl van die kinders in die kring omgaan en hom fisies groet. Spesiale gebeurtenisse soos verjaardae en nuwe klere dien as onderwerpe vir sang. Tydens slagorkes word klem gelê op gehoor-aktiwiteite, soos hard en sag, vinnig en stadig, hoog en laag. Liedjies word met verskillende instrumente gespeel. Weer eens word die moeilikheidsgraad gemeet aan die ontwikkelingsvlak.

Musiek en musiekterapie kan vir die leerders met outisme in alle leerareas van nut wees. Musiek maak deure oop wat 'n verwondering inhou en het al verskeie leerders die geleentheid gegee om hul gevoelens uit te beeld (Inligtingstuk – E. Rinqest 2000).

xiv) Euritmiek

Euritmiek verwys na eksperimentele leer-intervensie. Elke kind se ervaring word sy of haar eie outoriteit. Hierdie proses fokus op luister en intense bewusmaking en om deel te voel van 'n groep.

Die voordele wat euritmiek vir die kind inhou, is onder meer:

- Koördinasie en konsentrasie word deur die vloeï van die musiek aangehelp;
- Dit is sinoniem met dissipline en gedragsmodifikasie, maar is sag, aangenaam en genotvol;
- Dit bevoordeel leerders met lae spiertone, koördinasie en integrasie van die linker- en regter-hemisfeer van die brein;
- Leerders kan hul eie behoefte van beheer en funksioneer verslap en net luister na wat die musiek hul lei om te doen;
- Die oorskakeling van een aktiwiteit na die ander verbeter en so word hul buigsaamheid aangemoedig;
- Musiek wat professioneel uitgesoek en lewendig uitgevoer word, is 'n ouditiwe massering en 'n opvoeding in sy eie reg. Leerders ontwikkel 'n oor vir goeie musiek.
- Sosiale bewustheid word baie prakties aangespreek, omdat die leerders 'n onsigbare sirkel moet behou en moet bewus wees van wat sy vriende aan beide kante doen.
- Die nabootsing van liggaamsbewegings, wat 'n groot probleem kan wees, vergemaklik en hul vermoë om vir langer periodes te fokus, verbeter.
- Dit bied 'n kalm en aanvaarbare ruimte waar die leerders vry voel om te eksperimenteer en deel te neem aan dit wat vir hul aangebied word en so innerlik kalm te word en dit te behou, en
- Dit is 'n terapeutiese ondervinding wat gedeel word tussen leerder en volwassenes.

Dit is dus duidelik dat die kind as 'n geheel ontwikkel en deur die aanraking van verskeie aspekte wat belangrik is vir ontwikkeling is daar 'n opflukking in die selfbeeld en onafhanklikheid (Kotshuba : 2004).

xv) Liggaamlike Opvoeding

Aangesien baie van die leerders met outisme se groot- en kleinspierontwikkeling 'n agterstand toon, is oefeninge, asook arbeids- en fisioterapie wat verskillende oefeninge behels, van die uiterse belang. Volgens Inligtingstuk - Reed (2000) kan die voordele soos volg uiteengesit word:

- Dit hou fisiese en verstandelike voordele in;
- Dit lei tot algemene gesondheid en fiksheid, laer bloedvlakke, asook die ontwikkeling van krag en die aanleer van nuwe vaardighede;
- Verstandelik lei dit ook tot laer spanningsvlakke, angstigheid en depressie. Dit verbeter slaappatrone en daar is meer interaksie, asook genot; en
- Die aandagspan kan verbeter en stereotipe gedragspatrone kan verminder. Kommunikasie en sosiale vaardighede kan verbeter. Dit lei ook tot beter selfkontrole, vermindering van aggressie, self-beserings en hiperaktiwiteit. Deelname in groepe kan ook verbeter en verhoudings met maats kan ontwikkel en selfs die bewuswording van ander.

Die leerders het die geleentheid om arbeidsterapie te ontvang, te gaan perdry, fietsry, stap, swem, in die borrelbad te sit en vryspel te geniet. Die gevolgtrekking waartoe gekom kan word, is dat die totale funksionering van die kind met outisme in sy ontwikkelingsplan belangrik sal wees.

xvi) Uitstappies

In aansluiting met dit wat reeds genoem is, kan uitstappies as deel van die benaderingsprogram genoem word. Die waarde van uitstappies wat gereeld onderneem word, is soos volg:

- Om die kwaliteit van die gestremde kind se lewe te verbeter;
- Om die kind bloot te stel aan lewensondervindinge;
- Om die kind bloot te stel aan 'n onbeskermdede omgewing;
- Om die kind bloot te stel aan situasies wat angstigheid en gedragsprobleme kan veroorsaak bv. die dokter, hospitaal, tandarts, vliegtuig, ens.;
- Om sosialisering met die buitewêreld bekend te stel;

- Aanmoediging van sosiaal aanvaarbare gedrag bv. in restaurante;
- Om die kind veranderinge aan te leer en die aanpassing in verskillende omgewingsituasies;
- Om die publiek van die gestremde bewus te maak asook sy plek in die samelewing;
- Om hul na plekke van belangstelling te neem;
- Vir groot motoriese vaardighede;
- Vir taalontwikkeling; en
- Vir genot.

Deur die leerders gereeld bloot te stel aan verskillende plekke en situasies, vergemaklik dit die proses vir die ouers en kan hul later met gemak uitgaan en hoef die kinders nie tuis te bly nie (Inligtingstuk – A. Leenderts 2000)

xvii) **“PECS: The Picture Exchange Communication System”**

Die laaste hulpverleningstrategie wat bespreek word, is PECS.

PEGS bied 'n gestruktureerde benadering vir die ontwikkeling van vroeë kommunikasievaardighede deur gebruik te maak van prente. Dit was oorspronklik ontwikkel deur Andrew Bondy en Lori Frost in die VSA vir voorskoolse leerders met outisme, maar het nou uitgebrei na alle leerders, ouers sowel as volwassenes, met kommunikasieprobleme. PECS is gebaseer op die ABA beginsel met 'n kind-gesentreerde and funksionele benadering: daar word gekyk na belangrike en betekenisvolle kommunikasie wat deur die kind geïnisieer word, eerder as om afhanklik te wees van aansporings deur volwassenes. PECS poog dan ook om kommunikasie te inisieer deur prentjies te ruil wat gepaard gaan met spraak. Die program is verdeel in ses fases (Frost & Bondy 2002). Een van die direkteure van die PECS program, Sue Baker, noem dat twee baie gereelde opmerkings kan wees: “Now that I know about it, it seems so obvious!” en “It is like the missing piece in the jigsaw” tydens haar toespraak 2004 by Vera Skool.

2.3 Samevatting

Vanuit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die leerder met outisme 'n verskeidenheid fasette toon. 'n Kind met outisme het dus beperkte moontlikhede om kommunikasie en sosiale gedrag te verstaan. Die lewenskwaliteit van kinders met outisme hang grootliks af van die manier waarop onderwysers, assistente en tutors hul agterstand sal verstaan en om aan te pas by die omgewing en hul manier van kommunikasie. Hul vind dit moeilik om die mense wat met hul werk en saamleef se oë, gebare en liggaamstaal te 'lees'. Dis vir hul moeilik om te verstaan wat die persone dink, hoe hul voel en watter intensies hul het. Die kind met outisme vind dit moeilik om die letterlike te oorbrug en kan nie die bedoeling agter gedrag insien nie.

Ouers van kinders met outisme is afhanklik van hulp sodat hul in staat kan wees om met hul kinders te werk en hul gedrag te kan hanteer. Ouers sukkel met 'n warboel van emosies wat verwardheid, onmag, verwerping, skuldgevoelens, selfverwyt, radeloosheid, terneergedruktheid, frustrasie, angs en spanning kan insluit weens hul mislukking om hul kinders met outisme sonder hulp van deskundiges te help.

Afsonderlike voorsiening van uiters gespesialiseerde opvoeding en onderwys is noodsaaklik. Kennis aangaande die oorsake en volle implikasies van outisme is essensieel vir die beplanning van die kind met outisme se opvoeding en onderwys. Die opvoeder mag hom nie blind staar teen definisies en klassifikasies nie en sodoende die besondere noodsituasie van elke individuele kind met outisme uit die oog verloor nie.

Vir hierdie navorser het dit deur ondervinding duidelik geword dat die persone wat met hierdie spesiale kinders werk, ook spesiale mense moet wees wat oor spesiale kwaliteite beskik. Daar moet wel gepoog word om die beste uit elke leerder te probeer haal, en elke leerder so onafhanklik as moontlik te probeer kry, maar sensitiwiteit moet aan die dag gelê word vir eienskappe wat daar is om te bly en dat elke leerder so aanvaar moet word soos wat hy/sy is en dat daar saam met hom/haar gejuig moet word.

HOOFSTUK 3

DIE GESTALTBENADERING IN DIE VERSTAAN VAN DIE KIND MET OUTISME

3.1 Inleiding

Met die bestudering van die literatuur is dit noodsaaklik om 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir die navorsing te ontwikkel. In hoofstuk 2 is 'n duidelike beeld gevorm oor die aard, omvang en beeld van die kind met outisme. In hierdie studie word die gestaltbenadering as teoretiese verwysingsraamwerk vir die beskrywing van hoe hulpverlening aan die kind met outisme geskied, gebruik.

Daar sal dus in hoofstuk 3 aandag geskenk word aan die verklaring van hoe die navorser die kind se totale funksioneringsproses verstaan. Hier sal dus gefokus word op konsepte soos bewustheid, kontakgrense en sensoriese ingesteldheid van die kind. Die rasionaal hieragter kan gevind word in wat Blom (2004:101) noem 'n voorvereiste vir emosionele uitdrukking. Oaklander (in Blom, 2004:101) bevestig hierdie stelling deur te sê dat die meeste sensoriese ondervindings 'n kombinasie van sintuie insluit en dat dit moeilik is om sensoriese ondervindings aan kinders bekend te stel indien alle sensore nie op die belewenis ingestem is nie.

Verhoogde kontakvaardighede word verder deur Blom (2004:128) as 'n belangrike stadium in die Gestaltspelterapeutiese proses beskou. Die verklaring van bewustheid, belewenis en sensoriese betrokkenheid word binne die gestaltbenadering as inherente funksioneringskenmerke van die kind gesien. Die belangrikheid van bewustheid en belewenis word verder deur Yontef (1993:144) beklemtoon wanneer hy sê:

"Awareness is a form of experience which can be loosely defined as being in touch with one's own existence, with what is ... the person who is aware knows what he does, how he does it, that he has alternatives and that he chooses to be as he is".

Die sentrale fokus van Gestaltterapie en die gestaltbenadering rondom die mens is dus 'n fenomenologiese metode om die kind te help om bewus te word van wat hy waarneem, voel (emosies) en doen (keuses te maak), wat hy dink, hoe hy optree, wat aangaan in sy liggaam en die belewenis van inligting vanaf sy sintuie. Die ontwikkeling van insig, verantwoordelikheid vir die self, herinneringe, hoe die kind kontak met die omgewing maak, sy verhoudinge met ander mense, sy inpak op die omgewing en anders om, asook die hantering van onvoltooidhede uit die verlede word binne 'n verklaarbare werkmodel geplaas.

Vanuit die gestaltbenadering vloei 'n terapeutiese hulpverleningsmodel naamlik die gestaltterapeutiese perspektief. Hierdie perspektief gee 'n hanteringsmodus vir die verklarings wat binne die benadering uiteengesit word.

Alhoewel Gestaltterapie fenomenologies is, hanteer dit ook die onbewuste deur te fokus op dit wat vanuit die onbewuste die hede of "hier-en-nou" beïnvloed. Bewustheid in die hier-en-nou beteken ook dat die kind die mate waartoe sy gedrag gereguleer of beheer word binne 'n bewustheidskontinuum beleef. Dit wil sê, geen belewenis kan onbewustelik geskied nie. Stephenson en O'Connell (1975:8) ondersteun hierdie stelling as hul argumenteer dat bewustheid gesien word as die primêre instrument om veranderinge in 'n individu se gedrag aan te bring.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die gestaltbenadering as teoretiese vertrekpunt bespreek word terwyl die gestaltterapeutiese proses deurgaans ingevleg sal word ten einde die benadering te verpraktiseer.

3.2 Begripsomskrywing van die toepaslike konsepte in die gestaltbenadering

3.2.1 Bewustheid

Bewustheid kan omskryf word as 'n proses waar die kind "bewus is". Hierdie bewus wees beteken dat hy sekere gevoelens, persepsies en behoeftes fisies ervaar en daarop kan reageer. Volgens Yontef (1993:23) kan bewustheid op enige plek waar dit die kind pas en die kind bereidwillig is om hom beskikbaar of oop te stel vir bewuswording, begin. Yontef (1993:203) omskryf bewustheid verder as " ... a form of experiencing. It is a process of being in vigilant contact with the most important event in the individual environment field with sensorimotor, emotional cognitive and energetic support". Hierdie komponente wat teenwoordig moet wees alvorens bewustheid bereik kan word, word ook deur Polster en Polster (in Joyce & Sills, 2003:28) soos volg omskryf:

"At its best, awareness is a continuous means for keeping up to date with oneself. It is an ongoing process; readily available at all times, rather than an exclusive or sporadic illumination – like insight – only at special moments or under special conditions. It is always there like an underground stream, ready to be tapped into when needed, a refreshing and revitalizing experience. Furthermore, focusing on one's awareness keeps one absorbed in the present situation, heightening the impact of therapy experience, as well as the more common experiences in life.

Vir die doeleindes van hierdie studie fokus bewustheid op 'n verdere komponent, naamlik volle bewustheid. Volle bewustheid is 'n voorvereiste vir organismiese selfregulering of verandering. Met die kind met outisme is die volle belewenis van bewustheid onbekend. Deur gestaltterapie word dus gestrewe na die bereiking van volle bewustheid.

'n Verdere aspek binne die konteks van bewustheid wat in die werksveld van outisme belangrik is, is sensoriese bewustheid. Hierdie aspek sal nou kortliks bespreek word.

3.2.1.1 Sensoriese bewustheid

Dit is belangrik dat die kind sensories opgeskerp moet word sodat hy homself kan leer ken en bewus word van gevoelens wat ontplooi. Clarkson (in Blom, 2004:98) noem in hierdie verband:

“The development of sensory and bodily awareness has specific therapeutic value from the gestalt approach, as it contributes to the child functioning again as holistic entity of thought, emotions and body. Individuals often lose their sensory awareness and sensitivity in respect of their bodies to a great extent as the result of traumatic events in their life”.

Hierdeur kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat deur te fokus op die kind se sensoriese en liggaamskontakfunksies, die emosionele belewenis van die kontakmaking beter betekenis vir die kind sal gee.

Die navorser sien dus dat deur van die sensoriese modaliteite gebruik te maak die kind tydens spel gehelp kan word om bewuswording te verhoog en deur al sy sintuie in te span en te fokus daar terselfdertyd aandag gegee word aan die emosies wat hierdeur gewek word.

➤ Eienskappe van Bewuswording

Die beskrywing deur Joyce en Sills (2003:27) naamlik dat bewustheid ‘n fundamentele positiewe, essensiële eienskap van ‘n gesonde lewenstyl is, is in hierdie studie van toepassing. Hul beskryf bewuswording verder as ‘n kontinuum van gebeure. Aan die een pool is totale onbewustheid of sogenaamde bewusteloosheid met ‘n liggaam wat asemhaal en sy basiese funksies reguleer. Daar bestaan egter altyd ‘n gereedheid vir die bewuswording van gevaar. Aan die ander kant van die kontinuum is volle bewustheid. ‘n Gevoel van ten volle opgewektheid, fyn en sensitiewe bewustheid van “om in die oomblik te wees” met ‘n gevoel van in kontak wees (connection), spontaniteit en vryheid. Die weg langs hierdie kontinuum wissel van dag tot dag, oomblik tot

oomblik, soms vervelig en oninteressante roetines, en dan weer by tye nuut en uitdagende oomblikke.

Verandering in gedrag is slegs moontlik wanneer die kind bewus raak van sy gedrag, die gebruikmaking van sy sintuie, asook motoriese en intellektuele modaliteite, aldus Stephenson en O'Connell (1975:8). Volgens Rumble (2003) sal daar binne die terapeutiese situasie aan die kind geleer word om sy bewustheid op te skerp deur al sy sensoriese modaliteite te benut. Vir die voltooiing van die onvoltooidhede uit die verlede, moet die kind dus ten volle "ondervind" of beleef in die hede. Die problematiek in die hulpverlening aan die kind met outisme spreek vanself. Die opskerping van sensoriese bewustheid is dus die uitdaging aan die spelterapeut indien die beleving van emosie by die kind met outisme vooropgestel word.

Bewuswording kan passief en aktief ervaar word. Die passiewe bewuswording is wanneer die kind bewus word van uiterlike omstandighede soos byvoorbeeld. geluide, koue of warmte. Die aktiewe element verwys na die interaksie tussen die individu en die omgewing, byvoorbeeld dors of honger.

Volgens Latner (1992:3) is daar 5 eienskappe van bewuswording wat ook in terapie binne die konteks van outisme baie belangrik is. Hierdie eienskappe kan kortliks soos volg saamgevat word:

- (1) Kontak: Hier word verwys na die proses waar die individu bewus word van verskille tussen hom en ander ten opsigte van sy optrede, gevoelens en belewenis.
- (2) Gewaarwording: Die proses van gewaarwording is wanneer die inligting wat uit die omgewing opgeneem word, die individu se sintuie aanspreek byvoorbeeld: verhoogde gehoorbewustheid, visuele en taktiele sensasies, terugvoering van die individu se eie liggaam.
- (3) Opwinding: Dit dek die hele reeks van emosionele en psigologiese prikkeling.
- (4) Figuur-formasie: Bewustheid word gevorm en ontwikkel op buitengewone maniere, dit wil sê sodra 'n aspek in die individu se lewe vir hom belangrik genoeg raak, word hy bewus daarvan.

- (5) Geheelwording: Geheelwording word ondervind as 'n enkele entiteit alle dele van die entiteit as een geheel beleef. Hierdie beginsel is ook dieselfde as die holisme wat beteken dat die geheel meer is as die somtotaal van al die dele.

Vanuit bogenoemde is dit dus duidelik dat bewuswording die hele wese van die kind betrek en dat daar gefokus word op dit wat van belang is vir die kind op daardie spesifieke oomblik.

3.2.2 Kontak en Kontakgrens

Kontak met ander is die kern van die menslike lewe. Perls (1973:15) sê dat elke kind, elke oomblik, deel is van 'n omgewing waar hy kontak maak met ander. Die verhouding tussen die kind en sy omgewing bepaal sy gedrag. Die manier waarop die kind funksioneer in sy omgewing, is hoe hy sy kontakgrens tussen hom en die omgewing beleef en uitdruk. Dit is ook hierdie grens waar die psigologiese gebeurtenisse plaasvind, naamlik gedagtes, aksies en gedrag. Die kind se emosies is die manier waarop die ontmoeting met die grensgebeurtenisse plaasvind. Kontak kan ook met homself geskied en verwys na wanneer die kind bewus word van verskillende dele van sy liggaam.

Kontak is ook die kwaliteit van bewuswording, wat die ontmoeting van verskille of teenoorgesteldes insluit. Sonder verskillendheid of teenoorgesteldes sal daar geen kontak wees nie. Latner (1992:3) verduidelik die kontakproses deur te verwys na 'n persoonlike verhouding tussen twee persone. Ten einde dit moontlik te maak vir twee persone om te ontmoet is 'n mate van verskillendheid nodig. Indien albei persone soos die ander een probeer wees, word kontak vermy.

Kontak is die manier waarop mense groei en verander. Kennedy (2003:3) noem dat elke keer as 'n kind dit waag om kontak te maak, hy na die rand van sy onmiddellike beperkinge beweeg. Dit lei tot die uitbreiding van sy bewustheid van self en sy moontlikhede.

Kontak is dus die interaksie wat 'n persoon het met sy omgewing. Dis die kern van menswees, want deur middel van kontak vind groei en verandering plaas. Deur kontakmaking verhoog die bewuswording van eksterne gebeurtenisse, asook interne gevoelens. Die kontakgrens kan ook,

indien dit versteur word, dui op 'n kontakgrensversteuring of neurose wat die kind verhoed om in balans met sy omgewing te wees.

Die kind met outisme beleef dus, indien sy optrede en gedrag binne die konteks van outisme verklaar word, 'n kontakgrensversteuring met sy omgewing. Hierdie kind is inderwaarheid nie in staat om op 'n gesonde wyse kontak met sy omgewing te bewerkstellig nie. Die tradisionele wyses waarop kontak met die omgewing bewerkstelling kan word, is gewoonlik nie toepaslik binne die konteks van outisme nie. Soos reeds in hoofstuk 2 gesien, is die redes hiervoor dikwels onbekend en nie werklik binne hierdie konteks ter sake nie. So sal alternatiewe wyses van kontakmaking met die omgewing ondersoek moet word ten einde die kind met outisme wel in kontak met sy omgewing te bring ten einde sy funksionering – wat sy persoonlike leerproses insluit – te verbeter.

3.2.3 Holisme

Soos reeds in vorige paragrawe genoem, kan die kind beskou word as 'n geïntegreerde organisme wat altyd as 'n eenheid funksioneer. Hierdie eenheid bestaan uit die somtotaal van hom en sy omgewing. Alhoewel daar dikwels 'n onderskeid tussen die dele van die individu gemaak kan word, kan hierdie dele nooit los van mekaar beskou word nie. Hierdie totale geïntegreerde eenheid waaruit die kind bestaan, sluit alle aspekte van funksionering in, naamlik emosie, liggaam, denke, persepsies en die fisiologiese en psigologiese funksionering. In die gestaltbenadering word dus na die individu in totaliteit verwys.

Die holistiese beskouing het 'n besondere uitkyk op outisme. Volgens bogenoemde bespreking kan van die veronderstelling uitgegaan word dat die omgewing nie geskei kan word van die individu nie. Die invloed van die omgewing het dus 'n daadwerklike uitwerking op die kind en sy optrede. Die voordeel van hierdie uitgangspunt kan gesien word in die feit dat dit ruimte laat vir interaksie tussen die omgewing en die kind. Soos reeds vroeër genoem, lê die uitdaging vir die spelterapeut dus daarin om die interaksie – wat onvermydelik is – tussen die kind met outisme en sy omgewing beter te omlin en te bestudeer. Die doelstellings van hulpverlening vanuit hierdie perspektief is dus van belang en sal vervolgens bespreek word.


3.3 Doelstellings van Gestaltherapie binne die konteks van Outisme

Gestaltherapie se doelstellings binne die konteks van outisme kan omskryf word as om bewuswording te verskerp, emosies te besit en om die verantwoordelikheid vir die self te aanvaar. Blom (2004:4) beskryf hierdie doelstellings van gestaltterapie akkuraat as sy noem dat dit 'n eksistensiële, fenomenologiese en holistiese benadering is met die klem op bewustheid in die hier-en-nou en die interafhanklikheid tussen mense en hul omgewing wat hul bewus maak van keuses wat hul kan maak aangaande hul gedrag om so die gehalte van hul lewe te verhoog.

Die basis van Gestaltherapie word deur Yontef (1993:7) beskryf as "*the power of experimentation, of trying something new and letting awareness emerge from the new experimental behaviour*". Die aanleer van bewustheid speel 'n belangrike rol. Dit is 'n proses wat onophoudelik groei en verdiep soos wat die bewustheidskontinuum toeneem. Bewustheid sluit komponente van kennis in, soos onder meer kennis van die omgewing, verantwoordelikheid vir keuses wat gemaak word, selfkennis en selfaanvaarding en die vermoë om kontak te maak en te verbeter. Die klem val dus vir die navorser skerp op die bewuswording en die ervaring van gevoelens. Saam met hierdie bewuswording en kennis van bewustheid het Joyce en Sills (2003:33) 'n bewustheidsirkel of bewustheidskontinuum beskryf. Hierdie bewustheidskontinuum illustreer die proses van bewustheidsontwikkeling in die kind en word soos volg deur hul beskryf:

"...the flow of awareness is through a metaphor called the 'cycle of experience'. It is a simple and powerful way of tracking the formation, interruption and completion of emerging figures. It identifies stages from the moment of experiencing a sensation, to recognizing and naming it, to making sense of it and deciding how to respond, to taking action, making fully aware contact with the situation, then completing and withdrawing energy ready for the next cycle".

Dit kan soos volg geïllustreer word:



Figuur 3:1 - Die bewustheidskringloop van Joyce en Sills

Hierdie bewustheidskringloop kan verklaar word aan die hand van 'n nimmereindigende proses van gewaarwording wat begin met bewustheid van 'n behoefte, die mobilisering van energie om hierdie behoefte te bevredig, die oorgaan tot aksie, kontakmaking met die omgewing waarna daar bevrediging of 'n gevoel van satisfaksie beleef word, waarna onttrekking uit die omgewing geskied. Die finale stadium (The Fertile Void) onderstreep die waarde van eenvoudig net "daar" te wees in die volle bewustheid van die self in die wêreld. Vir die terapeut is hierdie finale stadium 'n plek om vormend neutraal, ingestel en beskikbaar te wees sonder voorbehoud. Dikwels is dit ook die tyd waar die kind sogenaamd "behoefteeloos", "rigtingloos met betrekking tot behoeftes" of "neutral" is. Joyce en Sills (2003:36) beskryf hierdie laaste fase as die sogenaamde oorgawe tot die

voortreflikheid van organismiese selfregulering, sowel as oorgawe tot die verskyning van die geestelike dimensie.

Die toepaslikheid met betrekking tot die kind met outisme kan gevind word in die wyse waarop die spelterapeut saam met die kind deur die bewustheidskontinuum beweeg en die kind se instrument tot kontakmaking met die omgewing word. Dit kom dus daarop neer dat die spelterapeut die kind begelei deur die bewustheidskontinuum en as instrument belewenis vir die kind bewerkstellig.

Die vraag kan egter gevra word hoe hierdie bewustheid bewerkstellig kan word indien daar 'n kontakversteuring soos outisme teenwoordig is. Polster en Polster (1973:208) beskryf verskeie wyses waarop bewuswording versterk kan word. Hierdie wyses sal vervolgens bespreek word.

3.3.1 Versterking van bewuswording

Die belangrikheid vir versterking van bewuswording is van belang as daar na die spelterapeutiese proses van outisme gekyk word. Dit is duidelik dat indien daar vrees vir bewuswording bestaan – soos in die geval van outisme - dit aanleiding kan gee tot 'n wanbalans, verleentheid of aanvallende gedrag wat deur Polster en Polster (1973:208) beskryf word as 'n bewustheidsvermyding of kontakgrensversteuring.

Die bewusmaking van emosies en ervarings by die kind is volgens Rumble (2003:3) deel van die verantwoordelikheid van die terapeut. Bewusmaking kom deur verskeie oefeninge of deur sensitiewe leiding wat die kind se aandag toespits op besonderhede van sy eie gedrag wat van toepassing is, maar dikwels geignoreer word. Deur bewus te word van die omgewing, optrede en gedrag kan 'n verskuiwing van onbewustheid na sensasies en gevoelens binne die kind bewerkstellig word.

Wanneer daar met die kind met outisme gewerk word, moet sensoriese bewustheid beklemtoon word. Hierdie sensoriese bewustheid sluit onder meer taktiele bewustheid (die gevoel van klei, of die aanraak van 'n voorwerp), gehoor (geluide), visuele bewustheid en reuke in. Die kind word

aangemoedig om uit te reik en te ervaar. Hierdie ervaring word dus aan sy sintuie gekoppel. Yontef (1993:18) noem in hierdie verband:

"Promoting children's awareness as objective of gestalt play therapy implies that children are placed in full contact with themselves, and that they take responsibility for their choices. The concepts of awareness, responsibility, choices and freedom are interdependent within the gestalt play therapeutic process, as these aspects influence one another".

Wanneer bewuswording bereik is, kan 'n gevoel van 'n aangename oorwinning voortvloei. Spanning kan verlig wees en energievlakke kan verhoog. Die moed om te volhard kan sterk na vore kom.

3.3.2 Weerstand teen bewusmaking en kontak

Binne die konteks van die gestaltbenadering kan outisme as 'n egoversteuring beskryf word. Hierdie egoversteuring dui op weerstand teen kontakmaking met die omgewing. Verskeie verdedigingsmeganismes binne die gestaltbenadering word as ego-versteurings aangedui. Dit sluit onder meer retroleksie, desentralisering, introjeksie en projeksie in en word in werking gestel om selfbewussyn weg te hou van bewuswording. Hierdie strategieë blokkeer dus die totale bewuswordingsproses. Gedurende 'n terapeutiese sessie word daar gedurig klem gelê op die bewusmaking van daad en om so verantwoordelikheid vir gedrag te aanvaar. Joyce en Sills (2003:36) postuleer soos volg: *"Owning and accepting responsibility for our experience and responsibility to our community is the hallmark of mature, contact-full living"*. Hul noem ook dat die individu verkies om gerieflik te leef en bewuswording van eksistensiële realiteite, soos dood, eensaamheid, isolering, onsekerheid, vryheid, verantwoordelikheid en verpersoonliking, vermy. In die geval van die kind met outisme vermy hy alle kontak en isoleer sy belewenis tot 'n wêreld van algehele afsluiting van die omgewing.

Om ten volle bewus te word van realiteite in die wêreld veroorsaak by hierdie kind onnatuurlike spanning en angs. Volgens Oaklander (1978:71) word weerstand tydens 'n terapie-sessie verwag,

gerespekteer en verdra. Weerstand is dus die kind se verdedigingsmeganisme om homself te beskerm.

Volgens Blom (2004:20,21) vind kontakgrensversteurings plaas wanneer die kind nie meer in staat is om 'n gesonde balans tussen homself en die wêreld te vorm nie. Met outisme is die kind nie in staat tot toepaslike bewuswording nie en kan hy nie langer reageer op ware behoeftes nie. Hierdie neurose strem die voltooiing van 'n gestalt en veroorsaak totale wanbalans in alledaagse funksionering. Die grens tussen die self en die omgewing word onduidelik of verdwyn. Hierdeur word beide kontak en bewustheid versteur.

Die volgende kontakgrens- of egogrensversteurings wat toepaslik binne die konteks van outisme is, word vervolgens bespreek.

3.3.2.1 Introjeksie

Volgens Aronstam, Yontef en Jacobs in Blom (2004:22) aanvaar die kind ander se idees en houdings sonder om dit te kritiseer of te bevraagteken wanneer na introjeksie verwys word. Die inhoud van dit wat aanvaar word, word nie geassimileer nie en bly vreemd en onverwerk. Die kind offer sy eie opinie en waardes op en aanvaar ander se idees sonder enige vrae. Hy bly dus kritiekloos. 'n Introjeksie kan 'n idee, houding, geloof of gedrag insluit. Volgens Yontef en Simkin in Blom (2004:22) kan introjeksie kan die oorsaak wees van die ontwikkeling van 'n rigiede persoonlikheid. Volgens Clarkson en Mackewn in Blom (2004:23) veroorsaak introjekte dat natuurlike organismiese selfregulering nie geskied nie en bly behoeftes onvoltooid. In die geval van outisme kan gedrag deur die kind met outisme waargeneem word maar nie geassimileer word nie. Die inhoud van die gedrag word dus nooit deel van die kind se funksionering nie en beteken dus niks in terme van sy ontwikkeling of groei nie.

Blom noem verder dat tydens introjeksie kinders aspekte van die omgewing inneem sonder om die positiewe en negatiewe aspekte te oordink. Die gevolg is dat introjeksie nooit werklik deel word van die kind nie, alhoewel dit sy funksionering beïnvloed. Jong kinders neem aspekte soos gedragspatrone, reëls vir aksies en maniere aan as introjeksies. Hierdeur leer hul hoe om in

sekere situasies te reageer. Die kind met outisme is egter nie instaat om verskillende ondervindings en menings te verstaan nie en neem dus geen verantwoordelikheid vir gebeure in sy lewe nie.

Volgens Blom (2004:28) het introjeksies 'n negatiewe invloed op 'n kind se selfbewustheid en kry hy van jongs af die boodskap dat sekere emosies negatief is en nie ervaar en uitgedruk mag word nie. Omgewingsinvloede soos die manier waarop ouers hul kinders dissiplineer, kan ook introjeksie veroorsaak. Kinders wat gereeld hoor hul is stout, dom of selfsugtig, kan hierdie boodskappe introjeksies maak en volgens hierdie etiket begin leef.

3.3.2.2 Projeksie

Projeksie word volgens Yontef, Yontef en Simkin en Hardy in Blom (2004:24) beskryf as 'n toestand waar die omgewing verantwoordelik gehou word vir wat in die self gebeur. Blom (2004:24) noem dat projeksie beskryf kan word as die kind se poging om van sy verbeeldingryke introjekte ontslae te raak en nie verantwoordelikheid vir optrede te aanvaar nie. Gedrag word dus na buite geprojekteer. Deur projeksie sal 'n kind sy eie persoonlike ervaring ontken. Yontef (1993:9) beskryf projeksie as *"..confusion of self and other that results form attributing to the outside something that is truly self"*. Latner (1992:16) sluit hierby aan as hy sê dat die kind tydens projeksie aan albei kante van die kontakgrens is. In die konteks van outisme kan projeksie dikwels voorkom waar die kind sy emosionele belewenis misken en uiting daaraan gee deur middel van woede, katatoniese uitdrukking of repeterende gedragspatrone.

3.3.2.3 Samevloeiing

Samevloeiing vind plaas wanneer daar geen grense tussen die kind en sy omgewing is nie. Alhoewel hierdie vorm van ego-versteuring soms blyk om nie deel te wees van outisme nie, is dit juis dikwels die verbandhoudende probleem van outistiese gedrag. Die kind met outisme kan juis nie differensieer tussen waar hy sogenaamd "ophou" en sy omgewing "begin" nie. Hy toon dus 'n algehele onvermoë om grense te bepaal en sluit ter selfbeskerming totaal af. Hierdie gebrek aan grense het 'n negatiewe invloed op die kind se positiewe kontakmaking met ander (Yontef &

Simkin, Clarkson, Clarkson & Mackewn in Blom (2004:25). reken dat samevloeiing die proses is waar die kind *"may incorporate too much of themselves into others or incorporate so much of the environment into themselves that they lose touch with where they are"*.

Kinders wat van samevloeiing gebruik maak, het nie 'n grens wat hul "ek" en "nie ek" skei nie. Oaklander in Blom (2004:26) is van opinie dat *"...the child who discloses confluence has a poor sense of self. These children usually act as pleasers in that they are prepared to do anything that is expected of them"*. Binne die konteks van outisme lê die uitdaging juis daarin om die grense van die kind met outisme beter te definieer en te omlyn met 'n sensoriese medium waaroor hyself beheer het.

3.3.2.4 Desensifisering

Hierdie kontakgrensversteuring kan gesien word as die proses waar die kind homself uitsluit van sensoriese en fisiese ondervindings wat verband hou met pyn en ongemak. Sensoriese ondervindings en emosionele assosiasies word nie gewaardeer nie en weggehou van die kind se voorgrond (Clarkson, Clarkson & Mackewn in Blom 2004:29). Blom (2004:35) gaan verder deur hierdie proses te beskryf as *"...the process by which we numb ourselves to the sensation of our bodies"*. Die kind raak gehard teen fisiese mishandeling en voel dit letterlik nie meer nie. Oaklander in Blom (2004:30) sê dat kinders wat mishandel word of een of ander vorm van trauma ervaar, hul dikwels desensifiseer om sodoende hulself te beskerm teen seerkry. Dit beteken ook dat die kind wat homself desensifiseer nie sensoriese of fisiese kontak met die self het nie. Hierdie kind sukkel dikwels met emosionele kontakmaking omdat hy nie die fisiese ondervinding van die emosionele kan skei nie.

3.4 Sensoriese kontakmaking

'n Baba word gebore met 'n primitiewe sensoriese sisteem wat groei en ontwikkel en die nuuskierigheid en waarneming van hierdie kind laat toeneem soos wat hy opgroei. Die belangrikheid van sensoriese kontakmaking in spelterapie met die kind wat met outisme presenteer, kan gevind word in die feit dat die kind met outisme dikwels geïsoleer word van

leefwêreldbelewensisse wat hom kan voorberei op beter lewenskwaliteit. Schoeman (1996:42) noem verder in dié verband: *"It is important to afford them the opportunity to make sensory contact with their external environment, as they must continuously make choices in their life which must be acceptable in the community"*. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat sensoriese kontakmaking onmoontlik is sonder die fisieke uitreiking na die eksterne omgewing. Oaklander (1988:128) ondersteun hierdie stelling as sy sê: *"As children become disconnected from their bodies, they loose a sense of self and a great deal of physical and emotional strength as well"*. Die kind wat getraumatiseer is desensifiseer homself dus sensories vir selfbeskerming teen verdere seerkry.

Die jong kind maak volgens Blom (2004:99) gebruik van verskeie sintuie om kontak met sy fisiese omgewing te bewerstellig. Dit sluit onder meer die volgende in:

- Sig-sintuig om die wêreld te ontdek en om kennis in te win. Dit bevorder hul bewustheid van hulself, gee hul innerlike sterkte en selfvertroue.
- Gehoor-sintuig gee kind die vermoë om te hoor wat hul wil hoor en om die onplesierige goed te ignoreer. Gehoor is 'n intense sensoriese observasie en emosionele kontakmaking. Deur klank te kan produseer kry die kind 'n gevoel van beheer.
- Reuk-sintuig help om inligting te versamel ten einde te kan onderskei tussen aangename en onaangename gebeure vanuit die verlede. Hierdeur kom die kind in kontak met spesifieke emosies.
- Die gevoel-sintuig stel die kind instaat om te sosialiseer deur aanraking. Aanraking deur ander persone bring ook 'n spesifieke boodskap mee.
- Smaak word deur die tong ervaar. Hierdie sensitiewe orgaan help om emosies te verbaliseer en om kontak met die omgewing te maak. Al die bogenoemde sensoriese funksies speel 'n baie belangrike rol ten opsigte van emosionele kontakmaking by kinders. Wanneer kinders trauma ervaar, sluit hul sensories, fisies en emosioneel af om hulself teen verdere pyn te beskerm en funksioneer nie as 'n holistiese wese nie. Sensoriese bewustheid het ook 'n direkte invloed op 'n kind se kontakmaking met die omgewing. Daarom is dit goed as kinders gedurende die terapeutiese proses in kontak kom met die omgewing deur hul sintuie. Die navorser het deur ondervinding beleef dat leerders met outisme dikwels probleme het met sensoriese bewustheid, byvoorbeeld die een eienskap wat kenmerkend is van leerders met outisme is dat hul hul ore toedruk as gevolg van

sensitiwiteit, asook maak asof hul doof is en hul totaal afsny van die buitewêreld. Die gevoelsintuig is ook dikwels taktiel en gevoelig vir aanraking.

Polster & Polster (1973:102) noem dat sensoriese en motoriese funksies die wyse is waarop kontak gemaak word, maar dat die *manier waarop* kontak gemaak word goeie kontak verseker. "*Contact extends into interaction with inanimate as well as animate objects. Contact can also be made with memories and images, experiencing them sharply and fully*". Elke emosie het dus 'n verbintenis met die liggaam en daarom ontwikkel kinders liggaamshoudings vanaf kleins af soos hul liggame reageer op emosies. Blom (2004:100) noem dat asemhaling 'n belangrike deel is van liggaamlike bewustheid, veral by kinders wat angste en vrees ondervind. Sy haal Oaklander (1997) aan wat verskeie asemhalingsoefeninge en fisiese aktiwiteite aanbeveel. Sy verwys ook verder na die kind se liggaamshouding wat ook 'n bewys is van die kind se liggaamlike en emosionele bewustheid as 'n basis van die self.

Dit is dus duidelik dat sensoriese kontakmaking van uiterste belang is vir alle kinders sowel as die kinders met outisme wat dit moet aanleer. Sensoriese kontakmaking is onontbeerlik vir kinders om emosioneel in kontak te kom met hulself. Verskillende oefeninge wat geen bedreiging inhou en geen emosionele betekenis het nie, kan gebruik word om kontakmaking te verhoog. Hierdie tegnieke sluit ook aan by die kind se selfbewustheid sodat hy bewus kan wees van sy liggaam se reaksie op 'n spesifieke emosie (Blom 2004:110).

Bewustheidskontinuum of bewustheidsvlakke en sensoriese kontakfunksies is dus verwant aan mekaar en kan nie binne die hulpverleningsproses van mekaar geïsoleer word nie. Joyce en Sills (2003:30) verwys na sones van bewustheid binne die individu. Hierdie sones sal kortliks bespreek word.

3.5 Sones van bewustheid

Daar word onderskei tussen drie bewusmakingssones, naamlik die innerlike, middel- en uiterlike sone. Hierdie drie sones funksioneer as geheel maar het elk 'n eie unieke funksie binne die proses van bewustheid. Dit is belangrik om die geheel van die sones te verstaan en binne konteks van

hulpverlening nie die drie as afsonderlike entiteite te beskou nie, aldus Joyce & Sills (2003:30). Vir die terapeut is dit 'n assesseringsmiddel en vir die kind om alle aspekte van homself in sy bewustheid in te sluit.

3.5.1 Die innerlike sone

Hierdie innerlike sone wat Joyce & Sills (2003:30) noem, verwys na die innerlike wêreld van die kind wat dikwels onopmerkbaar vir die spelterapeut is. Dit sluit subjektiewe intieme sensasies in soos onder meer spanning, hartklop, asemhaling, en 'n mengsel van liggaamlike sensasies en gevoelens wat bekend staan as die liggaamlik-afektiewe toestand. Die belewenis van emosie sal ook in hierdie sone gevind word.

Die mees algemene wyse om verhoogde bewuswording in die innerlike sone te bewerkstellig, is om die kind se aandag te vestig op sy liggaam en sensasies. Vrae soos: 'Hoe voel jy nou?', 'Watter gewaarwordings ondervind jy nou?' of 'Ek merk op dat jy baie vlak asemhaal' of 'Ek merk spanning in jou beenspiere' is in hierdie omstandighede van pas.

3.5.2 Die uiterlike sone

Hierdie bewustheid is die kontak met die buitewêreld, wat gedrag soos spraak en optrede omsluit. Dit sluit in die gebruik van die sintuiglike kontakfunksies soos sien, hoor, praat, proe, voel, ruik en beweging wat die verskillende maniere waarmee kontak gemaak word met die wêreld verteenwoordig. Joyce en Sills (2003:31) noem dat die uiterlike sone ook 'n belangrike rol in die maak van keuses en veranderinge in gedrag speel, om verskillende reaksies van ander mense te kry, om bewus te word van wat jy doen en die invloed daarvan op ander en die self te bepaal. Deur die kind se aandag te verskerp op sy aksies, bewegings of gedrag in sy omgewing, verhoog sy bewustheid. Wees bewus van die wêreld om jou en wat jy waarneem. Wat hoor jy? Mag ek jou terugvoering gee oor hoe jy teenoor my optree?

3.5.3 Die middelstone

Die middelstone bestaan uit denke, herinneringe, fantasieë en voorgevoel. Dit sluit al die maniere van hoe die kind bewus word van die uiterlike en innerlike stimulasies in. Dit tree op as tussenganger tussen die uiterlike en die innerlike. Een van die hoof-funksies is om alle ondervindings te organiseer en dit te bring tot 'n kognitiewe en emosionele verklaring. 'n Verdere funksie is om te voorspel, verbeel, te skep en om keuses te maak.

Die middelstone omsluit ook geloof en herinneringe. Hierdie stone is dus die hoofrede vir probleme en bekommernisse in die onvermydelike. Dit omsluit ook die kind se selfbeperkende oortuigings, sy vaste oortuigings van hoe om die wêreld te verstaan en sy tendens om sy hede te vul met gedagtes van die verlede en die toekoms. In die middelstone etiketteer hy sy ervarings wat uiteindelik sy gevoelens bepaal.

Dis belangrik om nie veronderstellings te maak oor hoe die kind mag dink of optree nie. Die middelstone is heel moontlik die mees subtiele een van die drie stones.

'n Normale, gesonde kind beweeg heen en weer tussen die drie stones in sy daaglikse lewe. Wanneer bewustheid in een stone gewichtig word, kom ongebalanseerde funksionering voor wat soms problematies kan wees, aldus Joyce en Sills (2003:32). Dit is dus belangrik om te besef dat die funksionering van die kind met outisme dikwels binne hierdie bewustheidsstones versteur is. Die manier waarop die terapeut en die kind 'n verhouding het, kan 'n kragtige instrument word waarmee al drie stones van bewustheid ondersoek kan word. Die kind se reaksies van oomblik tot oomblik demonstreer hoe hy bewus is, asook die areas waarin hy nog nie bewus is nie. Deur die verhoging van bewuswording ontstaan fisiese opwekking gedurende die herstellingsproses wat binne die hulpverleningsproses as instrument aangewend moet word.

Deur die identifikasie van hierdie drie stones en die bewuswording van watter belangrike rol elkeen op sy eie speel en hoe die een die ander aanvul, is dit vir die navorser weer eens 'n beklemtoning van hoe belangrik dit is dat 'n kind holisties in kontak moet wees om optimaal te kan funksioneer. Dis ook duidelik dat die kind met outisme 'n groot agterstand het wat hierdie bewustheidsstones

betref, aangesien sy bewuswording uiters moeilik plaasvind en nie as 'n natuurlike proses manifesteer nie.

3.6 Samevattend

Dit is dus duidelik afleibaar uit die hoofstuk dat sensoriese integrasie die proses is waar sensoriese kontakfunksies en inligting vanuit die omgewing in die brein georganiseer word, soos byvoorbeeld die vermoë om in te neem, uit te sorteer en kontak met die omgewing te bewerkstellig. Hierdie is die mees kardinale aspek in spelterapeutiese werk met die kind wat presenteer met outisme. Dit is juis sy kontakfunksies met die omgewing wat versteur is. Deur sensoriese integrasie werk al die dele van die senuweesisteem saam sodat die kind in staat is om met die omgewing effektiewe interaksie en gepaste gemoedsrus te hê. Dit sluit optrede in die klas, op die speelgrond, tydens daaglikse aktiwiteite en in verhoudings met ander in.

Indien hierdie aspekte by die kind met outisme ontbreek, sal die oplossing gevind moet word in 'n kragtige medium wat die bewustheidsvlakke van die kind beter kan aanspreek. In hoofstuk 4 word die benutting van diergefasiliteerde speltherapie as oplossing hiervoor ondersoek en bespreek.

HOOFSTUK 4

DIERGEFASILITEERDE TERAPIE

4.1 Inleiding

In Hoofstuk 3 is gefokus op bewusmaking, kontakgrense en sensoriese ingesteldheid. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie afdeling van die menslike proses telkens ontbreek by die kinders met outisme, daarom is dit belangrik om hul sensories te stimuleer en so hul konsentrasie te probeer verleng en hul bewusmaking op te skerp. Diergefasiliteerde terapie bied 'n waardevolle alternatief en kan van onskatbare waarde wees vir kinders met outisme.

In Hoofstuk 4 sal dus gefokus word op die benutting van diergefasiliteerde terapie met die kind met outisme. Die rasionaal vir die gebruik van diergefasiliteerde terapie kan gevind word in die agtergrond, ontwikkeling en geskiedenis van diergefasiliteerde terapie.

Alhoewel wetenskaplike navorsing van diere-terapie eers na 1960 aangeteken is, is daar alreeds so vroeg soos 1792 verwys na diere wat in terapie gebruik is in England. Na die dood van 'n kranksinnige lid van die Society of Friends, het William Tuke begin ondersoek instel na 'n beter vorm van behandeling vir die inwoners en is The York Retreat gestig wat tuinmaak, oefeninge en die teenwoordigheid van diere, soos voëls en hase, in hul program ingesluit het (Hooker, Freeman & Stewart 2002:18).

Selfs Florence Nightingale het die terapeutiese waarde van diere besef en was vir haar uiltroeteldier, Athena, baie lief. Hooker, Freeman en Stewart (2002:18) noem ook dat die Secretary of the Interior, Franklik K. Lane, in 1919 in die Verenigde State voorgestel het dat honde vir die psigiatriese pasiënte in die St Elizabeth's Hospital in Washington, DC gebruik moes word. In 1942 het die US Military diere-terapie by die Pawling Army Air Force Convalescent Hospital in Pawling, New York gebruik.

Eers in 1961, nadat Dr Boris Levinson sy observasies begin dokumenteer het, het die gesondheidsversorgingsveld die intergrasie van diere-terapie wettiglik begin erken. Hy het diere as 'n oorgangsmiddel gebruik waarmee pasiënte kon bind wat later selfs 'n terapeut kon insluit.

Die mees onlangse en uitgebreide gebruik het in 1990 begin met Dr William Thomas' creation of the Eden Alternative. Hy het daarna gestreef om eensaamheid en verveling te verminder en geleenthede te skep waar inwoners meer van hulself kon gee. Hy wou die natuurlike wêreld, wat diere insluit, bring na die persone wat langtermyn daar was. Diere-terapie het hieruit ontwikkel en word steeds vandag in navorsing as dinamiese alternatief vir verskeie emosionele hulpverleningsprosesse benut.

Soos reeds vermeld, het Boris Levinson, 'n Amerikaanse kinderpsigiater, sogenaamde "Animal Assisted Therapy" (AAT) begin. Dr Levinson was die eerste persoon wat geskryf het oor die gebruik van 'n hond as 'n instrument wanneer daar met die kind gewerk word. Hy het opgeteken dat die hond se aanwesigheid 'n positiewe uitwerking gehad het op die begin van kommunikasie, die versagting van teenstand en die opbou van 'n verhouding.

Fine (2000:xxxii) noem dat Levinson noem dat geselskapdiere nie net terapeutiese of emosionele beserings in kinders aanspreek nie, maar ook bydra tot die gesonde ontwikkeling van die kind.

"Pets decrease alienation by providing communication with nature- contact, comfort, and companionship. Pets may play a crucial role in a child's emotional development and abort mental illness, particularly in homes devoid of affection and emotional security. The pet may thus become the touchstone with which the child approaches himself and reality. Love for the pet creates a relationship of mutual trust and confidence while building a bridge to the future and to greater self-awareness".

Soos afgelei kan word, bestaan goeie konkrete navorsing rondom diergefasiliteerde terapie, en die benuttingswaarde daarvan met die kind. Toepassing met die kind wat presenteer met outisme sou dus ook binne hierdie spektrum beskryf kan word. Dit is egter verder belangrik om 'n kliniese beeld rondom alle komponente van diergefasiliteerde terapie daar te stel. Hierdie kliniese beeld moet 'n

oorsig bied rondom die aard, taak, omvang en toepaslikheid van alle aspekte van diergefasiliteerde terapie alvorens die toepaslikheid van diergefasiliteerde terapie binne outisme bestudeer kan word.

4.2 Die waarde van mens-dier verhoudings

Alhoewel die opgetekende geskiedenis 'n goeie blik bied op die verhouding tussen mens en dier, bestaan daar in die literatuur heelparty komponente wat die waarde van mens-dier interaksie beskryf. Hierdie literatuur bied aan die navorser 'n agtergrondsbeeld van die toepassingsmoontlikhede binne diergefasiliteerde terapie.

4.2.1 Diere as agente vir sosialisering

Sosialisering kan beskryf word as 'n proses waar blootstelling of bekendstelling van optrede of gedrag opgeneem word in 'n kind se alledaagse handel. Diere kan 'n groot leemte vul by mense, veral by kinders wat nie sosiaal goed aangepas is nie. Binne die konteks van outisme kan die vertroeteling van verhoudings met diere lei tot 'n sosialiseringsfunksie. Locke in Fine (2000:12) skryf dat deur honde, eekhorings, voëls of enige ander dier aan kinders te gee om na te kyk, teer gevoelens en 'n sin vir verantwoordelijkheid mag meebring.

4.2.2 Diere as hulpmiddel binne Psigoterapie

Volgens Sigmund Freud bestaan 'n ooreenkoms tussen kleuters en jong kinders en diere, aangesien hul gedryf word deur instinktiewe begeertes en impulse wat georganiseer word rondom basiese biologiese funksies soos eet, uitskeiding, seksualiteit en uithouvermoë. Hy verwys na die basiese, dierlike aspek van menslike natuur as "*id*". Die kinders word ouer terwyl hul versorgers hul "makmaak" en sosialiseer deur vrees en skuldgevoelens te wek wanneer die kinders nie optree soos hul sogenaamd veronderstel is nie. Kinders reageer op hierdie uiterlike druk deur hul begeertes te onderdruk. Freud reken dat verstandelike siektes die gevolg is en as daar nie 'n gesonde en kreatiewe uitlaatplek in die later lewe is nie, 'n wanbalans in bewussyn mag ontstaan (Shafton in Fine 2000:14). Hieromtrent haal Fine (2000:14) Levinson soos volg aan:

“One of the chief reasons for man’s present difficulties is his inability to come to terms with his inner self and to harmonize his culture with his membership in the world of nature. Rational man has become alienated from himself by refusing to face his irrational self, his own past as personified by animals”.

Levinson noem verder dat diere ‘n halfwegstasie vorm na emosionele herstel (Fine 2000:14). Die toepaslikheid van psigoterapie en diere as hulpmiddel is nie die fokus van hierdie studie nie, maar beklemtoon die belangrikheid van die bewussynsvlakke van die kind en die wyses waarop hierdie bewussynsvlakke bereik kan word.

4.2.3 Diere, ontspanning en sosiale ondersteuning

Diere vorm ‘n belangrike deel van ontspanning en sosiale ondersteuning (Friedman in Serpell 2000:15). Twee belangrike aspekte hieromtrent is onder meer dat:

- Diere onmiddellike fisiologiese afplating van spanning bring deur slegs die aandag te trek en te behou; en
- Geselskapsdiere die vermoë het om mense se spanningsvlak te verlaag of spanningsverwante sosiale ondersteuning te gee.

Altschuler (1999:29) noem dat ‘n “post-traumatische-spannings-stoornis” pasiënt genoem het dat sy angsvlak gestyg het wanneer hy verwyder was van sy troeteldier. Eensaamheid en die afwesigheid van sosiale ondersteuning is ‘n pynlike en onplesierige sensasie.

In die afgelope 10 jaar het uitgebreide mediese literatuur ‘n sterk positiewe verbinding tussen sosiale ondersteuning en oorlewing bevestig (Eriksen; Esterling in Fine 2000:16 Brodie, Biley & Shewring 2002:444; en Graham 1999:123). Die mediese navorsing het bevestig dat die enigste verhouding wat van belang is, is die een tussen mense na aan mekaar soos vriende, huweliksmaats en nabye familielede. Wanneer hierdie verbintenisse ontbreek en die dier as substituuat gebruik kan word, kan dieselfde belewenisse verkry word.

4.3 Die benutting van diergefasiliteerde terapie

Vanuit die vorige bespreking is dit duidelik dat diere 'n positiewe uitwerking op die mens mag hê. Dit is egter belangrik om die verhouding tussen mens en dier binne die konteks van terapie te bespreek.

Levinson in Beck (2000:21) noem in dié verband: *"Animals have generally played a great role in human ecological adjustment. In other words, there is much reason to believe that man's psychological needs were the primary cause for domestication of animals"*.

Baie van die terapeutiese gebruike van diere is die verlenging van gesondheidsvoordele vir dié wat met diere werk. Diergefasiliteerde terapie sluit nie net die benutting op emosionele vlak in nie, maar ook die terapeutiese benutting in mediese sorg en herstel.

"The non-judgemental, accepting and non-defensive attitude of companion animals, their ability to make spontaneous contact, show love and admiration, give support and physical assistance, and relieve stress and loneliness are but some of the advantages of human-animal interaction programmes for people with physical and developmental disabilities (Van Heerden:2002:38)".

'n Onlangse bewys is dat diere nie net help met die herstelling van kardiovaskulêre siektes nie, maar dit ook help verhoed (Anderson in Beck 2000:22) Die kombinasie tussen mediese sorg en emosionele versorging is deur Siegel in Beck (2000:23) beskryf as 'n holistiese benadering tot algehele herstel. Die benutting van diergefasiliteerde terapie sluit dus ook die komponent in waar die dier deel vorm van die terapeutiese herstelproses. 'n Verdere belangrike aspek is die benutting van die dier as terapeutiese agent. Hierdie aspek word vervolgens bespreek.

4.4 Die benutting van diere as terapeutiese agente

Die verskil tussen die benuttingswaarde van diergefasiliteerde terapie en die benutting van diere as terapeutiese agente kan gevind word in die mate van betrokkenheid in die terapeutiese proses.

By Alzheimer pasiënte is gevind dat die teenwoordigheid van 'n hond, sosiale gedrag soos glimlagte, lag, kyk en aanraking, tydelik of permanent kan verander (Kongable en Batson in Beck 2000:25). 'n Toets wat gedoen is met pasiënte in 'n kamer met voëls en ander in 'n kamer sonder voëls, het bewys dat dié in die kamer met voëls gemakliker gepraat en deelgeneem het as dié in die kamer sonder voëls. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat diere die kwaliteit van die omgewing verbeter het (Beck 2000:25).

Binne 'n milieu waar die dier as terapeutiese agent optree, fokus die terapie op die dier as veranderingsagent terwyl diergefasiliteerde terapie slegs die dier as hulpmiddel of ondersteunende komponent van die terapeutiese proses beskou.

Die verskil tussen dier as terapeutiese agent en diergefasiliteerde terapie binne die konteks van outisme kan gevind word in die frekwensie en permanensie van benutting. Diergefasiliteerde terapie sou na benutting kan oorskakel in dier as terapeutiese agent met die volgende voorbeeld: Die spelterapeut sou die kind met outisme betrek in diergefasiliteerde terapie waar die kind se bewussynsvlakke, benewens reaksie en ewilbium verhoog word. Met tyd kan die kind met outisme 'n geselskapdier benut wat sonder die insette van die terapeut as terapeutiese agent die gedrag wat bekendgestel is aan die kind, in stand hou.

Om die menslike gesondheidsrisiko's te verminder moet diergefasiliteerde terapie die volgende oordink:

- Keuse van diere;
- Allergieë
- Veeartsbetrokkenheid
- Toesighouding (Schantz in Beck 2000:26).

Voorbeelde van diere as terapeutiese agente word dikwels in die media gedek. So het die bottelneus-dolfyn die kognitiewe vlak van verstandelik-vertraagde kinders verhoog. Kinders het woorde aangeleer en daar is bewys dat kinders twee tot tien maal vinniger geleer het wanneer daar gewerk is met dolfyne (Nathanson in Beck 2000:27). Inrigtings hoef nie noodwendig hul eie diere aan te hou nie, maar kan professionele persone en hul diere nooi vir interaksie met die pasiënte (Bustad in Beck 2000:27).

Diergefasiliteerde terapie verskil van dié van diere wat net "kom kuier" aangesien diergefasiliteerde terapie gesien word as toegepaste kennis om 'n menslike probleem op te los. Dis 'n inter-dissiplinêre benadering komplementêr tot ander terapie. Dit is doelgerig, waardebepeleend en word geëvalueer. *"It is the bonding relationship, used therapeutically, that differentiates AAT (Animal Assisted Therapy) from animal entertainment. Animals increase functioning, relationship, activity, and cognitive and spiritual processes (Grammonley & Yates in Beck 2000:28)".* 'n Verdere komponent wat aansluit by die rol van die dier as terapeutiese agent is dié van die dier wat die kind met gestremdhede ondersteun.

4.5 Diere tuis in diens van kinders wat ongeskik is

Die benutting van diere in diens van kinders verwys na die rol van ondersteuning wat in die kind kan vertak. Gidshonde is die mees bekende voorbeeld hier. Later het die gebruik uitgebrei na kinders wat ook gehoorprobleme het (Clifton in Beck 2000:30).

Die groei, professionele betrokkeheid, en die aanvaarding van diere wat opgelei word om mense te dien in huise word as een van die meer bekende vorme van diere as terapeutiese agente gereken. Blindes, hardhorendes, mense met fisiese ongeskikthede en mense wat selfs stuipe kry, is suksesvol bereik in programme waar diere as terapeutiese agente gedien het (Edney in Beck 2000:30).

Van Heerden (2002:38) bepleit egter dat daar meer objektief na die "diens-diere" gekyk moet word en dat pasiënte alvorens diere aan hul toegeken kan word geskik verklaar moet word, hiervoor. Sy gaan verder deur te noem dat die dier wat as terapeutiese agent benut word, aangewese is op die

gesonde oordeel van professionele persone in hul plasing by geskikte pasiënte. Soos reeds in Hoofstuk 3 beklemtoon, is hierdie aspek van uiterste belang wanneer 'n dier as terapeutiese agent by die kind met outisme geplaas word. 'n Ondersteuningsnetwerk vir sowel die dier as die kind is van uiterse belang. Daar het 'n behoefte ontstaan om meer objektief na die diens-diere te kyk en dat hul gereken word as deel van 'n benadering om ongeskiktes te help. Pasiënte kan voor en na 'n interaksie met diere getoets word.

4.5.1 Etniese oorwegings vir diens-diere

Die kombinasie tussen diergefasiliteerde terapie en die dier as terapeutiese agent kan ter illustrasie binne terapeutiese perdry gevind word. Hierdie aspek sal vervolgens kortliks bespreek word.

4.6 Perdry programme en terapeutiese perdry

Terapeutiese ry en afstand-gefasiliteerde psigoterapeutiese aktiwiteite soos perdry-programme en paalspring word beplan en gekoördineer in samehang met die psigoterapeutiese behandeling van die kind. Die mikpunte is om selfvertroue op te bou, sosiale bekwaamhede en die verbetering van die kwaliteit van sy lewe uit te brei en nie om spesifieke perdry-vaardighede aan te leer nie (Fitzpatrick & Tebay in Beck 2000:32).

Hipoterapie, in teenstelling met die terapeutiese perdry, word aangebied deur opgeleide fisiese- en arbeidsterapeute om neuromotoriese funksies te verbeter met behulp van perde. Perdry-programme en terapeutiese perdry word ook met sukses aan leerders vir outisme aangebied.

4.7 Interaksie tussen gesondheid en welsyn

Om die verhouding tussen kind en dier maksimaal te benut is dit belangrik dat die balans tussen liggaamlike en geestelike welstand nagestreef moet word. Gesondheid sluit die integrasie van psigologiese, fisiese, sosiale, omgewings- en geestelike aspekte in. Die gesonde kind woon in harmonie met homself, en ander in sy omgewing. Die kind met persoonlike, omgewings- of fisiese

beperkinge kan ook 'n hoë graad van gesondheid en welsyn geniet deur 'n gesonde balans tussen liggaam en gees te handhaaf.

Diere het direkte positiewe en negatiewe impak op sommige van die fisiese aspekte van gesondheid. Hierdie aspekte word kortliks genoem:

- **Mediese genesing**

Verskeie studies verwys na die assosiasie van die besit van diere met kardiovaskulêre gesondheid. Studies toon dat baie meer pasiënte met borspyne en hartaanvalle wat diere besit, gouer verpleeginrigtings kan verlaat teenoor dié wat nie diere besit nie. Tussen mense wat gelyksoortige ernstige siektes het, was diere-eienaars minder geneig om te sterf as dié sonder diere. Dit is egter belangrik om te noem dat troeteldiere nie sosiale vorms soos 'n getroude lewe of die saamleef met ander vervang nie, maar eerder 'n positiewe bydrae lewer tot die terapeutiese milieu (Brasic 1998:1015) in genesing.

Die besit van diere het 'n uitwerking op ander aspekte van gesondheid en verwante gedrag. Volgens Serpell in Friedman (2000:45) kan deur 'n dier aan te neem die gesondheidstatus van 'n kind verbeter word.

Na 'n aanneming van 'n dier was daar 'n merkbare vermindering van kleiner gesondheidsprobleme soos kopseer, pynlike gewigte, hooikoors, swak konsentrasie, slaapprobleme, hardlywigheid, oorprobleme, oogprobleme, rugprobleme, swak spysvertering, senuwees, sinusprobleme, verkoues en griep (Friedman 2000:45). Brasic (1998:1014) noem dat die teenwoordigheid van diere bloeddruk verlaag en hartklop verminder.

4.8 Die uitwerking van interaksie met diere:

Interaksie met diere verwys na gedrag waar daar meer met diere gespeel word, gesels word, diere versorg word soos deur die dier te bad, te kam of borsel, of die diere af te rig. Katcher in Friedman (2000:51) noem dat daar bewys is dat deur met 'n dier interaksie te hê dit verband hou met die vermindering van depressie.

Katcher in Friedman (2000:51) noem in hierdie verband: *"That children's attitudes about the care and treatment of animals have significant relations with human-directed empathy is important for our understanding of the role of companion animals in the lives of children"*.

Die verskil in fisiologiese opwekking gedurende interaksie met diere hang af van die houding van 'n persoon teenoor 'n dier en of die aanraak van die dier ontspanning sal verhoog. So meen Caulfield (2000:255) dat die dier se teenwoordigheid genoeg is en dat die reaksie om aan te raak eerste by babas verskyn en 'n belangrike rol speel in die fisiese, kognitiewe en emosionele ontwikkeling van die kind. Hierdie stimulasie hou baie voordele vir die leerders met outisme in, aangesien dit sinvol is in die taktiese stimulasie van hierdie kinders.

4.9 Psigososiale voordele van diere

Vir die kind met outisme kan 'n geselskapdier 'n wonderlike maat wees wat sy lewenskwaliteit kan verhoog. Die dier bied een van die mees ontvanklike versterkings tot 'n persoon se lewenskwaliteit. So kan die dier 'n onvoorwaardelike ondersteuning-sisteem wees wat dag en nag beskikbaar is, wanneer ander familieledede en vriende te besig of onbereikbaar is. Warm en aanvaarbare kameraadskap digby, bring rustigheid en is beskikbaar wanneer benodig. 'n Bron van ontspanning en vermaak is altyd naby. Hierdie verhoogde lewenskwaliteit is goedkoop in vergelyking met opofferings om menslike geselskap te bekom. 'n Dier se eise is min en ongekompliseerd. Die voordeel van geen taal is min konflikte. Solank die kind gedragsprobleme van die dier vermy is die geselskap van die dier waardevol vir die kind met outisme, aldus (Hart 2000:59).

'n Verdere voordeel is dat die kind met outisme voordeel trek uit die buitengewone ondervinding van terapeutiese perdry. Hierdie assosiasie bied sowel menslike sosiale interaksie as die unieke sensasie van fisiese uitdaging om perd te ry (Hart 2000:62). Verdere psigo-sosiale voordele wat nie noodwendig binne die konteks van die kind met outisme toepaslik is nie, maar wel byvoorbeeld toepaslik binne sy steunstelsels sal wees, is onder meer:

4.9.1 Benutting van diere tydens eensaamheid en depressie

Die grootste waarde van verhoudings met geselskapdiere is die kameraadskap wat hul bied. Dierekameraadskap bied 'n psigososiale voordeel wat baie betekenisvol en gerusstellend vir die kind of ouer kan wees. Eensaamheid, gebrek aan kameraadskap, depressie en 'n gebrek aan sosiale ondersteuning kan die waarskynlikheid van selfmoord of ander onvanpaste gedrag verhoog. Geselskapdiere verminder die gevoel van eensaamheid en depressie (Hart 2000:63). Die rol van diere in die familie van die kind met outisme word beïnvloed deur die familiestruktuur, die welsyn van die familie, die sosiale klimaat en die leefstyl van die familie.

4.9.2 Die benutting van diere ten einde 'n voorbeeld te stel

Die afwesigheid van 'n ondersteunde netwerk van sosiale kameraadskap is 'n primêre oorsaak wat lei tot depressie, spanning, onderdrukking van die immuun-sisteem en verskeie siektetoestande (Serpell in Hart 2000:66). Sosiale kameraadskapsbuffers verminder die uitwerking van spanning en angstigheid. Geselskapdiere bied 'n ontvanklike kompenserende alternatief. Alhoewel diere nie praat nie, wys hul oortuigend hul liefde en vriendelikheid op ander maniere wat as voorbeeld kan dien vir optrede.

Diere moedig ook kommunikasie aan met ander mense, al gaan dit oor die dier self. Mense is ook meer spontaan en knoop makliker gesprekke aan wanneer 'n hond by is as wanneer hul alleen is. Honde blyk die sosiale omgewing te normaliseer vir die ongeskikte persoon wat miskien andersins geïgnoreer of sleg behandel was (Hart 2000:67).

4.9.3 Die benutting van diere ten einde te kalmeer

Volgens Katcher & Wilkins in Hart (2000:70) is gevind dat diere kinders se aandag gevange hou. Diere kalmeer mense en verminder die angsvlak. Aggressie en uitbarstings, wat baie algemeen is onder die leerders met outisme, kan deur die teenwoordigheid van diere verminder word.

Dit is egter belangrik dat die verhouding tussen diere en kinders met outisme binne 'n gestruktureerde konteks aangebied word. Daar sal vervolgens gekyk word na riglyne ten einde so 'n struktuur daar te stel.

4.10 Riglyne met die benutting van diergefasiliteerde terapie in 'n outisme-konteks

Verskeie aspekte van belang kan binne 'n riglyn vir die benutting van diere in terapie gebruik word. Hierdie aspekte sluit onder meer die volgende in:

4.10.1 Die verskaffing van dier-gefasiliteerde aktiwiteite of dier-gefasiliteerde terapie

Die besluit om 'n kind spesiale aktiwiteite of terapie deur kameraadskap met diere te bied, gaan van die veronderstelling uit dat die dier iets aan die persoon kan bied wat hy benodig en die kind se lewe sal verryk op 'n voldoende wyse, of dat die dier motivering kan aanhelp om voorgeskrewe behandelings of aktiwiteite uit te voer (Hart 2000:81).

Vir die persoon wat dier-gefasiliteerde aktiwiteite aanbied, is dit 'n manier om plesier en genot te verskaf deur die samesyn met 'n dier. Die meeste aanbieders is lief vir hul dier en geniet dit om hom te deel met ander. Dit is egter belangrik dat persone wat dier-gefasiliteerde terapie aanbied gespesialiseerde opleiding sal ontvang.

4.10.2 Keuring van diere

Die omstandighede en die konteks waarbinne die diere benut sal word, moet in aanmerking geneem word alvorens 'n dier gekeur word.

- Hierdie dier kan 'n geleentheidsbesoeker wees of 'n voltydse kameraad.
- Die dier se rol kan wees om motivering te bied vir fisiese oefeninge van die persoon.
- 'n Gevoel van sekuriteit en veiligheid kan bygevoeg word.
- Sosiale kontakte en gesprekke word aangemoedig vir iemand wat geisoleer en alleen is.
- 'n Persoon kan tydens moeilike tydelike omstandighede bygestaan word.

- Versorging word vereis deur die persoon wat die terapie ontvang.
- 'n Toevallige besoek van 'n dier aan 'n persoon verskaf vermaak en 'n aangename afleiding. In so 'n geval is die dier in beheer van die persoon wat verantwoordelik is vir sy versorging.
- Wanneer 'n dier gekeur word, moet daar meer as net na sy genetiese oorsprong gekyk word.
- Daar moet na die hele situasie en die spesifieke uitkomst gekyk word.
- Dit behels goeie kennis van moontlike diere soos honde, katte of perde, sowel as die mense wat dit insluit.
- Die diere se karaktereenskappe en die moontlike eienaars moet in aanmerking geneem word (Zasloff in Hart 2000:89).

Kenmerke van spesifieke spesies vergemaklik die seleksieproses. Daar sal vervolgens kortliks na kenmerke van die mees populêre dierespesies gekyk word ten einde die selektering van 'n geskikte dier vir terapie te vergemaklik.

4.10.2.1 Honde

Honde is die mees gewilde dier wat vir diergefasiliteerde aktiwiteite en dier-gefasiliteerde terapie gebruik word. Honde is hoogs interaktief, en bedagsame vriende wat verkies om by hul menslike versorgers konstant regdeur die dag te wees. Honde se ywerige toewyding en hul hoë verenigbare mens-hond vennootskap berei hul voor as werkende kamerade (Hart 2000:90). Hul gewilligheid om met menslike vennote te werk en hul tevrede te wil stel, word verhoog deur sensoriese en spier-kapasiteite wat menslike vermoëns aanvul. Sommige soorte word opgelei om die mens sensories te begelei soos gidshonde, polisiehonde, stuipe-beskermingshonde, en landbou-snuifhonde. Honde leer spontaan 'n taak aan, soos byvoorbeeld om te waarsku soos rooiligte en verkeer vir blindes (Hart 2000:91).

Alhoewel honde dit geniet om spesifieke take te leer en op bevel uit te voer, kan hul ook vir ander take gebruik word wat minder bevelend is en eenvoudig net sosialisering en goeie maniere benodig. Honde kan geleer word om vreemdes te vertroetel en om tyd saam met vreemdes deur te bring.

Verskillende rasse verskil in hul genetiese gedragspredisposisie met betrekking tot aggressie en speelgedrag. Rasse verskil ook in liggaamsgrootte wat weer die aktiwiteite beïnvloed wat uitgevoer moet word. Groter rasse is meer geskik vir gidshonde, polisie-honde en dienshonde, terwyl kleiner rasse weer meer geskik is vir terapie.

4.10.2.2 Katte

- Katte vereis minder moeite en is minder veeleisend as honde.
- Hul bied kameraaskap met kalm interaksies.
- Katte kan self-onderhoudend wees.
- Katte is meer onafhanklik van mense as honde en hou daarvan om hul eie ding te doen, teenoor honde wat heeltemal ingestel is op die wense van hul menslike kameraad.
- Mense geniet liefdevolle spelerigheid van katte.
- 'n Meer aktiewe rol kan aangeleer word as die kat van kleins af, terwyl dit nog by die ma is, gehanteer word.
- Katte gee duidelike boodskappe deur hul begeertes uit te druk.
- Katte trek aandag deur daar te wees en laat mense lag vir hul snaakse toertjies.
- Hul vereis nou wel minder moeite as honde, maar word dikwels geklassifiseer as alleenlopers.
- Katte is ideale maats as 'n lae graad van interaksie benodig word, of nie-kragdadige interaksies.
- Katte stel baie minder fisiese vereistes as honde.

Katte se natuurlike gedragsvatbaarheid, of hul interaksie met ander diere, mag probleme veroorsaak vir die menslike kameraad (Hart 2000:93).

4.10.2.3 Perde

Volgens Bream en Spangler {sa} is die voordele van terapeutiese perdry drievoudig, naamlik: fisies, psigologies en sosiaal. Terapeutiese perdry is goed ingerig om die pasiënt met wanfunksies te help wanneer dit gebruik word saam met beplande, progressiewe oefenprogramme.

Die doel van enige behandelingsprogram is om sirkulasie, balans, koördinasie, propiopersepsie, ratsheid, selfversekering en verstandelike ontspanning teweeg te bring. Daar word gehoop dat daar voldoende oordrag van verbeterings van die terapeutiese sessies na die daaglikse lewe sal plaasvind. Binne die Gestaltbenadering fokus terapeutiese perdry ook op die verhoging van bewustheidsvlakke weens die verhoogde sensoriese aktiwiteite.

Sodra die kind wydsbeen oor sy perd gaan sit, funksioneer die dier as 'n surrogaat serebellum en verskaf aan die jockie se neuromuskulêre sisteem verskeie insette wat min of meer dieselfde is wat 'n normale mens ondervind gedurende ambulansie. Die jockie word blootgestel aan verskillende kwaliteite, teksture en grade van die oppervlakte. Dis 'n nuwe ondervinding vir die gestremde. Die bewegings van die perd bring spinale refleksies, en in besonder die skryf-refleks wat nie altyd, indien ooit, gebruik word deur mense is 'n rolstoel nie.

Die warmte en beweging van die perd se liggaam kan spastisiteit verminder en gekoördineerde aksies in die spiergroep verhoog. Die beheer van die kop en romp verbeter as gevolg van die behoefte van die jockie om op te kyk om so te sien waar hy gaan. Die boonste ledemate en handbeheer word gefasiliteer deur aan te leer hoe om die leisels te manipuleer.

Sodra die gestremde op die perd geklim het, kyk hy nie meer op na ander mense nie, maar net na homself. Visuele blokkasies word minder en die jockie se uitkyk oor die wêreld verbreed dramaties. Die positiewe uitwerkings op die selfvaardigheid, selfbeeld en selfvertroue van die gestremde jockie kan nie oorbeklemtoon word nie. Die moontlikheid om van punt tot punt te beweeg sonder die hulp van ondersteunende aparate en ander mense is van onmeetbare waarde vir die moraal van die gestremde, saam met die blootstelling aan lug en sonskyn.

Die derde voordeel is dié van sosiale aanpassing. Die meeste gestremde persone se sosiale ondervindings is redelik beperk tot familieledede en klein groepies mediese spesialiste. Die gevolg is dat baie gestremde persone 'n gebrek het aan kommunikasie en interpersoonlike vaardighede. Deur die gestremde in 'n nuwe omgewing te plaas met nuwe mense moet hul leer om reg te kom met nuwe verwagtinge en druk van 'n meer "normale" sosiale atmosfeer.

Terapeutiese perdry kan as gevolg van die innerlike groeoriëntasie, voldoende hulp aan ouers en familieledede gee op twee belangrike vlakke, naamlik:

- Die gevoel van isolasie wat ouers ondervind word verdryf. Die geleentheid om ondervindings, idees, suksesse en teleurstellings met mense te deel wat verstaan, word gebied en hul ondersteun weer waar hul kan.
- Deur deelname sien die familieledede die moontlikhede van verbetering met terapeutiese perdry. Dikwels verander die familieledede se siening van die kind. Sodra dit gebeur, verhoog die gestremde se selfbeeld en selfvertroue wat weer die pad tot verdere verbetering en prestering oopmaak. Hierdie verandering is die sleutel tot aanhoudende verbetering en uitvoering wat 'n leeftyd kan duur.

Die perde wat gebruik word, moet gewoonde wees aan verskillende ruiters van alle vlakke, vaardighede en ondervindinge. Nog 'n belangrike oorweging is die vorm en bou van die perd wat by die ruiters se bou en gestremdheid moet pas.

4.10.2.4 Voëls, klein soogdiere en visse

Kleiner diere soos voëls, klein soogdiere en visse is makliker om te hanteer en kan ook makliker in huise aangehou word. Hul het dieselfde behoefte aan vertroeteling en versorging, maar gee ook dieselfde kameraadskap as groter diere. Verskeie voëlspesies vorm 'n band met sy versorger en reageer op menslike aandag en spraak in so 'n mate dat dit baie belonend en afleiding verskaf (Kidd & Kidd in Hart 2000:94).

Klein soogdiere soos marmotjies is kalm en stil en dit maak hul 'n gewilde spesie vir kinders met outisme.

4.11 Standaarde vir seleksie van diere in die outisme konteks

Seleksiestandaarde van die diere moet betroubaarheid, hanteerbaarheid, voorspelbaarheid en geskiktheid vir die spesifieke terapeutiese aktiwiteit of terapie insluit. Aandag moet ook gegee word aan ras, tipe, geslag, ouderdom, grootte, gesondheid, aanleg en vaardighede. Die kwaliteit van interaksie tussen die hanteerder en die dier is ook van belang. Komponente met betrekking tot standarde sluit die volgende in naamlik: betroubaarheid, voorspelbaarheid, hanteerbaarheid en geskiktheid. Dit word vervolgens afsonderlik bespreek.

4.11.1 Standaarde

Wanneer 'n dier gekies word, is dit baie belangrik dat die persoon wat die dier hanteer saam met die dier 'n span moet vorm. Volgens Frederickson & Howie (2000:102) moet die evalueerders bekend wees met die wisselwerking van die dier se moontlikhede en aanleg in die dinamika van diergefasiliteerde aktiwiteite of terapie om akkurate evaluasies te kan maak aangaande die geskiktheid van die hanteerder en die dier.

4.11.1.1 Betroubaarheid:

Betroubaarheid beteken dat gedrag afhang van die herhaling van dieselfde situasies. Vir 'n terapeutiese intervensie moet die terapeut gemaklik voel dat die dier (en hanteerder) op basies dieselfde manier sal reageer wanneer hul in dieselfde situasie geplaas word.

Wanneer 'n hond byvoorbeeld in 'n skool vir outistiese kinders ingeneem word, moet die personeel verseker wees dat die hond kalm, nie-aggressief en gelukkig sal wees wanneer hy gereeld kinders sou sien. Die personeel moet ook gemaklik voel met die hanteerder wat vertrou met die kinders moet wees. 'n Perd wat gery word deur 'n kind met outisme, moet stadig stap en gemaklik wees met onverwagte insidente, geluide en bewegings. Die hanteerder moet die perd se liggaamstaal en spanningsvlak kan lees en tussenbeide tree op 'n effektiewe manier (Frederickson & Howie 2000:104).

4.11.1.2 Voorspelbaarheid

Voorspelbaarheid beteken dat gedrag in spesifieke omstandighede vooruit voorspel kan word. Voorspelbaarheid kan nie deur opleiding verbeter word nie. Wanneer 'n terapeut 'n dier vir 'n spesifieke oefening wil gebruik, moet sy verseker wees dat die dier gewillig sal wees om saam te werk en nie afgelei word deur reuke, artikels of ander mense nie.

4.11.1.3 Hanteerbaarheid

Hanteerbaarheid beteken dat gedrag in toom gehou, gelei of beheer kan word. By diere kan hanteerbaarheid dikwels verbeter word deur opleiding. Die dier se optrede moet konsekwent wees wanneer hy gebruik word in 'n program, byvoorbeeld wanneer 'n haas gebruik word om van bed tot bed geneem te word en mediese swak kinders op te helder, moet hy versigtig in en uit die mandjie klim. Frederikson & Howie (2000:99) is van mening dat hanteerbaarheid afhang van die persoon se gemoedstemming, en dit word dikwels nie verander deur opvoeding nie.

Wanneer 'n ponie byvoorbeeld gebruik word, moet die terapeut verseker wees dat hy nie sal byt of skop nie. Hier is die hanteerder se vaardighede krities.

4.11.1.4 Geskiktheid

Die doel hier is die spesifieke mikpunte wat die terapeut geïdentifiseer het vir elke sessie. Die dier en hanteerder moet geskik wees om die pasiënt met hierdie mikpunte in die konteks van die dinamiek van die omgewing te help. Nie die hanteerder of die dier moet enige gesondheidsrisiko vir die pasiënt inhou nie.

Die geskikste dier moet gekies word wat pas by die spesifieke behandeling. So ook moet die keuse tussen spesies van dieselfde ras lê, byvoorbeeld by 'n leerder met outisme wat 'n lae spiertones- oefeninge benodig, sal die keuse tussen 'n chihauhau, poedel en labrador, die labrador wees. *Genot* moet nie uit die prentjie gelaat word. Geniet die dier ook die interaksies of verdra hy dit maar net? Is die hanteerder gemaklik met die pasiënt of is hy bang om oogkontak te maak? As

die dier geforseer moet word om die aktiwiteit te doen, is dit mishandeling (Frederickson & Howie 2000:106). As 'n dier aanhoudend in onuithoudbare situasies geplaas word, sal hy later wraak neem. Weer eens is die hanteerder se vaardighede belangrik en moet hy sensitief wees en die behoeftes van die dier respekteer (Frederickson & Howie 2000:106).

4.12 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is 'n uiteensetting gegee van die benutting van diergefasiliteerde terapie binne die konteks van outisme.

Diergefasiliteerde terapie toon ook groot sukses met kinders wat emosionele en fisiese probleme het, asook dié wat mishandel en verwaarloos is. Die een manier van hoe om dit te hanteer is om die diere te gebruik as aanknopingspunt as 'n gesamentlike belangstelling. Kinders huiwer dikwels om te praat oor dinge tuis, maar praat maklik oor hoe 'n dier lyk en voel. Sommige diergefasiliteerde terapië begin deur met die dier te praat in plaas van direk met die kind. Die kind voel minder bedreigd en sal dikwels saam gesels.

Diergefasiliteerde terapie skep aan kinders die geleentheid en uitlaatklep om die teer en liefdevolle deel van hulself te laat ontwikkel en help hul so hul eie gedrag kontroleer en reguleer terwyl empatie ontwikkel teenoor ander lewende wesens. Deur suksesse met diere vermeerder kinders hul selfbeeld en kry meer selfvertroue om nuwe take aan te pak.

Studies het bewys dat sosiale interaksie met 'n hond verbeter het. Dolfyne het weer getoon dat depressie, asook gedrag en aandagspan verminder het. Leerders met outisme het geluide gemaak en selfs woorde gesê het.

Alhoewel daar nog 'n aantal kritiese vrae is aangaande die waarde van diergefasiliteerde terapie, vermeerder ondersteuning van dié wat die positiewe uitwerking van diergefasiliteerde terapie ondervind het.

Geselskapdiere het verskillende waardes vir verskillende mense. Sommige hou hul aan vir sekuriteit, vriendskap, geselskap, ondersteuning, onafhanklikheid, toenadering en pret. Dit bevredig ook mense se behoefte aan voeling met die natuur en omgewing deur diere, terwyl ander

weer aandag wil trek en hul status verhoog. Sommige mense hou glad nie van diere nie, maar vir dié wat wel 'n positiewe verhouding het met geselskapdiere, is die voordele baie meer as die nadele.

In Hoofstuk 5 sal gefokus word op die empiriese resultate van die studie wat met vier leerders met outisme gedoen is.

HOOFSTUK 5

NAVORSINGSRESULTATE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 Inleiding

Alle toepaslike konsepte vir die verkenning en beskrywing van diergefasiliteerde speltherapie met die kind met outisme is nou verken en beskryf. Die literatuur het aangedui dat die benutting van 'n gestalterapeutiese benadering binne die konteks van diergefasiliteerde terapie met die kind met outisme 'n dinamiese alternatief in hulpverlening kan bied. In Hoofstuk 5 sal die literatuur dus binne die raamwerk van gevallestudies ondersoek en beskryf word. Hierdie beskrywing bied aan die navorser die nodige ondersteuning wat sy vanuit die praktyk benodig ten einde met vertroue die nuwe kennis wat met hierdie navorsing ontgin is, te gebruik.

In hoofstuk 5 fokus die navorser op die empiriese proses wat gevolg is ten einde die resultate op 'n wetenskaplike wyse te evalueer en sodoende steeds getrou te bly aan die navorsingsmetodologie wat vir die studie gevolg is. Die navorser het deur middel van gevallestudies empiriese gegewens ingesamel ten einde die benutting van diergefasiliteerde speltherapie met kinders met outisme te kon beskryf. Daar is, soos reeds in Hoofstuk 1 uiteengesit, binne die kwalitatiewe paradigma te werk gegaan ten einde die oorkoepelende doel van die studie te bereik. Die belangrikste komponent vir die deel van die studie is dat die navorser nodig het om die praktyk, in dié geval die kind met outisme, se belewenis van diergefasiliteerde speltherapie, op te teken.

Dey (1993:31) verwys na hierdie proses as die begin van 'n kwalitatiewe ontleding. "The first step in qualitative analysis is to develop thorough and comprehensive descriptions of the phenomenon under study. This has become known as "thick" description." Hierdie sogenaamde volledige beskrywing as eerste stap in die kwalitatiewe proses bevat nie net literatuur oor inhoud nie, maar moet ook mening en rede reflekteer. Deur gebruik te maak van 'n data-insamelingsmetode wat

mening en rede reflekteer, is die navorser van mening dat die navorsingsvraagstuk volledig bestudeer word.

Die metodiese en sistematiese prosedures wat vir die studie gevolg is, sal nou bespreek word.

5.2 Insameling, ontleding en interpretering van kwalitatiewe data vir die studie

Met die insameling, ontleding en interpretasie van die empiriese data vir hierdie studie is gebruik gemaak van 'n suiwer kwalitatiewe strategie. Die benutting van 'n suiwer kwalitatiewe strategie word volgens Patton (2001:190) beskryf as 'n kombinasie van kwalitatiewe empiriese data, persoonlike betrokkenheid en observasie van die navorser in die navorsingsproses en inhouds-ontleding van die kwalitatiewe data.


5.2.1 Strategie vir data-insameling vir gevallestudies

Deur 'n strategie waarmee data tydens gevallestudies ingesamel is te beplan, het die navorser gepoog om een van die komponente van kwalitatiewe navorsing, naamlik die afhandeling van navorsing deur middel van sistematiese prosedures, na te kom. Die mees toepaslike strategie vir die insameling van data tydens gevallestudies, is deur gebruik te maak van deelnemende waarneming en inhoudsontleding.

- Die proses van data-insameling deur middel van gevallestudies

Die gevallestudies wat vir hierdie studie benut is, kan beskou word as 'n onderhoud. Hierdie onderhoude het die vorm van terapeutiese intervensie ingeneem.

In Figuur 5.1 word die proses van data-insameling vir hierdie studie geïllustreer.



Figuur 5.1 Die proses van data-insameling deur middel van gevallestudies

Soos reeds vroeër genoem is gebruik gemaak van gevallestudies ten einde data in te samel. Die gevallestudies is deur middel van ongestruktureerde onderhoude uitgevoer. Elke ongestruktureerde onderhoud is ondersteun deur waarneming deur die navorser. Hierdie ongestruktureerde onderhoude wat die diergefasiliteerde speltherapie omsluit het, is noukeurig opgeteken in verslagvorm waar teks, grammatika, nie-verbale gedrag, woorde en gebare deur die respondente noukeurig ontleed is en in verband gebring is met die literatuur, die doel van die studie, die doelwitte en die navorsingsvraag.

- *Agtergrondskennis van die respondente*

Alhoewel die navorser agtergrondskennis rakende die profiel van elk van die respondente se geskiedenis gehad het, byvoorbeeld tydsduur in Vera-skool ingeskryf, onderwysgeskiedenis, terapeutiese insette by die kinders en funksioneringsvlak, het hierdie inligting nie inbreuk gemaak op die data-insamelingsproses nie.

5.2.2 Empiriese resultate

Vir hierdie doel is perde, 'n kat, visse, hase, voëls en 'n hond gebruik. Die diere wat gebruik is, was sorgvuldig uitgesoek en het voldoen aan die nodige gesondheidsvereistes soos bespreek in Hoofstuk 4.

Hierdie studie het gestrek oor 'n tydperk van twee jaar vanaf 2003 en 2004, aangesien die kind met outisme langer neem om vreemde en nuwe prosesse hul eie te maak en daar gewag moes word vir die regte geleentheid en oomblikke om met die kinders te kon werk.

Vir die doel van die studie word skuilname gebruik vir die beskerming van die kinders.

5.3 Beskrywing van gevallestudie 1 : Wessel

5.3.1 Biografiese Gegewens

Naam:	Wessel
Geboortedatum:	2 September 1990
Geslag:	Manlik
Huistaal:	Engels

5.3.1.1 Agtergrondgeskiedenis

Wessel is 'n seuntjie wat vier jaar oud was toe hy by die Vera-skool ingeskyf is. Sy kliniese beeld is gekenmerk deur fantasië met 'n eie "koninkryk" waarin hy geleef het. Hy het byvoorbeeld 'n eie

geldeenheid gehad en 'n obsessiewe belangstelling in die ou beskawing getoon. Hy het gevolglik sy eie liedjies gekomponeer met herhalende onderwerpe.

Hy het 'n baie eienaardige obsessie gehad en het heeldag op die grond rond gekruip en gemaak asof hy 'n hond is. Hulle het nie 'n hond tuis gehad nie. Die rede vir sy gedrag was onbekend en toegeskryf aan sy funksioneringsvlak binne outisme. Hierdie gedrag het omtrent 'n jaar voortgeduur. Hy het 'n duidelike vrees vir honde getoon deur te skree en aan die naaste persoon vas te klou of op 'n tafel of stoel te klim sodra 'n hond in sy nabyheid was.

Wanneer daar kontak met 'n hond was of 'n hond in die nabyheid, het die terapeut hom verseker dat die hond hom nie sal byt nie. Die vrees was duidelik sigbaar op sy gesig en hy het sy lippe saamgepers en snaakse geluide gemaak. Hy het ook probleme met sy sensoriese-motoriese interaksie ondervind.

5.3.1.2 Dieregefasiliteerde spelterapeutiese sessies

Nadat hy oorgeplaas is na die navorser se klas (die navorser is ook 'n onderwyser by die Veraskool vir outisme), is hy gereeld in kontak met hasies, voëls, 'n hond ("Dozi", 'n chihauhau), sywurms en visse gebring. Wessel het geen werklike belangstelling getoon nie, maar was altyd by en het sy takies, soos byvoorbeeld soos om dooie blare weg te gooi, getrou gedoen.

Sy eerste kontak met diere was deur middel van fisiese kontak met hasies. Nadat hy betrek is en maklik gemaak en laat sit is op die grond, is 'n hasie op sy skoot gesit wat hy net-net kon verdra. Hy wou nie aan die hasie vat nie. Na aanmoediging om die hasie te streel, wat hy glad nie gretig was om te doen nie, is sy hand geneem en moes hy geleidelik daardeur gevoer word. Hierdie oefening het daagliks geskied. Die sensoriese stimulering was aanvanklik vir hom 'n vreemde konsep. Geleidelike ontspanning kon op sy gesig gelees word, namate die blootstelling aan die diere voortgeduur het. Hy kon egter nie sy emosie in woorde uitdruk nie. Omdat dit 'n daaglikse roetine geword het, het hy hom daarmee vereenselwig, maar het nooit uit sy eie gevra om 'n hasie vas te hou nie. Hierdie selfde gedrag het hy getoon toe die sywurms versorg moes word. Almal het wurms huis toe geneem, maar nie hy nie. Dus het hy gehelp om die klas s'n te versorg wat hy

glad nie “teësinig” gedoen het nie. Wessel se gesig was uitdrukkingloos en sy woorde min, maar sy taak het hy voltooi al kon mens sien dis nie sy keuse nie. Hy het wel belangstelling getoon. Maar sonder die hulp van die ander sou hy nooit in aanraking met die diere gekom het nie.

Sy belangstelling in die versorging en kontakmaking met vissies was van so ‘n aard dat hy na ‘n dag of twee die navorser kon meedeel wat sy belewenis was. Dit was asof ‘n proses eers deurgewerk moes word voordat hy dit kon verbaliseer. Sy tante, by wie hy bly, het ook vertel dat hy tuis baie praat oor die visse en ‘n denkbeeldige vissie tuis versorg het.

Sy verhouding met “Dozi”, die hond, het progressief verbeter vanaf geen kontak tot stelselmatige betrokkenheid by die hond sonder om enigsins verbale vrees te wys. Hierdie proses waar kontak met die hond bewerkstellig is, het vir ‘n tydperk van drie maande aangegaan. Na drie maande se gereelde kontak het Wessel geensins gekree of bang geraak indien die hond in sy teenwoordigheid was nie.

Wessel se groot belangstelling in geskiedenis en veral sy belangstelling in Winston Churchill se doen en late, het hom gereeld laat vra of Winston Churchill ook ‘n hond gehad het. Dit was opmerklik dat hy homself met Winston Churchill vereenselwig het en dit vir hom aanvaarbaar sou wees indien hierdie karakter ook van honde gehou het. Nadat hy laat blyk het dat sy identifikasie met Winston Churchill positief is en indien Winston Churchill kontak met honde gehad het, hy dit ook sou toelaat, is tot die volgende fase beweeg wat fisiese kontak met die hond beteken het.

Hierdie gedrag het ook weer ‘n paar maande geduur terwyl die navorser gereeld vir Dozi na hom geneem en laat streek het. Die proses van kontakmaking het ongeveer vir drie maande geduur waartydens voordurende bewustheid jeens die hond bestaan het. Tydens ‘n sessie in Maart 2004 het Wessel agter Dozi aan op die mat gekruip en self aan hom probeer vat. Nadat die navorser hom vir ‘n rukkie dopgehou het, het sy gevra wat hy doen. Sy antwoord was: “I’m bonding with Dozi”. Dit was vir die navorser ‘n teken dat die kind vanuit sy sensoriese agterstand na ‘n normale situasie gegroei het, ‘n proses wat met geen ander terapeutiese hulpmiddel bereik kon word nie.

Wessel het die ster-skoonmaker en versorger in die klas geword. Nadat hy van die navorser se groep na 'n ander klas oorgeplaas is en diergefasiliteerde speltherapie dus getermineer is, het hy egter gereeld kom uitvra oor Dozi se welstand. Dit was vir Wessel belangrik om oor Dozi se welstand, sy eetpatrone en slaappatrone navraag te doen.

Tydens 'n informele geselsie op die speelgrond op 14 Februarie 2005 het hy die navorser meegedeel dat hy Dozi mis en hy wens hy het sy eie hond. Hy onthou dat hy nie gehou het van die hokke se skoonmaak nie, maar dat dit later lekker was en hy wou weet wanneer hy dit weer kon kom doen.

5.3.1.3 Evaluering van die benuttingswaarde met betrekking tot die kind se innerlike proses

Waar Wessel se bewustheidsvlakke aanvanklik baie swak was, hy geen sensoriese integrasie getoon het nie en geen vordering vir vier jaar getoon het nie, het hy deur middel van die benutting van diere in 'n relatiewe kort periode (alhoewel dit in verhouding tot normale kinderontwikkeling lank blyk te wees) kontak met sy omgewing met behulp van diergefasiliteerde speltherapie gemaak. Sy bewustheidsvlakke het verhoog en sy betrokkenheid by sy omgewing het verbeter.

5.4 Beskrywing van gevallestudie 2: Malindi

5.4.1 Biografiese Gegewens

Naam:	Malindi
Geboortedatum:	14 Mei 1980
Geslag:	Vroulik
Huistaal:	Engels
Rede vir terapie:	Erge outisme met 'n erge graad van mutisme

5.4.1.1 Agtergrondgeskiedenis

Malindi was drie jaar oud toe sy by die skool ingeskryf is met sowel 'n erge graad van outisme as mutisme wat beteken dat haar taal baie swak ontwikkel is en sy meestal egolalies kommunikeer. Sy het probleme met haar sensoriese-motoriese integrasie ondervind.

5.4.1.2 Diergefasiliteerde spelterapeutiese sessies

Met die bekendstelling van die diere aan haar het sy baie opgewonde vertoon, maar op 'n afstand gebly en nie fisies kontak gemaak met die diere nie. Haar reaksie op die diere het gewissel van "gril" tot haar hande optrek en histeries lag. Die sessies het stadig verloop en sy moes eers aanleer om "sag te vat" aangesien sy dikwels die diere te hard gevat het. Sy is stap vir stap geleer hoe om die diere eers van agter te streel en was vir kort rukkie toegelaat om hul vas te hou onder toesig, totdat sy meer selfkontrole gehad het. Dit het gedui op haar totale onvermoë om sintuiglik of sensories te onderskei wat haar omgewing van haar gevra het.

Sy het meer kontak begin maak deur wanneer sy soggens gearriveer het, direk na die diere te gaan en opgewonde met hulle kontak te maak. Die kontakproses het oor 'n tydperk van een jaar geskied waar sy van geen kontak en angstigheid teenoor die diere beweeg het na kontakmaking en versorging. Sy kon nie wag dat ons soggens die skoonmaak en kosgee periode moes begin nie. Haar kontakprosesse met haar ouers het verbeter, sy het gekommunikeer en sensories gereageer. Alhoewel sy steeds nie veel gepraat het nie, het haar algemene bewussyn van haar omgewing rondom haar tot so 'n mate verbeter dat haar taalgebruik – hoe beperkend ookal - meer vloeiend was wanneer die diergefasiliteerde spelterapeutiese sessies begin het. Sy het die roetine so goed geken dat sy geleidelik begin help en later een van die staatmakers met die versorging was. Die genot en plesier wat sy uit die diere se versorging gekry het, was terapeuties vir haar en genoeg om haar bewussynsvlakke te verhoog. Haar taktiel defensiwiteit het ook heelwat verminder en dit was later nie meer vir haar so vreesaanjaend om een van die diere vas te hou nie, maar net pure genot. Dit het vir haar groot vreugde verskaf om wanneer daar 'n besoeker was een van die hasies aan hul te gee om vas te hou en sy het vreeslik gelag as die persoon miskien nie daarvan gehou het nie.

5.4.1.3 Evaluering van die benuttingswaarde met betrekking tot die kind se innerlike proses.

Die benuttingswaarde van die diergefasiliteerde speltherapie het vir Malindi het veelvoudige betekenis gehad naamlik dat haar taal meer vloeiend ontwikkel het, haar taktiel defensiwiteit verbeter het en haar verantwoordelikeheidsin tot versorging ook vermeerder het. Terugvoer van haar ouerhuis was positief en die verandering in haar gedrag is deur albei haar ouers opgemerk. Fisiese kontak tussen haar en haar ouers het baie verbeter – veral as dit by haar persoonlike versorging gekom het.

5.5 Gevallestudie 3: Elana

5.5.1 Biografiese Gegewens

Naam:	Elana
Geboortedatum:	25 November 1991
Geslag:	Vroulik
Huistaal:	Engels
Rede vir terapie:	Outisme

5.5.1.1 Agtergrondgeskiedenis

Elana het na die Vera-skool vir outisme gekom toe sy drie jaar oud was en het erge gedragsprobleme ondervind. Sy was sensories nie in takt nie en dit het voorgekom asof elke deel in haar liggaam afsonderlik gefunksioneer het. Geen holistiese balans was ter sprake nie en geen sinkronisasie ten opsigte van enige gedrag of optrede het by haar bestaan nie. Sy was ook allergies en het aan rinitis gely. Sy het ook 'n lae orale spiertonus gehad. Elana se gedragpatrone was hardkoppig, aggressief en obsessieel. Haar prognose was dus swak en met haar evaluering is bevind dat haar gedrag slegs deur intensiewe terapeutiese ingrepe deur 'n multi-dissiplinêre span verbeter sou kon word. Sy het wel kognitiewe potensiaal getoon. Verder is sy in klasverband as taktiel defensief gediagnoseer met verdere probleme met haar sensoriese-motoriese integrasie.

5.5.1.2 Diergefasiliteerde spelterapeutiese sessies

Sy is aanvanklik as waarnemer in die terapeutiese proses betrek. Sy het hierdie waarnemersrol geniet maar het nie nader aan die diere gekom nie. Die terapeut het begin deur vir haar die eenvoudige taak te gee om vir Mollie, die muis, kos te gaan ingooi. Hierdie taak het haar steeds ontstel en dit het verskeie maande geneem – waar sy saam met 'n fasiliteerder die taak voltooi het – om haar sover te kry om dit outonoom te voltooi. Haar gedrag tydens die aanvanklike periode is gekenmerk deur rukbewegings en skreeusessies. Teen November 2003 het Elana begin om spontaan die hok te gaan haal. Later het sy die moed gehad om vir Mollie uit te haal en vir een van die ander kinders te gee om vas te hou, terwyl sy die hok met hulp skoongemaak het. Hierdie skoonmaakproses het later in 'n probleem ontwikkel, want sy het dit haar eie taak gemaak en niemand is toegelaat om dit te doen nie. Sy moes toe leer om te wag vir haar beurt en nie selfsugtig wees nie.

Sy het ook later die vrymoedigheid gehad om te vra of sy vir Mollie mag huis toe neem vir 'n naweek. Alhoewel sy baie besitlik was en feitlik alleenreg op die muis geëis het, was haar optrede positief en 'n verbetering op haar aanvanklike apatiese onbetrokkenheid by haar omgewing.

Sy was met verloop van tyd ook baie gretig om die ander diere te versorg. Haar taktiel defensiwiteit het grotendeels verdwyn en sy het glad nie gekroom om die hase se hok ook te help skoonmaak nie. Intussen het sy haar self leer lees sonder dat enige van ons bewus was daarvan en het toe uit haar eie verskeie inligting en feite oor diere kom vertel.

Verdere diergefasiliteerde spelterapie het daarop gefokus haar te help met elementêre kommunikasie. Sy het dus begin om 'n verhouding te bou met Dozi, die hond, wat sy geweldig geniet het. Sy kon vir lang tye met hom speel en het saam met hom rondhardloop. Aanvanklik was sy baie lomp en onhandig, maar soos die maande verbygegaan het, het haar lompheid verbeter wat haar motoriese ontwikkeling dus verbeter het. 'n Verdere voordeel was dat sy haar obsessiwiteit ontgroeï het, 'n mate van verantwoordelikheid begin toon het, en 'n trots oor haarself

ontwikkel het. Sosiale vaardighede het ook verbeter. Sy het byvoorbeeld by verskeie klasse omgegaan en die diere gewys en vertel wat haar aandeel in elk se versorging was.

5.5.1.3 Evaluering van die benuttingswaarde met betrekking tot die kind se innerlike proses

In Elana se ontwikkeling het die diere 'n baie groot rol gespeel, want behalwe vir die genot wat dit vir haar verskaf het, het sy baat gevind deur die versorging en voeding van die diere. Haar taktiel defensiwiteit het afgeneem en sy kon onophoudelik gesels (babbel) oor die diere en met hul speel. Sy moes ook aanvanklik aanleer hoe om die diere vas te hou, aangesien sy hul ook te hard gedruk het. Sy kon lank nadat haar terapeutiese proses getermineer is, steeds die emosies wat sy beleef het aan die terapeut tydens gesprekke oproep.

Sy onthou elke dier in die fynste besonderhede en doen gereeld navraag oor almal.

5.6 Gevallestudie 4: Marius

5.6.1 Biografiese Gegewens

Naam	Marius
Geboortedatum	8 April 1992
Geslag	Manlik
Huistaal	Engels
Rede vir terapie	Outisme

5.6.1.1 Agtergrondgeskiedenis

Marius is 'n pragtige seuntjie wat uit 'n baie welgestelde huisgesin kom. Hy is gediagnoseer met outisme, het erge gedragsprobleme getoon en was byna onbeheerbaar. Wanneer hy nie sy sin kon kry nie, het hy "tantrums" gegooi wat gepaardgegaan het met onbeheersde gedrag, fisieke aanvalle op die naaste persoon, byt, skree en gil en die verniel van meubels en aparate. Sy taalvermoë was egter goed ontwikkel.

5.6.1.2 Diergefasiliteerde speltherapie

Die rede waarom die navorser Marius gekies het om te beskryf, is omdat hy heeltemal ander emosies getoon het as die vorige drie leerders wat beskryf is. Alhoewel hy getoon het dat die diere hom genot verskaf, het hy heeltemal verspot en laf opgetree, wat gepaard gegaan het met onvanpaste gelag en liggaamshoudings.

Hy was gewillig om te help met die versorging van die diere, wat na 'n aanvanklike oriëntering met hom deurgewerk moes word en verduidelik moes word. Reëls en struktuur in die hantering van die diere is ook aan hom voorgehou. So moes hy byvoorbeeld dopgehou word, aangesien hy die hokke sou gaan oopmaak en groot genot daaruit put om die hase te sien uithardloop. Hierdie gedrag het in 'n obsessie ontwikkel en hy wou dit aanmekaar doen tot groot frustrasie van die ander kinders.

Sy oriëntering het langer as die ander kinders in terapie geduur en dit het veel langer geneem om aan hom hanteringsvaardighede vir sy take met diere aan te leer. Hy het die diere op alle moontlike maniere probeer vashou: hoog, laag, onderstebo, bo sy kop of met sy gesig binne in die dier s'n of tussen sy hare. Die reaksies van die diere en mense het aan hom groot genot verskaf. Hy was gereeld verbied om die diere, vir hul beskerming, vas te hou of te hanteer. Die diere was bang vir hom en het weggehardloop wanneer hy nader kom. Honde wat nog nooit voorheen vir mense gegrom het nie, het wel vir hom gegrom. Die navorser het saam met hom gestap om te verseker dat hy nie die hond seermaak nie, en die hom nie vir hom byt nie.

Sy ouers het aanvanklik geweier om 'n dier tuis aan te hou, maar op sy aandrang het hul wel later toestemming verleen dat hy 'n voëltjie mag aanhou. Die navorser het hom na die troeteldierwinkel geneem waar hy 'n voëltjie gekies het. Die sensoriese belewenis van die voëltjie wat op sy hand gesit het, het sy bewustheidsvlakke gestimuleer en aan hom groot genot verskaf. Daar was 'n merkbare ommeswaai in sy gedragpatrone. Hy het besorgdheid en betrokkenheid by die voëltjie begin wys. Hy was onder meer besorg dat die voëltjie sou wegvlieg. Hy het hom gereeld gebring

dat die navorser sy vlerke moes knip. Interessant genoeg het hy ook nooit die voëltjie uitgehaal wanneer hy alleen was of ooit die hokkie oopgelos dat hy kon uitvlieg, soos wat hy by skool gedoen het, nie.

5.6.1.3 Evaluering van die benuttingswaarde met betrekking tot die kind se innerlike proses

Mettertyd het sy ouers ook 'n hond aangeskaf. Hy het nog nie al sy obsessiwiteit en lawwe optredes ontgroei nie en die hond is wel bang vir hom, maar hy het wel 'n groot verandering in 'n positiewe rigting getoon wat dui op vordering met betrekking tot sy bewustheidsvlakke. Daar moes gereeld toesig gehou word wanneer hy met die hond verkeer en herhaalde instruksies gegee word van hoe om die hond te hanteer, om sodoende die hond te beskerm. Met betrekking tot sensoriese betrokkenheid by sy omgewing is daar 'n merkbare verbetering. Waar Marius aanvanklik ongekontroleerd opgetree het, is sy kontakmaking met sy omgewing meer gepas en georden. Hy funksioneer beter binne strukture en sy optrede ten opsigte van ander om hom het merkbaar verbeter.

5.7 SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Vervolgens sal die studie saamgevat en ge-evalueer word en met die nodige gevolgtrekkings en aanbevelings toegelig word. Die bespreking begin met die evaluering van hoofstuk een.

5.7.1 Evaluering van die navorsingsmetodiek wat gevolg is

Hoofstuk een bied 'n algemene inleiding en oriëntering tot die studie. Hierdie hoofstuk bied die struktuur en rasionaal vir navorsing. Die navorsingsmetodologie word bespreek deur die motivering vir die studie, die probleemformulering, doel en doelwitte duidelik en gestruktureerd uiteen te sit. Hieruit vloei die navorsingsvrae en die benadering wat tydens die navorsingsproses gevolg is. Die prosedure en werkwyse gaan die voorondersoek voor, waar agtergrond met betrekking tot die keuse van geselekteerde konsepte uiteengesit word.

Die universum, steekproef en steekproefprosedure word verder bespreek waarna etiese aspekte kortliks uiteengesit word. Sleutelkonsepte vir die studie is gedefinieer waarna die probleme en

beperkings van die studie uiteengesit is. Die hoofstuk eindig met 'n kort uiteensetting van die opvolgende hoofstukke vir die verhandeling.

5.7.2 Algemene gevolgtrekkings

- (a) Die navorser het deur middel van die beskrywende navorsingsontwerp daarin geslaag om 'n volledige prentjie te konstrueer van die benuttingswaarde van diergefasiliteerde speltherapie met die kind met outisme, vir professionele gebruik;
- (b) Die keuse van die kwalitatiewe navorsingsbenadering in die empiriese gedeelte van die studie is met sukses toegepas aangesien die model se sukses, *per se*, nie meetbaar is nie, maar die benuttingswaarde van die navorsingsresultate gebruik kan word.
- (c) 'n Leemte in die studie is dat die gevallestudies oor 'n tydperk van twee jaar geskied het wat die studie kenmerke van 'n longitudinale benadering kon gee. Die prognose van die respondente in al die gevallestudies was swak; tog kan die illusie ontstaan dat onafhanklike veranderlikes wat nie die benutting van diere dus insluit nie, aanleiding tot verbeterde kontakfunksies kon gee. Die graad van wetenskaplikheid van die studie sou hoër gewees het indien die navorser in elke gevallestudie moontlike tussenkomende of onafhanklike veranderlikes kon identifiseer en hul moontlike uitwerking op die studie kon noem.

5.7.3 Evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van bepaalde aspekte in Hoofstuk een

Vanuit bogenoemde inligting is die volgende aspekte in meer detail ge-evalueer met bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings:

- Wyse waarop die probleem aangespreek is;
- doel en doelwitte van die studie;
- navorsingsvraag;
- gevallestudies as data insamelingsmetode.

➤ **Wyse waarop die probleem aangespreek is**

Tydens die formulering van die probleem vir hierdie navorsing is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar tans weining opgetekende navorsing oor die benuttingswaarde van diergefasiliteerde speltherapie met die kind met outisme bestaan. Weens die feit dat hierdie veld dus weinig verken is, mag dit impliseer dat die gebruik daarvan onderbenut word. Die taak van die navorser was om die mees toepaslike navorsingswyse te selekteer ten einde die mees doeltreffende resultaat te verkry. Die wyse waarop die probleem geformuleer is, het die rigting vir die studie bepaal en kon duidelike struktuur vir die daarstelling van 'n formele doel gee.

➤ **Bereiking van die doel van die studie**

Die navorser se poging om diergefasiliteerde speltherapie te gebruik om die lewenskwaliteit en bewuswording soos in Gestalt, by die kind met outisme te verhoog, te bereik, was die oorhoofse doel van die studie. Dit is soos volg formeel gestel:

“Om die benutting van diergefasiliteerde speltherapie met die leerder/kind met outisme wetenskaplik te beskryf ten einde die benuttingswaarde daarvan te ontsluit.. Die navorser kon daarin slaag om diere as hulpmiddel by die terapeutiese sessies met die leerder met outisme te integreer.

Die diere het groot vreugde en opgewondenheid verskaf vir die leerders wat lief was vir diere en die interaksie geniet het. Aangesien deelname nie geforseer kan word nie, was 'n langer tydperk nodig om die beste resultate te kon waarneem. Elke leerder se proses was in aanmerking geneem. Dit wil dus voorkom of die navorser deur die benutting van diergefasiliteerde speltherapie te beskryf, wel daarin kon slaag om die doel van die studie te bereik.

➤ **Bereiking van Doelwitte**

Die verhoogde bewuswording, kontakgrense en sensoriese ingesteldheid, soos in die gestaltbenadering omskryf kon geïntegreer word binne die aard, omvang en invloed van outisme. Verder kon die doelwit, naamlik om 'n kliniese beeld van die kind met outisme te bied, bereik word

ten einde die toepaslikheid binne die studie te versinnebeeld. Deur die bestaande literatuur oor diergefasiliteerde speltherapie te bestudeer kon die navorser 'n duidelike beeld vorm van die toepaslikheid daarvan binne die navorsingsgrense en sodoende die doelwit bereik.

Die navorsing en literatuurstudie het die navorser se kennis verbreed en het ook baie van die waarnemings bevestig.

➤ Beantwoording van die navorsingsvraag

Die navorsingsvraag is: Wat is die benuttingswaarde van diergefasiliteerde speltherapie met die kind wat presenteer met outisme binne klasverband? Dit kan soos volg beantwoord word.

Die benuttingswaarde van diergefasiliteerde speltherapie met die kind wat presenteer met outisme binne klasverband kan daarin gevind word dat dit die kind of leerder met outisme tot 'n bewustheidsvlak – soos beskryf binne die gestaltbenadering - begelei wat weer op sy beurt aanleiding gee tot verhoogde sensoriese kontak met die omgewing. Die verhoogde kontakfunksies kon nie op ander wyses bewerkstelling word nie. Die benuttingswaarde lê verder daarin gesetel dat die toepaslikheid daarvan nie ingewikkelde opleiding van die fasiliteerder verg nie. Die basiese beginsels van diergefasiliteerde speltherapie behels geen psigo-terapeutiese ingrepe nie en die dier word dus die terapie.

5.7.4 Belangrike Aspekte wat vanuit die Navorsing na vore gekom het

Diergefasiliteerde terapie kan van nut wees in die hulpverleningsprogram aan die kind met outisme. Indien die kind van diere hou en hul stimulerend vind, mag dit help met die opwekking van die aandagvlak, asook die teenoorgestelde, naamlik die afwenteling van oorreaksies. Die navorsing kon beskryf dat die aandagspan verleng en dat diere 'n kalmerende invloed het.

Deur spel kan kinders baie leer. Kinders raak meer georganiseer in hul vermoë om take uit te voer, ontwikkel ruimtelike oriëntering en motoriese vaardighede deur die manipulasie van hul liggame. Deur met vriendelike en saggearde diere te speel mag die kind sonder enige inspanning en onwetend hierdie vaardighede ontwikkel en verbeter. Baie van die leerders se spel is beperk;

dus moet vir hulle aksies aangeleer word, en ook moet die beskerming van die diere in aanmerking geneem word.

Die klassieke omskrywing van speltherapie impliseer dikwels metodes en tegnieke eie aan die kind se ontwikkelingstadia. In die geval met die kind wat met outisme presenteer, geld dit nie. Speltherapie as hulpmiddel – soos wat dit tradisioneel beoefen word - is dikwels nie kragtig genoeg om verandering in gedrag by die kind met outisme te bewerkstellig nie. Deur diergefasiliteerde speltherapie te benut word die dier dus die terapie en die speelpatrone van die kind rondom die gedrag en optrede van die dier gevestig. Die volgende gevolgtrekking is baie belangrik vir hierdie studie.

- Terapeutiese vordering by die kind met outisme is relatief en fokus op die primêre take soos gevind in die gestaltbenadering. Dit omsluit dus bewustheid, dialoog en proses in.
- Vordering by die kind met outisme geskied oor tyd en is moeilik meetbaar. Vordering kan alleenlik gesien word indien dieselfde persone oor 'n periode by die kind betrokke is. Ouers is dikwels hier 'n groot bron van ondersteuning en hulp.
- Geen klassieke of tradisionele ontwikkelingsdinamika kan in die geval van die kind met outisme toegepas word nie.
- Elke kind is uniek en reageer anders op diergefasiliteerde speltherapie.

5.7.5 Beperkinge en leemtes wat gedurende die studie ondervind is

Die volgende beperkinge en leemtes is deur die navorser tydens die studie ondervind en word kortliks gelys.

- Die keuring van diere met die regte temperamente het tyd geneem en was duur;
- Die fisiese versorging van die dier oor 'n tydperk (twee jaar) het aandag, tyd en geduld geverg, en die hokke van die diere was nie altyd geskik nie;
- Daar moes baie energie en entoesiasme van die terapeut se kant gekom het, aangesien die kind met outisme op sig self baie eise aan die terapeut/navorser gestel het.;

- Die aktiwiteite met die kinders en die diere was uitputtend en die terapeut/navorsers moes aktief en fiks gewees het;
- Meer hande was nodig om te help met die aanvanklike beskerming van die diere aangesien die leerders nie besef hoe hard hul druk of vashou nie. Hulle het soms baie hardhandig met die diere gewerk, tot groot ontsteltenis van die terapeut. Die hantering van die diere het soos die terapie aangegaan het handomkeer verander;
- Die terapeut moes self opstruksies rondom die hantering van diere oorkom en moes self besef dat sy lief is vir diere; en
- Die terapeut moes bewus wees van die gesondheidsfaktor wat die diere vir die leerders mag inhou en dit voordurend as prioriteit beskou.

5.8 Aanbevelings

Op wetenskaplike vlak kan die volgende aanbevelings gemaak word:

- Die spelterapeut moet binne die praktyk herhaaldelik bewus gemaak word van die belangrikheid van 'n teoretiese vertrekpunt jeens komponente van hulpverlening indien oorweeg word om met die kind met outisme te werk. Hierdie vertrekpunt moet ook met sowel die uitvoering van navorsing as die beoefening van Speltherapie as spesialisingsveld in stand gehou word.
- Die spelterapeut in die praktyk moet oor deeglike kennis van alle komponente van belang binne die funksioneringsveld van outisme beskik. Die sukses van 'n hulpverlening aan die kind met outisme begin by die verstaan van die aard en funksionering van die gedragpatrone binne die sistemiese verband.
- Die spelterapeut moet toegerus word om bewus te wees van die gevolg wat nie-liniêre uitkomst op die hulpverleningsproses mag hê en om hierdie nie-liniêre uitkomst ooreenkomstig die behoeftes van die kind en sy omgewing te bestuur.

Op persoonlike vlak kan die volgende aanbevelings en opmerkings gemaak word:

Die navorsers voel dat hierdie navorsing beslis die moeite werd was en dat kinders met outisme die voordeel uit hierdie navorsing getrek het. Die aard en omvang is egter van so 'n aard dat die

navorsers sal aanbeveel dat spelterapeute wat diergefasiliteerde speltherapie met die kind met outisme wil onderneem, hul deeglik vergewis van die aard en omvang van die intervensie. Goeie, kreatiewe en effektiewe beplanning is nodig, anders verloor die kind belangstelling en die terapie mag blyk onsuksesvol te wees.

Die mees effektiewe manier is wel as die diere by die terapeut se spreekkamer aangehou kan word en amper deel vorm van die uitleg. Hieraan is daar ook kostes verbonde, want die versorging, wat kosgee en skoonmaak van hokke betref, moet deurlopend geskied. Die honde moet ook gereeld geneem word om te gaan stap vir oefening. Hierdie diere moet voldoen aan die vereistes wat benodig word vir die terapie en gewoonde wees aan verskillende kinders.

'n Ander alternatief sal wees om hokke by die skool op te rig waar die kinders met toesig deur die hokke kan beweeg en op 'n meer gereelde basis kontak kan hê met die diere. Hieraan is ook kostes verbonde, wat in aanmerking geneem sal moet word. Vakansiereëlings sal ook deeglik moet geskied.

Vir die navorsers skep dit ook 'n geleentheid om leerders te leer hoe om die diere te versorg, verantwoordelikheid te aanvaar, liefde te openbaar en te beplan. Hier is 'n goeie geleentheid vir die kinders om sensoriese kontak te hê. Hierdie projek kan lei na die arbeidsmark waar leerders ná skool miskien kan gaan werk in 'n troeteldierwinkel en help met die versorging of selfs as die geleentheid hom voordoet, op 'n plaas. Dan is die nodige vaardighede reeds aangeleer en/of die taktiese defensiwiteit reeds oorwin.

5.9 Slotopmerkings

Diergefasiliteerde speltherapie is 'n dinamiese alternatief in hulpverlening aan die kind met outisme. Dis 'n hulpverleningsmiddel wat in 'n ander wêreld, apatiese wêreld verligting bring en gesigte laat ophelder.

Die praktiese probleme is nie onoorkombaar nie. 'n Gemotiveerde spelterapeut wat georganiseerd is en liefde vir diere het, kan hierdie probleme maklik oorbrug en die hulpmiddel met sukses implementeer.

BIBLIOGRAFIE

ALTSCHULER, E. L. 1999. *Pet –facilitated therapy for posttraumatic stress disorder*. Journal , US Kluwer Academic.

Autism South Africa Journal – *Information for parents* {sa}.

BECK, A. M. *The use of Animals to Benefit Humans: Animal-Assited Therapy*. In Fine, A. 2000. *Animal Assisted Therapy*. Academic Press.

BERG, B.L. 1998. *Qualitative Research methods for the social sciences*. Boston: Allyn & Bacon.

BEYER, J. and GAMMELTOFT, L. 2000. *Autism & Play*: Jessica Kingsley Publishers : London and Philadelphia.

BFM:lla:a:autism.lec.1992.

BLOM, R. 2004. *Handbook of Gestalt Play Therapy*. Fichardpark: Druforma.

BRASIC, J. R. 1998. *Pets and health*. Journal.

BREAM, J. A. & SPANGLER, W. Q. Jr. {sa} *Therapeutic Horseback Riding*.

BRODIE S.J., BILEY F.C. & SHEWRING M. 2002. *Journal of clinical nursing* www.microserve.net/~eclogue/thr3.html.

CAMP, R. 1997. *Strategic Interviewing: How to hire good people*. San Francisco Jossea:Bass

CAULFIELD, R. 2000. *Beneficial Effects of Tactile Stimulation on Early Development*. Early Childhood Education Journal. Vol. 27 No. 4.

CRIBBIN V, LYNCH H, BAGSHAW B & CHADWICK K. 2003. *Sensory Integration Onformation Booklet*: Sensory Integration Network –U.K. & Ireland.

DELPORT, C.S.L. *Quantitative data collection methods*. In De Vos, A.S. 2002. *Research at Grass Roots 2nd edition*. J.L. van Schaik Publishers.

DENNISON, PAUL E. 1989, *Brain Gym Teacher's Edition Revised*. Educational Kinesiology Foundation.

DE VILLIERS, J. November 2004. *Terapeutiese Perdry ter bevordering van bewusheid by die kind met fetale alkoholsindroom*. Ongepubliseerde MA Skripsie. Universiteit van Suid-Afrika.

DEY, I. 1993. *Qualitative data analysis: a User-friendly guide for social scientists*. New York: Routledge.

DIAGNOSTIC and STATISTICAL MANUAL of MENTAL DISORDERS (DSM IV) Washington DC 1994. American Psychiatric Association. 4th Edition.

EDWARDS, D.R. & BRISTOL, M.M. 1991, *Autism: Early Identification and Management in Family Practice*: University of Arkansas & University of North Carolina.

FINE, A. 2000. *Animal Assisted Therapy*: Academic Press California.

FOUCHE, C.B. *Problem formulation*. In De Vos, A.S. 2002. *Research at Grass Roots*. J.L. van Schaik Publishers, Pretoria.

FOUCHE C.B. *Research Strategies*. In De Vos A.S. 2002. *Research at Grass Roots*. J.L. van Schaik Publishers, Pretoria.

FOUCHE, C.B. & DELPORT, C.S.L. *Introduction to the research process*. In De Vos, A.S. 2002. *Research at Grass Roots*. J.L. van Schaik Publishers, Pretoria.

FRASER, E.M. 1998. *Selfbeeldbou van die Primêre Skoolkind in 'n Kinderhuis met behulp van Speltherapeutiese Tegnieke*: Ongepubliseer D Phil Proefskrif Universiteit van Pretoria.

FREDRICKSON, M. & HOWIE, A.R. Guidelines and Standards for Animal Selection in Animal-Assisted Activity and Therapy Programs. In Fine, A.. 2000. *Animal Assisted Therapy*: Academic Press California

FRIEDMAN, E. *The Animal – Human Bond: Health and Wellness*. In Fine, A.. 2000. *Animal Assisted Therapy*: Academic Press California

FROST, M.S. & BONDY, A. 2002, *The Picture Exchange Communication System*: Pyramid Educational Products, Inc.

GRAHAM, B. 1999. *Creature Comfort- Animals that heal*. F.A.Thorpe (Publishing) Anstey, Leicestershire

GRANGER, B.P. & KOGAN, L. *Animal-Assisted Therapy in Specialized Settings*. In Fine, A. 2000. *Animal Assisted Therapy*: Academic Press California.

HART, L.A. *Psychosocial Benefits of Animal Companionship*. In Fine, A. 2000. *Animal Assisted Therapy*: Academic Press California.

HART, L.A. *Understanding Animal Behavior, Species, and Temperament as Applied to Interactions with Specific Populations*. In Fine, A. 2000. *Animal Assisted Therapy*: Academic Press California.

HOOKER, S.D., FREEMAN, L.H. & STEWART, P.: *Holistic Nursing Practise 2002, Vol. 16 Issue 5.*

INLIGTINGSTUK ten opsigte van OUTISME deur Onderwysers van Vera Skool ter inligting van tegniek. 2000.

- Norris, N.;
- Stodel, D.;
- Minnaar, S.;
- Leendertz, A.;
- Reed, C.;
- Travis, J.
- Rinquest, E.

JORDAN R. 1999. *Autistic Spectrum Disorders*. David Fulton Publishers, London.

JORDAN, R. 2001, *Kongres oor Outisme 2001*
<http://www.awod.com/gallery/rwav/pblevins/zoques.ht>.

JORDAN, R. 2001, *Autism with severe Learning Difficulties*. Souvenir Press (E&A) Ltd : London.

JOYCE, P. & SILLS, C. 2003. *Skills in Gestalt Counselling & Psychotherapy*. London: Sage Publications.

JUDD, C.M. 1991. *Research Methods in Social Relations*. Worth: Harcord Brace College. 6th Edition.

KENNEDY, C. 2003. Referaat gelewer tydens klasbesprekings: *Contact Process and Interruptions* (M Dipt 1 – U).

KOTSCHUBA, E. 2004. Vera Skool Nuusbrieff.

LATNER, J. 1992. *The Theory of Gestalt Therapy*. Gestalt Institute of Cleveland (GIC) Press. Gordon Wheeler Publisher. <http://www.g-g.org>.

MURRAY-SLUTSKY, C. & PARIS, B.A. 2000. *Exploring the Spectrum of Autism and Pervasive Developmental Disorders*. Therapy Skill Builders , USA.

OAKLANDER, V. 1978. *Windows to our children*. Utah: Teal People Press.

OAKLANDER, V. 1988. *Windows to our children: A Gestalt therapy approach to children and adolescents*. 2nd edition. New York: The Gestalt Journal Press.

PATTON, M.Q. 2001. *Qualitative research and evaluation methods*. 3rd edition. Thousand Oaks, California : Sage Publication

PEETERS, T. & GILLBERG, C. 2003. *Autism: Medical and Educational aspects*. London: Whurr Publishers. 3rd Edition.

PERLS, F. 1973. *The Gestalt Approach and Eye Witness to Therapy*. Science and Behaviour Books USA.

POLSTER, E. & POLSTER, M. 1973. *Gestalt Therapy Integrated*. New York: Brunner/Mazel, Publishers Books.

RUMBLE, S., 2003. Referaat gelewer tydens klasbesprekings: *Awareness in Gestalt Therapy*. (M Dipt 1 – U).

SCHOEMAN, J.P. *Forms of play and techniques*. In Schoeman, J.P. & Van Der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world*. Kagiso Publishers: Pretoria.

SCHURINK, W.J. 1998. *Participant Observation*. In De Vos, A.S. (red), *Research at grass roots: a primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik.

SERPELL, J.A. *Animal Companions and Human Well-Being: An Historical Exploration of the Value of Human – Animal Relationships*. In Fine, A. 2000. *Animal Assisted Therapy*: Academic Press California

SHATTOCK, P. & WHITELEY P. *Dietary Interventions for the Treatment of Autism and related Syndromes*. Autism South Africa {sa}.

STEPHENSON, F.D. and O'CONNELL (Eds). 1975. *Gestalt Therapy primer Introductory readings in Gestalt Therapy*. Thomas Books: USA.

STRYDOM, H. *Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions*. In De Vos, A.S. 2002. *Research at Grass Roots 2nd edition*. J.L. van Schaik Publishers, Pretoria.

STRYDOM, H. & DELPORT, C.S.L. *Sampling and pilot study in qualitative research*. In De Vos, A.S. 2002. *Research at Grass Roots*. 2nd edition. J.L. van Schaik Publishers, Pretoria.

STRYDOM, H. & VENTER, L. *Sampling and sampling methods*. In De Vos, A.S. 2002. *Research at Grass Roots 2nd edition*. J.L. van Schaik Publishers, Pretoria.

TESCH, R. 1992. *Qualitative Research, Analysis, Types and Software Tools*. London: The Farmer Press.

TISCHLER T.M. 1983. *Pet Therapy*. Journal US.

TREVARTHEN, C., AITKEN, K., PAPOUDI, D., ROBERTS, J. 1996, *Children with Autism*: Jessica Kingsley Publishers: London and Bristol, Pennsylvani

VAN DER HORST, H. & McDONALD, R. 2001, *Outcomes-Based Education: Theory and Practice*: Kagiso Publishers.

VAN HEERDEN M. 2002. *Tydskrif van die Ned. Hervormde Kerk*. MDiac 2003.

VAN HEERDEN M. & DU PREEZ, 2002. *Promoting Positive Human-Animal Interaction*. Department of Social, Work University of Pretoria.

VERA SCHOOL FOR AUTISTIC LEARNERS: *Autistic Features Checklist*. Ongepubliseerd vir onderwysers. Rondebosch-Oos.

YONTEF, G.M. 1993. *Gestalt Therapy an introduction in Awareness Dialogue and Process*. London: The Gestalt Journal Press.

YONTEF, G. 1993. *Awareness, Dialogue and process – Essays on Gestalt Therapy*. The Gestalt Journal Press: New York.